Attie van Niekerk

Sáám in Afrika

Agterblad

In die nuwe Suid-Afrika ná 2 Februarie 1990 gaan dit nie bloot om die aftakeling van apartheid en die vestiging van ‘n regverdiger bestel nie. Dit gaan om iets veel meer omvattends en moeiliks: die vind van ‘n verhouding tussen twee geesteswêrelde. Die uitdagings wat gepaard gaan met dié eerste werklike ontmoeting van die Westerse kultuur en die onpeilbare gees van Afrika, vra om die beste skeppende denke van wit én swart, aangevuur deur die regte gesindhede, en roekeloos oop vir verskille wat maar te maklik is om te ontken.

Sáám in Afrika is ‘n insiggewende boek, wat sonder omhaal van woorde wys op die onderliggende uiteenlopendhede wat oorbrug sal moet word. Die toekoms van Suid-Afrika, sê die skrywer, hang daarvan af of ons almal saam daarin kan slaag om ‘n sinvolle patroon van samewerking uit te werk.

Prof. Attie van Niekerk het ‘n lewenslange verbintenis met die sending. Sy vader was dosent aan die Stofberg-Gedenkskool, en hy is lans rektor van die Teologiese Skool Stofberg aan die Universiteit van die Noorde, waar predikante vir die NG Kerk in Afrika opgelei word. Hy is getroud en het vyf kinders.

Tafelberg

ISBN 0 624 03115 2

Strepieskode 9 780624 031154

Attie van Niekerk

Sáám in Afrika

Tafelberg

Opgedra aan ons kinders, Corrie, Anneke, Adriaan, Betsie en Antoinette

Deur dieselfde skrywer: *Dominee, are you listening to the drums?*

© 1992 A. S. van Niekerk

Tafelberg-Uitgewers Beperk,

Waalstraat 28,

Kaapstad 8001

Alle regte voorbehou.

Geen gedeelte van hierdie boek mag sonder skriftelike verlof van die uitgewer gereproduseer of in enige vorm of deur enige elektroniese of meganiese middel weergegee word nie, hetsy deur fotokopiëring, plaat- of bandopname, vermikrofilming of enige ander stelsel van inligtingsbewaring.

Omslagontwerp deur Abdul Amien

Geset in 10 op 12 pt Plantin Monotype

Gedruk en gebind deur Nasionale Boekdrukkery, Goodwood

Eerste uitgawe 1992

Tweede druk 1992

ISBN 0 624 03115 2

Feite berus altyd op ‘n insig. Wie geen insig het nie, geen visie, sien geen feit nie. Wie ‘n insig het, sien alleen die feite wat by sy insig pas, vir die res is hy blind. Wie nuwe feite wil sien, moet sorg vir ‘n nuwe insig.

J. H. VAN DEN BERG

... nie die lewe wat die dood ontwyk en hom van die verwoesting suiwer hou nie, maar wat die dood verdra en dit bewaar, is die lewe van die gees. Hy verkry sy waarheid slegs deurdat hy homself in die absolute verskeurdheid vind. Hierdie mag is hy nie as die positiewe wat hom van die negatiewe afwend, soos wanneer ons van iets sê: dit is niks of dit is verkeerd, en dan, nadat ons dit vasgestel het, daarvandaan verder oorgaan tot iets anders nie; maar hy is hierdie mag alleen deurdat hy die negatiewe in die oë kyk; daarby verwyl. Hierdie verwyl is die toorkrag wat dit wat nie bestaan nie verander in iets wat bestaan.

HEGEL

Daar bestaan geen Ek op sigself nie, maar uitsluitend die Ek van die grondwoord Ek - U en die grondwoord Ek - Dit.

MARTIN BUBER

‘n Mens hoef nie te hoop om te onderneem, ‘n mens hoef nie te slaag, om te volhard nie.

WILLEM DIE SWYGER

Inhoud

Voorwoord 1
DEEL I Ontmoeting 3
1 Anderse groothede 3
2 Die ui en ek 8
3 Proeflopie op Stofberg 14
4 Konflik op die kampus 17
5 Onderliggend by onderhandeling 25
6 Die ou gelowe 31
7 Album 36
DEEL II Betragting 53
8 Twee Nederlanders 53
9 George en Jung 61
10 Ons tuiskoms in Afrika? 65
11 Die seuns van die sendelinge 72
12 Nadere kennismaking 78
Bronnelys 88
Leeslys 89

Voorwoord

In 1990 vertel ek prof. C.A. van Peursen, hoogleraar in Wysbegeerte aan die Rijksuniversiteit van Leiden en skrywer van *Cultuur in stroomversnelling: Strategie van de Cultuur*, van ons studente aan die Universiteit van die Noorde se verset. Hy vind heelwat ooreenkomste met die studenteonluste wat in 1968 by hulle in Europa losgebars het.

Maar hoe hanteer ‘n mens dit?

Hy antwoord met die wysheid wat uit ervaring kom: “Alles wat jy doen, sal verkeerd wees. Maar jy moet probeer interpreteer wat gebeur. Namate al die partye beter begin begryp wat gebeur en waarmee hulle besig is, so word daar gevorder tot ‘n sin volle optrede.”

Presies dit is waarom dit ook in die groter verband in ons land gaan, waar die Weste en Afrika ‘n vergelyk met mekaar aan die harde werklikheid moet ontworstel.

Begryp ons wat hier by ons gebeur? Of liewer, het ons al begin begryp? Telkens dink ek: nou verstaan ek iets. Dan gebeur die onverwagte, en dan verstaan ek niks. Maar ons moet aanhou probeer.

Ons, wit en swart, moet aanhou probeer. Want wat hier volg, is maar een blad van wat eintlik ‘n tweeluik moet wees. Terwyl ek stoei om te verstaan, kan ek alleen my eie persepsie en belewing gee van ‘n swart wêreld waarmee ek onlosmaaklik verstrengel is, en wil wees. Maar hoe lyk dit van die ander kant af, hoe belewe Afrika die Weste, hoeveel van wat ons Westerlinge as normatief aanvaar, vind Afrika op sy beurt vreemd en bevreemdend? En hoe kan enigeen van ons twee sonder meer aanvaar dat dit ons is wat oor die finale lewensinsig en wysheid beskik?

Die antwoord, glo ek met my hele hart en verstand, setel in die Bybel as die Woord van God, wie se transendente lig ons op sowel die Westerse as die Afrika-kultuur moet laat val.

Hierdie poging om eie ervaring te interpreteer, is die resultaat van spanwerk – ons is baie mense wat saam probeer sin maak uit gebeure.

Graag erken ek die bydrae – dikwels sonder dat ‘n mens dit eens agterkom – van vriende, kollegas, studente, my ouers en my vrou, Carol, wat in alles mét my was.

‘n Groot dankie vir mev. Babbie Herholdt, wat altyd bereid was om, tussen ander pligte deur, wéér ‘n keer alles te verander op die woordmeul, en nooit ongeduldig geraak het nie.

Méér as ‘n dankie vir Rykie van Reenen in haar hoedanigheid as vroedvrou *extraordinaire* - sy het die keisersnee uitgevoer en die kind se lewe gered.

Attie van Niekerk

Turfloop

Januarie 1992

DEEL I
Ontmoeting

1 Anderse groothede

Namate apartheid verdwyn en ons al meer gemengde gemeenskappe kry, al meer wisselwerking tussen wit en swart, is goeie gesindhede ‘n voorvereiste - maar nie genoeg nie.

Vir ons het dit vandag van die grootste belang geword om te besef wat die aard is van die magte wat hier teen mekaar stoot. Alleen dan kan ons hoop om dit te hanteer.

Die verhouding tussen Europa en swart Afrika is reeds duisende jare oud. In weerwil van die fisieke afstand was daar altyd ‘n mate van verkeer tussen die twee wêrelde. Dit het egter nie gelei tot ‘n intieme verhouding of ‘n baie vrugbare wisselwerking nie.

Die Weste met sy woelige, amper woedende, aktivisme, sy energie, sy begeerte om alles te ondersoek, te beheers, te verander en te vernuwe, is in wese vreemd aan Afrika se tradisionele verlange om die harmonie en ewewig van dinge te handhaaf.

In die koloniale tyd het die Weste sy wil aan Afrika opgedwing.

Daarna het hy hom onttrek - in sommige kolonies binne dae – en sy drang, sy ideale, sy drome om Afrika te ontwikkel en te omvorm, verloor. In die eerste nakoloniale jare het hy skuldig gevoel oor sy uitbuiting en sy rassisme, en om dit te probeer goedmaak byna blindelings hulp in Afrika ingepomp. Sedertdien hoor ‘n mens al meer uitsprake dat die Weste hom van Afrika ontkoppel (“disconnect”), ook as gevolg van verwikkelinge in Oos-Europa. Die opvatting wen al meer veld dat Afrika ‘n “verlore vasteland” is: Westerse leiers se geduld en gewete raak “opgebruik” deur al die beskuldigings teen en eise aan hulle, terwyl die een projek in Afrika na die ander hom te pletter loop teen korrupsie, apatie, ‘n onbeteuelde bevolkingsaanwas en natuurrampe.

Maar die Afrikaner het as Europeër agtergebly, en kan hom nie onttrek nie. Hy het in Afrika wortelgeskiet: ‘n stuk dryfhout op die oewer wat begin groei nadat die vloed gesak het.

Dis iets nuuts: die eerste Europese volk wat sy identiteit moet vind in sy verhouding met Afrika.

Ons het die konflik en die problematiek van die verhouding probeer systap deur ons apart te hou. In reaksie daarop probeer baie nou om die problematiek te ontvlug deur te maak of daar geen diepe verskille is nie: onder die vel is ons maar eintlik eners, daar’s geen probleem nie. Ek het al te veel gesien hoe men se met goeie gesindhede

gefrustreer raak omdat hulle die werklikheid van verskil nie wou erken nie, en derhalwe nie die vaardigheid en perspektief ontwikkel het om dit te hanteer nie.

Dit gebeur by herhaling dat mense aan die linkerkant van die blanke spektrum met ‘n oordrewe, byna blinde, goedgesindheid na die swart gemeenskap kom. As die swart mense dan nie optree en reageer volgens hulle siening van wat reg en goed is nie, dan maak sulke linkses vinnig regse geluide.

Hier by ons op Turfloop was so ‘n dosent, wat taamlik smalend en meerderwaardig neergekyk het op ander dosente wat hy beskou het as verkramptes. Toe kom die tyd van studenteonrus. Op ‘n dag, midde-in intimidasie deur opstandiges om eksamens te boikot, loop hy oor die binneplein met ‘n arm vol eksamenskrifte. ‘n Student kom hom teen, en eis die skrifte op. Die dosent weier en sit hom teë. Die student haak af en klap hom dat hy steier.

Toe lag die ander dosente. Hulle sê daardie klap het hom skoon uit die Progressiewe Party geklap, dwarsdeur die Nasionale Party, tot binne-in die regterkliek van die Konserwatiewe Party.

Ek is baie bekommerd dat diegene in ons wit gemeenskap wat teen apartheid was en is, dit nie gaan regkry om by apartheid verby te kom nie. Ons voel dikwels baie selfingenome as ons die onreg van die ou strukture, al die teenstrydigheid en domheid daarvan, erken en veroordeel. Dan is ons tevrede, want ons reken ons het afskeid geneem van apartheid.

Ons pas die woorde van N.P. van Wyk Louw op onsself toe: “Hoe kan ‘n klein volk lank bly voortbestaan, as hy iets haatliks en iets boos is vir die beste binne – of buite – hom?” (1986a:463). Die bestes van ‘n volk kan nie vrede maak met die onreg in die stelsel, met die sondes van die vaders nie.

Maar dan ignoreer ons die dieper probleem wat toe nie deur apartheid opgelos is nie, trouens net daardeur vererger is. Dit is die werklikheid dat daar in Suid-Afrika twee wêrelde, twee geesteswêrelde, is en dat ons nog geen op lossing het vir die vraag hoe hulle binne dieselfde ruimte geakkommodeer moet word nie.

Op ‘n besoek aan Amerika en Holland in 1990 het ek onder die indruk gekom dat daar in hierdie lande ‘n groeiende bewuswording is van die bestaan van ‘n “wit wêreld” en ‘n “swartwêreld”. Tevore was party mense ongemaklik om in sulke terme te praat vanweë die gevoel dat ‘n mens ‘n morele oordeel oor ‘n ander vel as jy sê hy is “verskillend”, dat hy nie dink en optree volgens jou norme nie. Nou skyn daar ‘n groter aanvaarding van en waardering vir kulturele verskille te wees - maar ook ‘n besef dat sulke verskille wel misverstande en konflik in die hand werk, en dat hulle as werklikheid aanvaar en ooreenkomstig behandel moet word.

Die Nobelpryswenner vir letterkunde, Wole Soyinka van Nigerië, skryf van die groeiende ontsteltenis, selfs die gevoel van verraad, waarmee hy en ander toekyk hoe van swart

mense geverg word "... to embrace a 'sophisticated' school of thought which (for ideological reasons) actually repudiates the existence of an African world!" (1976:ix-x).

Hy sien dit as 'n poging om 'n tweede tydvak van kolonisasie in te lui, waarin swart mense genooi word om hulle te onderwerp aan die Westerse wêreld, sy geskiedenis, sy sosiale neuroses en sy waardestelsels. Mense in die stad sê vir my: Afrika het byna heeltemal verwesters. Ek sê: Dit is nie óns ervaring nie.

Dit is nie wat ek bevind het by die deurwerk van die verse van die voorste swart digters van die jare sewentig in die townships nie - mense soos Oswald Joseph Mtshali, Mongane Wally Serote, Sydney Sipho Sepamla en Mafika Pascal Gwala, wat 'n gesofistikeerde Westerse leefwyse voer, maar in wie se poësie diepe ondertone van 'n Afrikawêreldbeskouing pols.

Dit is nie wat spreek uit die woorde van die bekende skrywer Es'kia Mphahlele nie: "I was brought up on European history and literature and religion and made to identify with European heroes while African heroes were being discredited ... I later rejected Christianity. And yet I could not return to ancestral worship in any overt way. But this does not invalidate my ancestors for me. Deep down there inside my agnostic self, I feel a reverence for them" (1972:122).

Ek wil dus verder gaan. Gegee dat daar swart mense is wie se lewensbeskouing en waardes vir goed of sleg geheel en al op die Westerse lees geskoei is, hef dit die lewensbeskoulike verskille tussen Afrika en die Weste op? Kom sulkes dan nie te staan voor presies dieselfde transkulturele problematiek as die blanke in Afrika nie? Stellig in meer traumatiese vorm?

Ons is nie dieselfde nie, maar ons kan ook nie apart wees nie. Ons uitdaging is juis om 'n verhouding te vind met die ander sonder om aan hom die voorwaarde te stel dat hy soos ons moet wees.

Die filosoof Martin Buber het die ek/jy-verhouding gesien as die grondslag van die mens se bestaan. Ek, sê hy, is eers waarlik Ek in die ontmoeting met Jou. By die ontmoeting word die voorwaarde gestel dat Ek Jou moet toelaat om anders te wees as ekself.

Daar is 'n gemeenskaplikheid en daar is 'n verskillendheid, en albei moet gehandhaaf word - soos in die huwelik, so ook in die samelewing. Ontken ons een van die twee, gaan iets van ons menslikheid verlore. Verskeie mense het vir my gesê: Die goed wat jy beskryf, is water op die meul van die regses; bêre dit liewer in jou laai, dis nie nou die regte tyd nie. Dit laat my dink aan 1972 toe ons studente di. Sam Buti en Elia Tema na die NG studentekerk Universiteitsoord in Pretoria wou nooi. Ons moes toe ook hoor die tyd is nie ryp nie. Toe sê dr. Frans Geldenhuys vir ons: Die tyd is nooit ryp as ons dit nie ryp maak nie.

As die gegewe negatiewe reaksies opwek, dan is die oplossing nie om sensuur toe te pas nie. Negatiewe realiteite sal nie sommer vanself verdwyn nie. Dit moet onder die oë

gesien word, en op so ‘n wyse dat dit nie vervreem nie, maar begrip wek - en liefde aanwakker. Die soort liefde wat die harde werklikheid moet ontken om te kan bestaan, is nie goed genoeg nie. Maar wie daardie werklikheid sonder begrip en liefde bejeën, skep vrees en verwydering.

My doel is om die bietjie werklikheid wat ek ervaar het so te beskryf dat dit begrip en liefde sal wek, en ‘n basis vir saambestaan sal gee. Ná my vorige boek, *Dominee, are you listening to the drums?* (Tafelberg, 1982), wat die dieper gesindhede en wêreldbeskouing van eietydse stedelike swart digters probeer peil het, het mense vir my gesê dit het seker moed gekos om oop-oë die groot lewensbeskoulike verskille tussen die swart en wit wêrelde uit te lig. Destyds het ek dit nie so ervaar nie. Maar om nou oor hierdie dinge te skryf, laat my tog sleg slaap. Daar is lyding wat veroorsaak word deur blanke uitbuiting en onreg. Daar is lyding wat meegebring word deur diepgewortelde tradisionele beskouinge, soos byvoorbeeld dat voorspoed en teenspoed veroorsaak word deur geeste en towery eerder as deur ‘n mens se eie optrede. Die grootste probleem lê egter nie soseer by óf die een óf die ander nie, maar in die feit dat twee geweldig sterk geesteswêrelde met mekaar in botsing is, sonder wedersydse begrip of sinvolle wisselwerking. En as die olifante baklei, word die gras snuifgetrap.

‘n Mens het angs of die massiewe lyding ten opsigte van siekte (vigs daargelaat!), armoede en honger wat Afrika volgens alle aanduidings bedreig, in hierdie stadium nog afgewend kan word.

Die kwessie van hongersnood, byvoorbeeld. Reeds in 1980 het die VN daarop gewys. Wêreldvisie werk met ‘n raming dat een honderd en vyftig miljoen mense, sestig persent van Afrika se bevolking, voortdurend akute hongersnood in die gesig staar.

Dit is vir ‘n mens ‘n abstrakte syfer totdat jy self in jou gemeente met honger en met wanvoede kinders te doen kry.

Die ontsettende is dat baie van hierdie kinders op die vrugbaarste grond met volop water woon.

Onlangs hoor ek ‘n helaas tipiese verhaal: Die blanke leraar ontdek dat sy swart medeleraar se kinders aan wanvoeding ly. Die medeleraar is jonk, gegradueer, en regtig nie arm nie. Hy is ook ‘n agent vir Operasie Honger, en moet voedsel aan die armes uitdeel. Hy doen dit nie. Hy versmous ‘n deel, en groot hoeveelhede bly eenvoudig by die depot lê en verrot.

Jy praat hieroor met verkramptes, en hulle verlekker hulle in die swart korrupsie en onbetroubaarheid: dis mos wat hulle nog altyd van Afrika verwag het. Jy praat daaroor met die verligtes en hulle sê jy is negatief, jy moet ‘n bietjie aan jou gesindheid werk.

Selfs blankes wat die swart mense goedgesind is en wat graag ‘n goeie saam bestaan op hierdie subkontinent wil sien, is in twee groepe verdeel.

Die een wil veral werk aan blanke gesindhede en blankes lei tot ‘n besef en aanvaarding van hul nuwe rol in Afrika. Dis te verstaan dat hulle graag positiewe dinge oor Afrika wil voorhou, terwyl hulle terselfdertyd ‘n profetiese stem laat hoor oor blanke onreg en uitbuiting.

Die ander werk in die swart gemeenskap en worstel daar met sowel die inherente problematiek as die skaafplekke wat in transkulturele verband opduik. Die vraag hier is: hoe gaan ons hierdie dinge hanteer? Dit is waar hierdie groep se belangstelling lê.

By die eerste groep word die indruk gewek dat die tweede groep op probleme ingestel en negatief is. Ons hoor dit meermale. Die tweede groep, weer, is geneig om die eerste groep te verwyt dat hulle te maklik praat, dat hulle naïef is, dat hulle traag is om meer as kosmeties by swart mense betrokke te raak.

Dit lyk my van buitengewone belang dat die twee groepe nie van mekaar wegdryf nie. Daar bestaan werklik ‘n moontlikheid dat dit kan gebeur. Ons moet eerder ruimte laat vir mekaar se onderskeie rolle en mekaar ondersteun ter wille van die droom wat ons deel.

Die innerlike patrone van die Westerse kultuur, waarvan ons deel is, verskil nou eenmaal in belangrike opsigte van dié van swart Afrika. Dit is nie dat die een noodwendig beter is as die ander nie. Het Paulus nie al gesê ons is almal sleg nie? Gekonfrontreer met dinge soos besoedeling, vervreemding en die erosie van geestelike waardes, steek die Weste vandag die hand diep in eie boesem. Die waarheid is dat Afrika én die Weste albei goeie sowel as slegte eienskappe het. Maar omdat hulle verskil, word dieselfde dinge dikwels totaal verskillend in verskillende kringe gelees en verstaan. Dit lei tot konflik en kwaadgesindheid. Die wit wêreld het die krag van die swart wêreldbeskouing totaal onderskat. Afrika het alles aanvaar wat die Weste vir hom gegee en aan hom opgedwing het, en dit probeer inpas in die groter geheel van sy eie wêreldbeskouing. Daardie basiese geheelbeeld het hy nie prysgegee nie. Tradisionele uitgangspunte, hoewel soms oënskynlik ondergeploeg, is merkwaardig gehandhaaf. Intussen het die Weste – ook die Christelike kerk – gemeen dat Afrika se uiterlike aanvaarding van hulle aanbod die teenstellende ou dinge uitsluit.

Die Westerse kultuur en die Christelike geloof kon natuurlik nie altyd sonder meer in die ou strukture ingepas word nie. Die ou kultuur is ernstig ontwrig deur die nuwe magte. Geweldige spanning en konflik is in Afrika geskep, en lewe voort in vele van ons swart gespreksgenote - dikwels net onder die oppervlak van ‘n gesofistikeerde Westerse uiterlike. Ook dit is deel van die werklikheid waarmee ons te make het in ons onontwarbare saambestaan.

Dit is goed om ‘n historiese perspektief op ons eie tyd van omwenteling en aanpassing lewend te hou. Daar was in die geskiedenis al hoeveel traumatiese ontmoetings tussen ten diepste teenstellende kulture.

Prof. Guy Butler leen byvoorbeeld idees wat deur Nietsche in *The birth of tragedy* aangevoer is en pas hulle toe op die ontmoeting van Afrika en Europa:

> Dionysus, with his drums, his ecstatic message of self-forgetfulness in the group, of rapport with the woods and fields; Dionysus, surrounded by his singing, dancing chorus of satyrs, half-men, half-beasts; this dynamic dark god invaded Greece, and met Apollo: the god of a very different music, of the harp and the single voice; the god of measurement and rule, of light and line, of the eye, and the I, the individual consciousness.
>
> In Greece, the invader was Dionysus; in Africa the invader is Apollo. In both cases they start as enemies, but discover that they cannot do without each other, that they are complimentary (1964:9)

Dis so ‘n mooi, so ‘n idealistiese formulering, ‘n mens kon wens dit was so seker dat die twee magte ook by ons uiteindelik sal agterkom dat hulle mekaar aanvul en mekaar nodig het. Dit kan gebeur, maar dan sal ons daaraan moet werk.

Dit maak my moedeloos dat soveel van die beste koppe oor belangrike jare nie gewerk het aan die moeilike post-apartheidsproblematiek nie. Terwyl die tyd aangestap het, het hulle hulle besig gehou met die wesenlik verbygegane stryd teen apartheid, terwyl ons paartjies moes sukkel met dinge wat vir ons te groot is.

Dit lyk my na ‘n uitdaging wat die beste skeppende denke van swart én wit nodig het ... aangevuur deur die regte gesindheid, en roekeloos oop vir verskille wat maar te maklik is om te ontken.

2 Die ui en ek

Dit is ‘n gevaarlike tyd vir die jonges wat nou begin, sê oom Peter Bolink by sy afskeid.

Ons is in die teekamer van die Teologiese Fakulteit by die Universiteit van die Noorde. Prof. Bolink het jare gelede uit Holland as sendeling na Afrika gekom. Buite is die stakende studente slaags met die veiligheidsmagte. Tussen die geraas deur sê oom Peter hy is jammer vir ons jong manne (ons is wit en swart jonges daar saam).

Die gevaar, sê oom Peter, lê nie in die rumoer daarbuite nie, dis dat ‘n mens terwyl jy nog jonk is reeds sê: dit maak nie meer saak nie.

Ná wat ek die afgelope vyftien jaar van die ontmoeting tussen die wit en swart wêrelde beleef het, dink ek dikwels aan sy woorde. Dikwels het ek gevoel soos iemand wat ‘n ui afskil: skil na skil gooi jy weg. Jou oë brand. Jy begin wonder of daar ooit ‘n vaste kern in die ui is waaruit nuwe lewe kan groei.

Dit is gevaarlik as ‘n mens voor jy veertig jaar oud is, uitkom by die punt dat jy die hele ui afgeskil het en vrees dat jy niks gevind het nie.

Of het jy tog? Jy deursoek weer die skille wat jy weggegooi het vir iets bruikbaars.

Die buitenste laag van ‘n ui word eerste afgeskil. Dit was maklik om weg te gooi: ek het nooit gedink apartheid sou werk nie.

My pa was van voor my geboorte af dosent aan die Teologiese Skool Stofberg, waar predikante van die NG Kerk in Afrika opgelei word. Dit was aanvanklik by Vereeniging. In 1960, toe ek nege was, is die opleiding verskuif na Turfloop. Daar het ek dikwels gehoor wat die wit en swart predikante sê, en as student het ek begin besef: die swart sal die onreg van apartheid nooit aanvaar nie.

Vir my as jong student in die vroeë jare sewentig het dit die hoofsaak geword: die blanke moet wegbreek uit die laer van apartheid. Hebreërs 13:13 was vir my belangrik: “Laat ons dan nou uitgaan na Hom toe buitekant die laer en die smaad dra wat Hy gedra het.” Die laer: dit was die stelsel van apartheid waarmee die Afrikaner hom teen Afrika wou beskerm.

In 1973 ry vier van ons – teologiese studente , twee van Tukkies, twee van Turfloop - met ‘n deurgeroeste ou kombi deur Zimbabwe na Beira en verder met die kus van Mosambiek langs na Malawi. Ons wou voeling gaan kry met teologiese skole in (toe nog) Rhodesië en Malawi. Ons vier wou ook mekaar leer ken, en ons twee Tukkies wou uitbreek uit die laer waarin ons blankes ons verskans het.

Op pad na Beira het ons baie soldate teengekom: konvooie, soldate wat ‘n land fynkam, wagte op spooroorgange. Ons het ‘n jong Portugese soldaat opgelaai wat duimgegooi het. Hy het in gebroke Engels beduie dat hy student was in Madrid. Hy het sy eerste jaar gedruip. Alle studente wat ‘n jaar druip, moes twee jaar lank hier kom veg. Dit was toe reeds vir ons duidelik: die Portugese soldaat se huis was nie hier nie, maar in Portugal. Niks het hom en die ander Portugese gekeer om terug te gaan huis toe nie. Anders as ons, was hulle besoekers, vreemdelinge. Al was hulle vyf eeue lank hier. Ons Afrikaners se situasie was anders.

Van Mosambiek is ons oor die grens na Malawi. Dit gebeur dikwels dat besoekers ‘n baie gunstige indruk van Malawi kry. Vir ons was die verskil tussen Malawi en Mosambiek opvallend. In Malawi was daar lewe, teeplantasies, kinders wat skool toe draf, vlae langs die pad, foto’s van pres. Banda in elke winkel en kantoor, produkte in die winkels met “Made in Malawi”-etikette. Die mense was flink en nie onnodig onderdanig nie, maar vriendelik, vry. Dit was baie anders as die trae, agterlike en vuil indruk wat Mosambiek geskep het.

Vier jaar later is ek weer daar om te kyk na Afrika ontdaan van apartheid. Die ouers van ‘n swart student wat ek in Suid-Afrika leer ken het, het my buitengewoon hartlik ontvang

in hulle eenvoudige huisie. Een middag moes ek duimgooi van Lilongwe na Zomba, want die bus was vol.

My vriend Andries Odendaal, by wie ek daar gaan kuier het, het gesê: “Jy is seker nou op die veiligste plek op aarde. ‘n Kwaaddoener loop nie hier los nie. Misdaad word net nie geduld nie.”

Halfpad na Zomba het ek langs die pad gesit en kyk hoe die son ondergaan in Midde-Afrika. Die grens met Mosambiek was sommer naby die pad, maar ek het veilig gevoel. Banda het ‘n plek van veiligheid, orde en sekuriteit geskep hier in Afrika. ‘n Blanke het niks te vrees van hierdie sagte, vriendelike Afrikaland nie. Banda het die dinge wat die menslike lewe bedreig, hok geslaan. Hy het verklaar: Ons vyande is siekte, armoede, onkunde, misdaad. Hy het die mense van onderwys, hospitale en werkgeleenthede voorsien, en dissipline gehandhaaf. Dit was die warm hart van Afrika.

Ja, sê Andries, ‘n mens kan hier gelukkig lewe.

Sal hy burgerskap oorweeg?

Nee, sê hy. Die probleem is dat Banda ‘n diktator is. Hy duld geen teenspraak nie. ‘n Parlementslid se enigste politieke vryheid is dat hy self kan besluit watter deel van Banda se toespraak hy die meeste wil prys. Die lewenslange president het oral sy geheime agente. As hulle net vermoed dat jy nie gepaste respek betoon het nie - selfs op die mees onbenullige manier denkbaar - dan gaan jy tronk toe. Baie mense het op geheimsinnige wyse bloot verdwyn. Die burgers van die land leef in vrees en wantroue vir mekaar. Waar ‘n burger tronk toe gaan, word ‘n buitelander gedeporteer. In Uganda is jy deur Amin doodgeskiet, in Malawi word jy deur Banda gedeporteer. Jou buitelandse paspoort is jou beskerming, jou veiligheid en sekuriteit.

Die ander probleem is: Banda is oud, en niemand weet wat van hierdie stelsel gaan word as hy sterf nie.

‘n Week later sit ek weer langs die pad, dié keer in Zambië halfpad tussen Lusaka en Livingstone. Ek sien weer hoe die son sak in Midde-Afrika. Ek het weer nie onveilig gevoel nie. Die mense was vriendelik, al het daar vragmotors vol gewapende soldate verbygery op pad na die oorlog in die suide teen die blank-oorheerste bewind van Ian Smith. Maar hulle het my niks gemaak nie. Ek het later maar by ‘n garage in ‘n leë motor slaapplek gekry.

Kaunda was nie ‘n diktator soos Banda nie. Hy het heelwat vryheid van spraak en selfs kritiek op die regering toegelaat. Maar saam met die vryheid was daar ook minder dissipline en minder beheer oor die dinge wat die mens se bestaan bedreig: misdaad en geweld, honger, siekte, korrupsie, wanorde.

Daarmee saam leef baie mense in Afrika, ook in Zambië, in doodsangs vir bose geeste en towery. Dit is geen wonder nie dat die letterkunde in Afrika vol is van verlange na daardie eerste lewensjare, toe die kindjie veilig, versorg en beskerm by sy moeder was.

In die vroeë jare sewentig, toe ek ‘n student was, het die linkses ‘n alternatiewe denkwyse gebied vir dié wat in verset was teen die “sisteem”. Sosiale geregtigheid, eenheid, gelykheid, besorgdheid oor die arme as verontregte, onderdrukte, uitgebuite en verskopte - dit was die woorde wat destyds aanvaarbaar was in die wêreld daar-buite, en wat ‘n mens aanvaarbaar gemaak het. As apartheid nie reg is nie, dan kon ‘n mens dink dat anti-apartheid reg moes wees. Ek het die denkbeeld gehad van Suid-Afrika as ‘n land van onreg en onderdrukking. Ek. het gemeen die res van die wêreld het reeds die lig gesien terwyl ons nog in die duister was. Ons het veroordeel gestaan voor die wêreld.

Toe ek afgestudeer het, word ek sendeling in Venda. Na drie jaar daar, en met twee besoeke Afrika-in op my kerfstok, moes ek begin vrae vra. Dit was kennelik nie genoeg om net van die buitenste apartheidskil van die ui ontslae te raak nie. Het die swart mense self nie ook ‘n aandeel aan hul haglike omstandighede nie?

Ek het ook bedenkinge begin kry oor sommige van die blankes wat apartheid met soveel felheid beveg het. Tot my groot ontnugtering het ek besef dat baie linkses nie veel van swart werklikhede weet nie en, erger nog, nie werklik daarin belang stel nie.

Daar was linkses, ook in Europa, wat iets begryp het van die situasie, maar dit verswyg het. Ek het met ‘n professor in Duitsland gesels, ‘n kenner van die Afrika-kultuur, wat lank in die vroeëre Suidwes en Natal sendeling was. Ons het gaan stap in die woud agter sy huis. Ek het voorbeelde genoem van dinge wat armoede veroorsaak, wat ek in die gemeente in Venda waargeneem het. Die dinge is nie deur apartheid veroorsaak nie, het ek gesê.

Ek het vertel van verskeie pogings wat ons aangewend het om mense aan te spoor om vrugtebome te plant, maar sonder veel sukses. Een evangelis het beweer die mense is bang om bome te plant, want hulle glo: hoe langer die boom se skaduwee word hoe korter word jou lewe. Hoe verklaar die professor die verskillende benaderings tot bome? Luther het gesê: As ek hoor die oordeelsdag is more, plant ek vandag ‘n boom. Is dit iets in die kultuur, die wêreldbeeld of selfs die godsdiens wat maak dat ‘n mens ‘n boom wil plant en beskerm - of wil afkap en uitroei?

Die professor het gaan staan en ‘n hele ruk stilgebly. “Nee, ek dink nie dit is in die kultuur nie. Jy weet, in Suidwes het daar iets gebeur wat my báie diep laat nadink het. Toe ek daar begin het, het ek ook gesien die ‘lokasie’ het geen tuine nie. Ek het vir hulle gevra waarom maak hulle nie tuin nie? Hulle het gesê dat hulle altyd tuine gehad het, maar toe het daar ‘n droogte gekom, en die lokasie se water is eerste gerantsoeneer. Hulle tuine het verdroog, en daarna het hulle nie weer tuin gemaak nie.”

Ek het gesê goed, maar dis nie al nie. Afrika se bevolkingsgroei is die hoogste in die wêreld. In Afrika se lewensopvatting is die geboorte van ‘n kind ‘n wonderbaarlike saak. In die groot stryd tussen die lewe en die dood is die geboorte van ‘n nuwe lewe ‘n oorwinning oor die dood. Hoe slegter dit gaan – hoe meer honger en siekte en geweld

daar is – hoe belangriker is dit om nuwe lewe te skep. Daarom gebeur wat vir die Westerling onverklaarbaar is: in droogte en hongersnood is die geboortesyfer hoog.

'n Ouderling van ons gemeente, 'n geleerde man wat werk aan sy M.-graad, sê ná 'n besoek aan Taiwan vir my: "Die land is klein, en daar is baie mense. Hulle wemel in die strate. Ek het die geheim van hulle voorspoed ontdek. Ons swart mense moet leer om twee dinge te doen: ons moet leer om meer kos uit die aarde te haal, en ons moet leer om meer kinders op die aarde te bring."

Eenkeer, vertel ek, staan ek in 'n tou by die verkeersafdeling op Sibasa. Daar is baie tyd, want die kantore het 'n uur laat oopgemaak, en ek het vroeg gekom om 'n goeie plek in die ry te kry. Die amptenare begin om hul vorms reg te kry, en die eerste mense word gehelp. Ons skuif 'n bietjie nader aan die toonbank. 'n Kwartier later is dit teetyd, wat meer as 'n halfuur duur. Een gedagte begin by my oorheersend word: as ek tog net voor etenstyd geholpe kan raak, want dan word die kantore gesluit en moet ons weer voor begin. Ek dink aan 'n vriend wat 'n nuwe motor wou registreer. Hy het die oggend vroeg gekom, maar daardie aand was hy nog nie geholpe nie. Die volgende oggend het hy nog vroeër gegaan, maar weer tevergeefs. Die derde dag het hy maar sy motor op die naaste dorp gaan registreer. Hy meen dat omkoopgeld dalk sy probleem sou opgelos het. Is dit apartheid se skuld, of die kultuur?

Die professor het gelag: "Jy moenie moedeloos word nie." Ek het geantwoord: "Nee, 'n mens kan ook sê dit is baie interessant. 'n Mens besef dat jy mense ontmoet wat werklik anders dink as jy. Dit is tog geen rede om moedeloos te word nie. Dit is eerder interessant om te begryp hoe hierdie mense dink. En begrip is noodsaaklik as ons ná apartheid met mekaar in vrede wil saamleef!"

Hy het weer gelag. "Jy weet, hier by die universiteit het ons onlangs 'n konferensie oor apartheid gereël. Na 'n rukkie sê die mense nee wat, dis vervelig. Ons stem almal saam. Hier is niemand wat apartheid probeer verdedig nie. Toe sê ek goed, vanaand sal ek die rol speel van 'n verligte Boer. Net vir die grap. Daardie aand het ek vir hulle alles vertel wat jy nou vir my vertel het, presies dieselfde. Naderhand sê die mense: Nou het ons geen argument meer nie. Toe sê ek dit is goed dat julle nou iets begin begryp van die probleem."

Ons het teruggestap. Ek was tevrede dat hy darem uiteindelik begrip getoon het vir my vrae, al het hy geen antwoorde gegee nie. Eers later het ek kwaad geword. Die vriendelike professor organiseer byeenkomste teen apartheid. Hy argumenteer dat apartheid en diskriminasie die oorsaak van armoede in Suid-Afrika is. Maar dan gee hy skielik toe dat die probleem nie so eenvoudig is nie. Hy begryp die ingewikkeldheid daarvan so goed dat hy 'n konferensie oor apartheid tot stilstand kan bring. Maar hy doen dit net in 'n grap.

Dit het dus al duideliker geword dat die anti-apartheidsbeweging 'n gevaar word vir die swart gemeenskap, want die groot probleem van armoede in Afrika word nie in die oë

gekyk nie. Net een deel van die oorsaak - die blanke se aandeel - word ernstig opgeneem. So word die swart gemeenskap aangemoedig om die blankes vir alles die skuld te gee. Daarmee word die probleem van armoede en honger nie opgelos nie.

Daardie laag van die ui was táái!

Dit was vir my omtrent so moeilik om my los te maak van die anti-apartheidsbeweging as vir sommige mense om hulle van apartheid self los te maak. Die anti-apartheidsmense was my eie groep. Ek wil graag hê dat die besorgdheid oor die armes, oor geregtigheid en oor kerkeenheid vir my belangrik en fundamenteel moet bly. Die dinge is egter te groot om dit vir die anti-apartheidsbeweging weg te gee. Dit het ‘n mate van pyn veroorsaak om nie op idealistiese, positiewe wyse bloot by die probleme verby te gaan nie. Maar as ‘n mens die feit van die konflik ernstig opneem, en as ‘n mens wil hê daar moet oplossings vir probleme kom, dan kan ‘n mens nie tevrede wees met vryblywende, maklike optimisme nie.

As die dinge wat ek aan die professor in Duitsland genoem het dan nie net aan apartheid gewyt kan word nie, lê die fout by die Afrikakultuur? Is die antwoord verwestering?

In 1984 het ek ‘n dosent geword aan Turfloop, waar ek opgegroei het. By Turfloop het ek gesien hoe ons teologiese studente se verset al meer trekke vertoon van die tradisionele mitologiese denke van Afrika, totdat dinge soos persoonlike verantwoordelikheid, die oortuigingskrag van empiriese bewyse, en die interpretasie van gebeure volgens natuurlike oorsaak en gevolg heeltemal in die wind gestaan is. As hierdie denkpatroon nog met soveel mag by ‘n groep teologiese studente op universiteit na vore kan kom, het ek gedink, dan is die moontlikhede vir ontwikkeling in Afrika op Westerse patroon maar klein. Anders gestel: die Westerse kultuur is nie die oplossing vir Afrika se probleme nie.

Maar dis belangrik om te onthou dat die Westerse kultuur nie dieselfde is as die Christelike geloof nie. In baie opsigte is die Westerse kultuur in stryd met die Christelike geloof. In dié sin is dit nie so ‘n groot probleem as Afrika nie wil verwesters nie.

Die sending het ‘n bondgenootskap met die Westerse kultuur gesluit in die sendinghospitale met die Westerse medisyne, in die sendingskole met die Westerse onderwys, en in ontwikkelingsprojekte met die Westerse tegnologie.

Die kerk het gemeen Afrika sal vinnig verwesters. As die “lig” skyn, verdwyn die “donker” tog? Maar as dit nie gebeur het nie, moet die kerk weer opnuut begin dink oor sy rol ten opsigte van die verhouding tussen die Weste en Afrika. Want “lig” en “donker” is misleidende beeldspraak vir die verhouding tussen die twee groot magte. Wat wesenlik aan die Christelike geloof is, is dat die kerk as ‘n nuwe gemeenskap in die wêreld iets moet vertoon van die nuwe skepping in Christus. Daar moet darem iets in die kerk wees wat kwalitatief anders is as dit wat nie kerk is nie.

Daar was van my ui min oor, maar ek het gedink: Dis die kern, hieruit moet die nuwe lewe kom. Of iets van daardie wesenlike andersheid werklik in die kerk tot openbaring kom - dis ‘n vraag waaroor ek dikwels wonder. Dan onthou ek oom Peter Bolink se woorde, toe hy aan die einde van ‘n leeftyd in die sending gesê het: Dit is ‘n gevaarlike tyd, ‘n mens loop gevaar dat jy nie die geloof behou nie.

3 Proeflopie op Stofberg

By Turfloop het daar die Jaaste jare ‘n ontmoeting plaasgevind tussen die wit en die swart wêrelde wat beskou kan word as ‘n proeflopie vir die “nuwe Suid-Afrika”.

Die Maties sê graag: “Waar Stellenbosch vandag is, is Suid-Afrika môre.” Miskien kan ons hier by die Teologiese Skool Stofberg en by die Universiteit van die Noorde by Turfloop (soos by ander dergelike instansies?) in alle nederigheid met meer reg so ‘n aanspraak maak. Die Teologiese Skool Stofberg is geleë by Turfloop, langs die Universiteit van die Noorde. Die Teologiese Skool het sy eie kantoor, geboue, studente en studenteraad, maar maak ook deel uit van die Universiteit van die Noorde. Die dosente en studente van die Teologiese Skool is ook dosente en studente van die universiteit.

In die vroeë geskiedenis, in die jare twintig, het die stand van gesindhede binne ‘n beduidende deel van die blanke gemeenskap sy neerslag gevind in ‘n berugte inligtingsbrosjure oor ons skool. *Die Stofberg-Gedenkskool: Sy ideale en sy werk* is uitgegee deur mnr. A.B. Ie Roux, hoof van die Norrnaalskool Stofberg, ‘n afdeling van die Stofberg- kompleks gemik op die opleiding van onderwysers. Dis volgens hom “in haas” opgestel, en wel nadat hy sewe maande (sic) ervaring gehad het van “die opvoeding van die naturel”.

Die pamflet, wat in 1927 uitgegee is, wou blanke vrese kalmeer en blanke steun behou. In dié tyd was swart leiers soos Clements Kadalie en ds. S.R. Mahabane in verset teen die regering van die dag, en blankes was kwaad. Hulle het gesê dat swart onderwys tot onrus lei, dat “geleerdheid gevaarlik is”, omdat swartes dan aanspraak maak op dieselfde dinge as wat blankes het. Mense het gedreig om hul steun aan Stofberg te onttrek.

Een van Le Roux se argumente om ontevrede blankes te probeer paai, was dat as die Afrikaner onderwys verskaf, dan kan “boerenaturelle” ontwikkel word met “‘n boeregees in plaas van ‘n uitlandse, opruiende of skadelike gees”.

Die beginsels wat geld, is: Gods Woord; die naturel moet werk; die naturel se eie aard; die Afrikaner se behoeftes; en “die naturel is en bly n minderwaardige ras, ‘n feit wat ons die naturel ook wel moet laat voel, sonder om hom te kwes ... hy moet voel, dat die witman in elke opsig sy meerdere is, en, dat die witman voornemens is, om dit in elke opsig te bly”.

Eerw. M.W. Brits van die Bybelskool onderskryf dit. Van die Stofberg-student getuig hy in dieselfde pamflet: “Let maar op: hy ken sy plek.” (Nog ‘n ding: “Hy dra ons stempel. Praat maar met hom, hy verstaan Afrikaans”!)

Dan kom mnr. Le Roux weer aan die woord. “Indien daar ergens ‘n Stofberg-naturel is, wat homself vergeet en verkeerd doen, sal die outoriteite graag alle informasie privaat wil ontvang om hom tereg te wys,” sê mnr. Le Roux.

Elke dag word daar twee uur lank met pik en graaf gewerk, asook op Saterdae. “Daar is geen onaangename atmosfeer nie, en die so afstootlike liggaamsreuk, wat gewoonlik by naturelle aangetref word, is afwesig. Dit is een van die groot ideale ... om hulle te leer om hulle gereeld te reinig ... “

Daar was blykbaar gerugte onder blankes dat die Stofberg-studente soos blankes behandel word. Mnr. Le Roux doen moeite om dié wanindruk reg te stel. Daar is wel ‘n koshuis, gee hy toe, maar: “Hoe lyk dit daar binnekant?”

> In die eerste plek sal opgemerk word, ‘n eetvertrek met misvloer en baie primitiewe tafels en lang banke, waar saam godsdiens gehou en geëet word. Daar is blikborde om pap uit te eet en bekertjies om bossies tee uit te drink, (hul kry geen koffie nie). Daar is ook wat genoem word die kombuis naasaan, waar daar niks meer in is as twee groot ysterpotte om pap in te kook, of water in warm te maak. Die slaapvertrekke het niks meer in as ‘n paar hakke in die mure vir klere nie, behalwe natuurlik die houtbeddens. Die beddens bestaan eenvoudig uit ‘n paar aanmekaar gespykerde latte, wat hulle self in die blougom bosse gesny of gekap het. Op die beddens is net ‘n matras, wat bestaan uit strooi, wat hulle in die vlei gesny het, en wat in gewone streepsakke (aanmekaar gewerk) gestopis. Lakens enslope of komberse word nie deur die inrigting verskaf soos soms rondvertel word nie. Die weinige van hulle wat ‘n strooigemaakte kussing gebruik, het dit van die buis af meegebring of dit self gemaak. As daar is wat ‘n laken het, dan kom dit ook van hulle huis, maar ‘n laken is in die algemeen by die oorgrote meerderheid van hulle geheel en al onbekend. Die naturel bly maar geheg aan sy rooikombers, waarvan sommige van hulle maar net een het. Saans trek hulle byna kaal uit en kruip so onder die kombers in met kop en al.
>
> Is daar klaviere vir die naturelle? Dit is so ‘n uit die pad uit soort van vraag, maar wat tog moet beantwoord word, want die storie word rond en bont versprei, dat die naturelle musiek geleer word, en die onwaarheid wel deur persone versprei wat nooit op Stofberg was nie, en sonder gegronde redes teen Stofberg gekant

> is. Loop ons blanke staflede wandelend met die meide en jongens rond, soos ook lasterlik verkondig word? Hierdie laaste vraag het nie eens ontkenning nodig nie, want dit sou sosiale gelykstelling beteken, waartoe die Stofberg-naturel net so onwillig sal wees as ‘n blanke lid van die Ned Geref Kerk.
>
> Dergelyke lasterlike aantygings teen die inrigting en staflede se goeie naam, waarvan daar heelwat in omloop is, is vir die werkers en werksters natuurlik baie onaangenaam, maar dit word verdra terwille van ‘n kerk en volksaak, en veral terwille van die werk van die Meester, want Hy het groter laster en smaad verduur toe Hy op die wêreld geleef het as Saligmaker van alle Volkere. Wat gebeur wel op Stofberg? As die naturel met ‘n blanke staflid meeloop om byvoorbeeld ‘n werk te gaan doen, stap hy beskeidenheidshalwe, en omdat dit hom pas, agter. Indien hy te eniger tyd van ‘n blanke staflid iets wil hê, dan kom hy eerbiedig en sê:
>
> “Ekskuus my Meneer!” terwyl hy sy hoed afhaal en al die tyd wat hy praat, kaalkop staan.
>
> Dit is die manier waarop, en die gesindheid waarmee die Stofbergwerkers Sendingwerk doen, en op die besliste basis van die kerk en blanke volkswil, word die uiters moeilike werk van die naturel se evangelisasie en opvoeding behartig.

In die troebel klimaat van toenemende konfrontasie is hierdie gewraakte brosjure aangegryp as steeds geldende toonbeeld van blanke gesindheid by Stofberg.

In 1982 behaal ds. S.P.E. Buti die graad M.Th. aan Princeton, VSA, met ‘n dissertasie oor *Black experience and the struggle for liberation in the relationship between tfle Dutch Reformed Church and the black Dutch Reformed Church*. Al elf bladsye oor teologiese opleiding in die swart kerk word gewy aan hierdie brosjure.

Buti konkludeer in 1982: “This shows how black people in the NGKA have been alienated from their people, and used against their own brothers and sisters. We are afraid that this attitude still prevails in the present Stofberg theological schools, though in a more sophisticated and subtle manner.”

Op Stofberg was intussen ander profetiese roeringe. Dr. Alex van Wyk, sedert 1953 dosent aan Stofberg, publiseer reeds in 1953 in die sendingblad *Op die Horison* ‘n stuk, “Stellings oor selfstandige kerke binne die NG Kerkverband”, waarin hy die rasgeskeidenheid in die kerk as onbybels verwerp. Ds. Buti steun in sy volgende hoofstuk, waarin hy die ideologiese trekke in die NGK se teologie kritiseer, feitlik uitsluitlik op Van Wyk se gedagtes in latere publikasies, sonder byhaal van Stofberg, waarvan prof. Van Wyk in 1982 rektor was.

Drie dekades van verset teen apartheid deur prominente Stofbergdosente volg, maar - soos Suid-Afrika self na 2 Februarie 1990 sou ondervind - so maklik word daar nie van die hele apartheidserfenis ontslae geraak nie.

By Turfloop is daar, soos seker nêrens anders in die land nie, oor die afgelope dertig jaar teologies besin oor die ontmoeting van die wit en die swart wêrelde in die kerk en in die samelewing. Die versameling publikasies begin ‘n trotse tradisie word – geen dramatiese teologiese vuurwerke nie, maar ‘n volgehoue besinning en worsteling.

Die laaste jare het ons by Stofberg geen probleem meer gehad met negatiewe blankes nie. Sulke blankes ignoreer ons werk eenvoudig. Ons probleme was daarenteen met swart verset wat soms te ver gegaan het. Dit is swart verset wat teer op negatiewe blanke uitlatings soos hierdie sestig jaar oue pamflet.

Van 1908 tot 1959 was daar net een Stofberg, naby Vereeniging. Daarna was daar vier, en almal in tuislande: Decoligny in Transkei, Dingaanstat in Zoeloeland, Witsieshoek in Qwaqwa, en Turfloop in Lebowa. Tereg het die swart kerk hierdie verdeling gesien as ‘n deel van die hele apartheidsideaal.

Bykans tagtig jaar lank was Stofberg onder wit beheer, en was die swart verset meestal ondergronds. Ons was deeglik bewus van swart ontevredenheid, maar ons het dit onderskat. In 1986 het die beheer van al vier Stofberg-skole oorgegaan na die swart kerk. Ds. Buti, sedert 1987 moderator van die Algemene Sinode van die NGKA, word in 1986 voorsitter van ‘n kommissie van die kuratorium by Turfloop wat studente se verset moet hanteer. Want toe die swart kerk beheer oorneem, bars daar ‘n vloed van verset by ons studente uit. Die plek het natuurlik ook ‘n rol gespeel: die Universiteit van die Noorde is jare lank reeds ‘n sentrum van verset.

As die swartverset lank genoeg aanhou en irrasioneel genoeg is, dan roep dit onvermydelik weer by blankes dieselfde negatiewe gesindhede op en kan hulle baie selfvoldaan uitroep: Ons het julle mos gesê! Tussen die twee pole van A.B. Ie Roux se benadering en die swart verset is daar egter nie ‘n vakuum nie. Die kern van Stofberg is nie so sensasioneel soos die uiterstes nie. Die eintlike Stofberg lê tussenin, waar wit en swart Christene mekaar tog gevind het, met al die misverstande, spanninge, gewone samewerking, en vreugdes wat deel is van normale menslike verhoudinge.

Vandag is Stofberg se toekoms onseker. Maar geld dit nie vir die hele Suid-Afrika nie? Die toekoms van Stofberg en van Suid-Afrika hang van dieselfde vraag af of ons, wit en swart, daarin kan slaag om ‘n sinvolle patroon van samewerking uit te werk.

4 Konflik op die kampus

Sedert 1986 is ons betrek by ernstige konflik met ons teologiese studente by Stofberg by die Universiteit van die Noorde. Algaande het dit duidelik geword dat ons en die studente totaal verskillend dink oor die oorsake van die konflik.

Die besef het maar stadig gekom. Toe die studente vroeg in 1986 ‘n lys met vyftien klagtes en beskuldigings voorgelê het, het ons gemeen dat ons die dinge sou kon uitpraat. Ek is aangestel as studentedekaan met die opdrag om aan die studente se probleme aandag te gee. Ons het die klagtes een vir een gevat. Baie dae en laat nagte het ons gesit. Klagtes, verwyte, beskuldigings en “demands” het mekaar in ‘n verbysterende tempo opgevolg. Sodra een probleem opgelos is, was die volgende probleem reeds daar. Daar was probleme oor kos, oor beursgelde, oor personeel se optrede, oor kursusse, oor eksamenuitslae, oor akademiese vereistes en standaarde, oor besluite van die bestuur, oor polisieoptrede, oor die taal (Afrikaans) wat in ‘n sekere vergadering gebruik is, oor die kerkraad se optrede, oor praktiese werk, oor die bestuur se optrede, oor die rommel wat by die koshuis gestrooi word (wat deur die studente gestrooi en deur die personeel verwyder moes word).

Talle van die eise het mekaar weerspreek.

Een student het by geleentheid in ‘n private gesprek sekere voorstelle gemaak. Hy het gesê ek moet die gedagtes voorlê sonder om te sê waar dit vandaan kom. Ek het die saak ondersoek, en dit aan die Stofberg-studenteraad voorgelê as moontlikhede. Dieselfde student het hom heftig teen die hele saak uitgespreek, en my verkwalik omdat ek met sulke planne begin het. Ek het gemeen dit gaan darem te ver, en gesê dat hy my nie kan verkwalik nie omdat dit sy voorstelle was wat ek opgevolg het. Hy het geantwoord: “Yes, sir, those were my proposals. But you could have refused to consider them.”

Ek het die eerste keer begin vermoed dat daar by ons en die studente verskillende denkpatrone funksioneer ná herhaalde beskuldigings deur studente wat nie geslaag het nie dat die betrokke dosent hulle laat druip het omdat by die student of studente om een of ander rede haat. “Sir, do you perhaps hate me?” wou een eerstejaar, wat ek nog skaars raakgesien het, van my ook weet toe hy ‘n swak punt in sy eerste toets kry.

In 1987 voer ons ‘n reël in dat studente aan die begin van elke semester deur ‘n kommissie in kennis gestel sal word hoeveel beursgeld elkeen daardie semester sal ontvang. Niemand mag daarna aan daardie besluit verander nie. Maar die etegelde is maandeliks uitbetaal.

Begin Junie, terwyl die studente hul wintereksamens skryf, het hulle kwaai beswaar gemaak teen die bedrag eregeld wat hulle vir die semester gekry het. Hulle wou sowat R45 meer hê.

Ek het – weer – die reël verduidelik, maar hulle het gesê hulle aanvaar nie die reël nie.

Ek het gesê die reëls sê duidelik dat geen persoon die kommissie se besluit mag verander nie. Hulle het volgehou dat ek die mag het om dit wel te doen, want dit is ‘n krisis. Hulle het my tyd gegee tot die aand toe. Daardie aand het al die studente by ons voordeur

gestaan en gesê hulle het honger, ek moet geld gee. Dit is die nuwe Ethiopië hier op Turfloop, sê een. Maar hy ry met ‘n bakkie rond. En die geld wat ons wil gee, weier hulle.

Ek het besluit dat ek sou aanhou praat totdat die saak uitgepraat is. Al hulle argumente is ernstig opgeneem en deeglik bespreek. Dit het drie dae lank aangehou, met af en toe ‘n onderbreking vir eksamens of om ‘n bietjie slaap in te kry.

Met heelwat woede het hulle aangevoer: “You steal our money!” “0ur money” synde die beursgeld wat ons vir hulle ingesamel het. Ek het gesê dat die punt kontroleerbaar is. Die voorsitter van die koshuiskomitee en nog ‘n student is saam met my kantoor toe. Hulle het die rekords van uitbetaalde etegelde - waarvoor die voorsitter self en elke student by ontvangs geteken het – gevat, en die getalle noukeurig opgetel. Hulle het gesê hulle is tevrede, en dat hulle so sal rapporteer aan die studente. Ek het by die huis gekom en vir Carol gesê: “Maak vir ons tee, uiteindelik is die ding opgelos.”

Voordat die ketel gekook het, het hulle my weer laat roep. Die voorsitter het gesê: “Your office has stolen our money!”

Ek het gesê: “Sal ons weer die syfers gaan optel?”

En toe het ek besef dat daar ‘n grondliggende verskil is in ons denkwyse: die empiriese, waarneembare werklikheid is vir my deurslaggewend, maar vir hom nie meer nie.

Hy het geantwoord: “I don’t trust those figures. It is no use to count them.”

Oom Ben van Wijngaardt, wat die boeke gehou het, het gemeen dinge kon nie so aanhou nie. Hy het vir die studente gesê: Kom ons vat geld van die tweede semester, dan kan julle nou meer kry.

Hulle het dit dadelik aanvaar. Nie een van al daardie vreeslike beskuldigings en argumente is weer gehoor nie. Dit het nooit om die argumente self gegaan nie, maar om die doel wat hulle met hul argumente en beskuldigings wou bereik om die onsigbare magte te manipuleer wat volgens tradisionele insigte agter alles sit.

In 1987 het ek dit egter nog nie so verstaan nie. Al wat ek geweet het, was dat ons en die studente nie op grond van empiriese en rasionale bewyse tot ‘n vergelyk kon kom nie. Hieroor was ek bekommerd. As ons dit nie kon doen nie, dan word dit gewoon ‘n magstryd waarin die sterkste reg het.

Begin 1988 het ek ‘n week lank saam met ons studenteraad gesit om die reëls vir die komende jaar te bespreek. Die raad het in alles saamgewerk, maar dit het my tog gepla dat hulle maar min konstruktiewe voorstelle gemaak het. Die Vrydag het ons almal saam Pretoria toe gery om die reëls, soos ooreengekom, aan die kommissie van die kuratorium voor te lê. Die volgende Maandag het die volle kuratorium die reëls goedgekeur. ‘n Nuwe rektor moes nog gekies word, en daar sit ek met die warm patat.

Die kuratorium het skaars vertrek, toe laat weet die studenteraad dat hulle staak weens besware teen die nuwe reëls.

Ná twee weke van vrugtelose onderhandelinge reik die kuratoriumkommissie, wat verantwoordelik is vir dissipline by die skool, ‘n ultimatum uit alle studente moet die skoolterrein voor twee-uur op Dinsdag 1 Maart verlaat. Studente moet hulle kamersleutels ingee. Enige student wat hierdie opdragte nie gehoorsaam nie, sal skuldig wees aan betreding, en sal nie in aanmerking kom om weer toegelaat te word tot die studies nie. Ander studente kan op 7 Maart terugkom en om hertoelating aansoek doen.

Die studente het die ultimatum eenvoudig geïgnoreer. Hulle het daar rondgesit, speletjies gespeel en ons vriendelik gegroet. Ons het dié wat met ons kom praat het, verseker dat die kuratorium die saak baie ernstig opneem, en dat hulle nie die kerk se ontevredenheid moet onderskat nie. Teen Vrydag het twee studente vir ons kom sê dat hulle hul kamers ontruim. (Vir die ander studente het hulle waarskynlik gesê dat hulle vir die naweek weggaan.)

Die skrïba van die kuratoriumkommissie, ds. Jan Hoffmeyr, het laat weet dat die moderature van Suid-en Noord-Transvaal en die dagbestuur van die kuratorium saam sou kom om die ultimatum af te dwing.

In hierdie stadium het ons as dosente gemeen dat dit die beste sou wees as die skool vir die jaar sluit en dat ons die res van die jaar gebruik om deeglike beplanning te doen, saam met die kerk, oor die hele struktuur en karakter van teologiese opleiding in die kerk.

Die Maandag was ‘n aantal van die kerk se sterkste leiers daar bymekaar, manne soos ds. Sam Buti, ds. Ezekiël Mataboge, ds. Marcus Maphoto, ds. “Roks” Marokana, ds. Joseph Phetla, ds. Saltiel Mataboge, ds. Jan Hofmeyr en dr. Hennie Möller. Maar die vergadering was verdeel oor wat gedoen moet word.

Ds. Marokana, moderator van Suid-Transvaal: Die studente kry ons aan ons neuse beet en sal ons dié kant toe en daardie kant toe ruk as ons dit toelaat. Ons moet dit nie toelaat nie. Ons moet staan by die ultimatum. Ons ja moet ja wees en ons nee, nee.

Ds. Maphoto, moderator van Noord-Transvaal: Die ultimatum is te sterk bewoord. Die studente het ‘n saak.

Ds. Sam Buti, moderator van die Algemene Sinode en voorsitter van die kuratoriumkommissie: Die ultimatum was ons eie besluit. Ons kan hom self verander as ons lus het.

Daar was steun vir al drie standpunte.

Ons personeel het gevoel: As so ‘n gewigtige vergadering van die kerk nie so ‘n sterk ultimatum kan deurvoer nie, op watter gronde gaan ons as personeel in die toekoms by hierdie inrigting gesag uitoefen? Uiteindelik het die vergadering besluit dat die studente (weer eens) ‘n onderneming moes onderteken waarin hulle hulle daartoe verbind om die gesag van die kuratorium te gehoorsaam. Die ultimatum is maar vergeet.

Die aand het die vergadering die studente ontmoet. Die studente wou eers nie die onderneming teken nie, maar nadat die kerkleiers by hulle gepleit het, het hulle geteken. Daarna het ‘n lang bespreking gevolg. Studente wou “clarification” hê oor verskillende punte op die onderneming wat hulle pas geteken het. Naderhand sê ‘n student: “You see, we are cancelling these points one by one.” Die kerkleiers het hulle maar laat uitpraat.

Studente het allerhande beskuldigings teen die personeel begin maak: Ons moes verduidelik. Die vergadering het tot ná twaalf die nag geduur.

‘n Dag of wat later het ek vir ds. Hofmeyr oor die telefoon gesê dat ons nie weer bereid sou wees om voor die bestuur beskuldig te word van allerhande sake wat nie op die agenda is nie. Hy het gesê as ons nie daartoe bereid is nie, dan hoort ons nie in die swart kerk nie.

‘n Mens sou kon sê dit was net ‘n ongelukkige voorval in die skool se geskiedenis. Tog was dit meer. Dit dui op ‘n patroon. Mense voel nie gebind deur hul eie besluite nie. Die kerkleiers het gesê: Dit is ons eie besluit, ons kan hom self verander. By geleentheid is ons studentevergadering deur die konstitusie, wat hulle vir hulself opgestel het, verhinder om iets te doen wat hulle wou doen. Ook hulle het besluit: Dit is ons eie konstitusie. Ons skort hom op vir hierdie vergadering. Toe doen hulle wat hulle wou doen.

Net so: In 1990 besluit die Algemene Sinode van die NGKA om sy eie kerkorde te oortree om gou te kan verenig met die Sendingkerk. Die argument was dieselfde: Dit is ons eie kerkorde, ons kan hom self verander.

Konsekwentheid? Redelikheid? Soos ds. Jan Hofmeyr vir my gesê het, in die swart kerk moet ‘n mens bereid wees om te leer saamleef sonder sulke dinge. So ook aan ‘n swart universiteit. Dit is binne hierdie raamwerk dat die studente en gemeenskap kwaai druk op die universiteit uitgeoefen het dat etlike honderde voornemende studente, wat volgens die reëls nie vir toelating in aanmerking gekom het nie, toegelaat moes word. As die universiteit toegee aan die druk, dan staak die studente en eis dat daar, daardie selfde dag, huisvesting vir die ekstra honderde studente beskikbaar gestel en uit die niet opgetower moet word.

In Oktober 1990 het die werkers by die Universiteit van die Noorde gestaak om hoër lone. Voorheen was dit studente wat gereeld gestaak het, en die werkers se staking was ‘n “bewys” dat hulle nou ook tot die bevrydingstryd toegetree het.

Die werkers se staking het egter beteken dat die studente nie etes gekry het nie. ‘n Groep studente het toe die kombuise en kafeterias ingegaan en begin roof: houtbeelde, borde, hele karkasse, vleis, geld, drank, messegoed. Asblikke is in die administrasiegebou omgekeer. Plafonne is uitgeruk en matte losgeskeur en weggedra. Rekenaars is stukkend geslaan. Onbeheers te vandalisme is aangerig, helder oordag. Studente is met drank en geld na hulle kamers. ‘n Klompie wat dronk geword het, het

begin baklei oor die geld wat hulle gesteel het. Een is doodgesteek, en twee het in ‘n kritieke toestand in die hospitaal beland.

Daardie aand is gedreig dat die eksamenafdeling, die biblioteek en die rektor se huis afgebrand sou word.

In elke geval van dié aard sou ‘n mens jou in ‘n gesprek met ‘n individuele student waarskynlik op redelikheid kon beroep, maar die mag van die groep is oorweldigend in die swart gemeenskap. Die individu dreig om te verdwyn in die groep.

So was dit met ons studente. Soms sou ‘n student dit waag om teen die groep te gaan, en so iemand sou soms in trane bely dat by bang is hy word deur die groep doodgemaak. Studente het byvoorbeeld geweier dat die beurskommissie aan behoeftige studente meer geld toeken as aan dié wat reeds geholpe is: “We reject such individualising. Our way of thinking is: we are one. An injury to one is an injury to all.” Soms sou ‘n mens selfs hoor: “Pass one, pass all.”

Studente het naderhand geweier om hulle name te noem in vergaderings omdat hulle as ‘n groep behandel wou word. “It isn’t I who speak, it is the group. “

Een student het by twee geleenthede twee teenstellende standpunte heftig verdedig. Toe ek daaroor ‘n opmerking maak, het hy woes gereageer en my daarvan beskuldig dat ek hom viktimiseer (‘n term wat in ‘n magstryd tuishoort): “What I say there as chairman of that meeting has nothing at all to do with what I say here as student of Stofberg.”

Dit het ‘n swart amptenaar van die universiteit op ‘n keer laat sê: Elke student is twee mense. Hy is die persoon by die huis, iemand wat goeie maniere geleer het, waardes, respek vir ouer mense. Dan is daar die massapersoonlikheid wat in verset is teen alle waardes en gesag. Met die eerste persoon kan jy ‘n gesprek voer, maar nie met die tweede nie.

Die amptenaar is ‘n man met ‘n bykans bomenslike werkvermoë en buitengewone wysheid. Hy het soms nagte deur onderhandel met studente, en hy kan altyd vinnig en akkuraat strategie beplan.

As ‘n student by sy kantoor inkom, sê hy, dan luister hy na sy taal. Hy kom agter uit watter deel van die land die student kom – in Noord-Sotho self is daar baie streekseienskappe. Dan praat hy met die student oor sy huis, oor sy familie, oor die wêreld waar by vandaan kom. So roep hy die ánder persoon op, die mens met wie jy kan praat. Die massamens met sy verset-clichés, sy leë en irrasionele beskuldigings, sy swak en uitdagende maniere, word op die agtergrond geskuif. As hy op die kampus rondstap, sê die amptenaar, dan groet hy die studente wat hy teenkom op hul huis- of familiename. So probeer hy gedurig om die mens-mens op te roep en die massa-mens, die irrasionele mag, af te breek.

Individuele studente kom pleit in private gesprekke dat daar vir hulle begrip moet wees. Daar is ook begrip, behalwe as ‘n student jou in die groep aanval en dan in die geheim die teenoorgestelde kom sê. Dan word dit moeilik om hom te vertrou.

Voorbeelde kan vermenigvuldig word, maar miskien moet die volgende die laaste wees.

In 1989 het ons vyf finalejaarstudente gehad. In 1988 het ons al die probleem gehad dat hulle take so laat was dat ons die eindeksamens van November na Januarie moes uitstel omdat hulle doodeenvoudig nie jaarpunte gehad het waarmee hulle toelating tot die eksamen kon kry nie. In 1989 het ons dit duidelik gestel dat die eksamens nie weer uitgestel sou word nie.

Maar teen einde 1989, toe ons jaarpunte moes indien, was sommige take steeds maande laat. Ons het nog ‘n week grasie gegee. Een student se take was nou in. ‘n Ander student het weens omstandighede, wat hy verduidelik het, uitstel gekry.

Ons het gewaarsku: Julie jaarpunte is nie so goed nie, julle moet goed voorberei vir die eksamen.

Net die student wie se take in was, het goed gevaar in die eksamens. Ons het die ander studente laat weet dat hulle nie hul families moes saambring na die eksamenkommissie se vergadering nie, want dit sou ‘n verleentheid wees as al die gaste daar is vir die feestelike geleentheid en dan word hulle nie toegelaat tot die kerklike bediening nie. Hulle het ons kennisgewing gebruik as “bewys” dat ons hulle doelbewus, wederregtelik, laat druip het: dit was nie die universiteit se amptelike uitslae nie, dus onreëlmatig.

Die aand toe die eksamenkommissie vergader, het al ons studente en ‘n paar ander die vergadering skielik binnegekom. Hulle wou ‘n petisie oorhandig. Die voorsitter het gesê dit kan ná die vergadering gebeur. Die petisie het beswaar gemaak teen die “academic harassment within the institution. The continued tradition of staff members, with the purpose of failing us, which is evident this year, wherein four students have failed out of five ... Continued hatred prevailing the staff members ...” Daar is beswaar teen die eksamenkommissie se “sole relayerns (sic) on information without checking the work assigned to it. By examining information given by staff members. To question its attitude of acting as a robber stump (sic).”

Daarna het die studente by die saal uit getoyi-toyi, die pad voor dosentehuise op, en terug koshuis toe.

Die een student wat geslaag het, het daardie aand nie in sy kamer geslaap nie. Die volgende oggend het hy voor die kommissie verskyn. Hy is net daar in die vergadering gelegitimeer, sonder die gebruiklike erediens en geselligheid, sonder gaste. Hy het nie eens sy sertifikaat saamgeneem nie - iemand kon dit dalk sien - en gemaak dat hy wegkom.

Die eksamenkommissie het op die studentepetisie geantwoord dat dit onaanvaarbaar was, omdat dit onderteken is deur mense wat nie ons studente was nie. Nadat die kommissie vertrek het, het ‘n klomp studente van die universiteit af, saam met ons eie studente, kom betoog. Hulle het getoyi-toyi, die groot slot aan die hek tussen die skool en die universiteit met klippe oopgebreek, ‘n gat in die veiligheidsheining gemaak, en slagspreuke geskree: “Down with theology! Viva black theology! Viva feminist theology! Down with Bantu Education! Viva African National Congress! Viva South African Communist Party!” (Dit was nog voor 2 Februarie 1990.) Daarna is dieselfde petisies as die vorige aand, maar op ‘n briefhoof van die studenteraad van die universiteit, aan my as rektor van Stofberg oorhandig. Ek moes ook die plakkate lees. Nog slagspreuke is geskree: “No violence! No counterviolence! An injury to one is an injury to all!”

Toe moes ek ook iets sê. Ek het gesê dat ek die petisie aan die owerhede van die skool sou oorhandig. Ons staan saam met die studente as hulle teen onreg is, en as hulle armoede en ellende wil teenwerk. Maar hulle het tog seker nie kom vra dat ons “inferior diplomas” en “inferior degrees” moet uitdeel nie, want dit dra niks by tot ‘n beter toekoms nie. Carol sê toe sy besef ek is alleen by die skool, het sy benoud geword. Sy het ‘n kettie gegryp en buite ons tuinhekkie gaan staan, gereed om los te trek as daar probleme is.

Die studente het verder getoyi-toyi: “We go places, we see new faces, we leave no traces.” Hulle het onder meer gesing dat hulle die student wat afgestudeer het, sou doodmaak. Daarna is hulle terug. Dit was nie die einde van die saak nie. Een van die studente wat gedruip het, was op die studenteraad van die universiteit. Hy het die betoging gelei, en begin 1990 het hulle studenteraad die saak met die top bestuur van die universiteit opgeneem. Daar is ons dosente daarvan beskuldig dat ons die studente laat druip omdat ons hulle kwaadgesind sou wees.

Die uitvoerende komitee van die senaat het die vraestelle, waarvan alle punte verwyder is, na dosente in Pretoria gestuur om te laat merk. Die studente het selfs nog swakker punte behaal. Die studente bet dit anders geïnterpreteer. ‘n Jaar later skryf een in ‘n brief aan die kommissie van die kuratorium wat die gebeure ondersoek het: “A Christian institution’s policies and dealings with its own subjects ... (are) disappointing, and disgraceful facts remain naked and proven that the results were planned as they came out and made know to us ... it was confirmed a notorious malicious inhuman act and therefore were given a special examination.” (Hy verswyg dat hulle na arbitrasie nog slegter gevaar het.)

Daarna beskuldig hy die kommissie: “You enjoy yourselves, sitted in those cosy offices, with the weight of authority upon you in the name of God ...”, terwyl hulle sy roeping en sy bediening en die bediening van die kerk verydel.

Hy sluit af met ‘n pleidooi: “... I am already made to perceive the Ministry of God, as a Ministry of suffering ... has it not been enough ... that I have been able to withstand the tests of suffering and therefore proved spiritual maturity to can serve ... Or do you still

feel in your capacity that I am still far from being well cooked and palatable on/to your taste buds."

Hy vra dan, omdat hy reeds soveel gely het, dat hy toegelaat word tot die bediening, wat 'n bediening van lyding is: "This is the cry (a lamentation) of the suffering black spirit of God from the deep in me."

Ek hoop ek het duidelik gemaak dat ek die probleem nie onderskat nie. Hierdie denkpatrone ondermyn verhoudinge, dit maak vertroue byna onmoontlik, dit verhinder persoonlike verantwoordelikheid. Ander mense kry altyd die skuld vir alles wat verkeerd is.

As die probleem reg geïdentifiseer is, kan 'n mens begin dink aan 'n oplossing. Eerstens moet 'n mens sê dat 'n oplossing nie onmoontlik is nie. Ons het ook ervaar dat daar tog vertroue groei, veral as 'n mens iemand in 'n krisis nie in die steek laat nie. Op die vlak van persoonlike verhoudinge, van mens tot mens, het ek deur alles gevoel dat ons tog byna altyd goeie en selfs hartlike verhoudinge kon behou.

Dikwels sal 'n student later terugkom en sê: Ons staan by julle, of: Ek wil by jou verder studeer. In 1991 het al die prominente studente wat hierbo ter sprake gekom het, reedskom vrede maak en verhoudinge herstel – al het party dan weer die magspel hervat.

Daar was swart studente en kerkleiers wat net so min met die optrede saamstem as ons, terwyl blankes soms op dieselfde wyse as die studente redeneer.

Ons moet verder onthou: ons mag ons eie kultuur nie sonder meer as norm vir ander kulture voorhou nie. Dit is wel belangrik dat ons die ontmoeting, en die konflik en misverstande wat daaruit voortspruit, deurleef interpreteer en leer hanteer.

Ons sal moet aanvaar dat daar onsigbare faktore is wat 'n rol speel in ons kommunikasie met Afrika – die gesindheid wat ons uitstraal, ons hele wyse van omgaan met ander, die goeie dinge wat ons nie gedoen het nie, die onpeilbare inhoud van ons onderbewussyn wat tog êrens tot uiting kom.

As Christene moet ons bid: "Deurgrond my, ondersoek die dieptes van my hart, Here, want U alleen ken my."

5 Onderliggend by onderhandeling

Wat het ons uit die pynlike geskiedenis van konfrontasie en onderhandeling in die kruiskulturele konteks van Stofberg geleer?

Min. Pik Botha se Nuwejaarswens vir die land in 1991 was bowenal verdraagsaamheid. Ons moet ons daarop toelê, pleit hy, om begrip te kry vir die redes waarom die ander man maak soos hy maak – veral as ons nie van daardie make hou nie. So praat ‘n man wat al ‘n bietjie deur hierdie meul was!

Ons ondervinding was dat in tye wanneer spanning ‘n bepaalde vlak bereik, dan kom tradisionele reaksiepatrone, wat altyd onder die oppervlak was, na vore. Dis seker ewe waar van die Weste as wat dit van Afrika is. Vir ons was dit van belang om te besef dat daar ander denk- en reaksiepatrone as die Westerse is wat by sulke onderhandelinge in die spel kom.

Heel eerste was daar die besef dat taal dikwels nie gebruik word om feite en gevoelens waar en betroubaar te formuleer, om dit wat ons die werklikheid noem, presies weer te gee nie - soos dit is wanneer ons ons op redelikheid beroep. Taal word eerder gebruik as ‘n middel om ‘n debatspunt mee aan te teken, om mee te maneuvreer, om jou teenstander te beïnvloed en te manipuleer. Dit gaan in die laaste instansie daarom om voordeel te behaal - om mag, nie soseer om waarheid nie. Daarom kan heftige woorde van een oomblik met handomkeer die volgende oomblik op hul kop staangemaak word as omstandighede verander.

Daarin lê vir die Afrika-mens geen teenstrydigheid nie. Op ‘n manier is die “ek” wat nou een ding sê, nie die “ek” wat net nou ‘n ander storie praat nie. Dit is wat die sendeling John V. Taylor bedoel as by praat van die “scattered self”: namate omstandighede verander, moet die persoon opnuut sy identiteit “negotiate”. Die sielkundige Johan Schoeman praat van ‘n “contextualised identity”.

Hierdie verskynsel hang saam met ‘n “magiese” wêreldbeeld, waar die mens nie persoonlik verantwoordelik is nie, maar beheer word deur onsigbare magte anderkant die rede. Sy enigste verweer is om hier die magte te probeer paai, manipuleer of uitoor lê. Hy is heeltyd besig om te “maneuvreer”.

Wanneer ek nagte lank met studente gedebatteer en onderhandel het, wanneer ek keer op keer te doen gekry het met growwe teenstrydighede in hul uitsprake en optrede, dan het die woorde van K.C. Anyanwu, ‘n filosoof uit Afrika, ‘n Nigeriër, in sy boek *African philosophy*, my bygebly: “Pure reason is always uncomfortable with contradictions, and nothing is as contradictory as the African beliefs and behaviour ...” (1984:88).

Dit dring tot ‘n mens deur dat tradisionele Afrika ‘n ander denkpatroon het as die Weste.

Wole Soyinka van Nigerië, die Nobelpryswenner, praat van “a recognisable Western cast of mind, a compartmentalising habit of thought ...” (1976:37) en daarteenoor van “the assimilative wisdom of African metaphysics” (1976:49), wat geen wesenlike verskil sien tussen wetenskaplike en magiese tegnieke om, byvoorbeeld, weerlig se energie te benut nie.

Dit is bekend dat die Westerling tradisioneel analities dink. Die logika sê dat A en nie-A nie albei gelyk waar kan wees nie. In die Afrika-tradisie sluit een nie die ander uit nie.

In onderhandelinge skep dit probleme. So kan mense op een komitee of vergadering een standpunt of strategie geesdriftig ondersteun, terwyl hulle in ‘n ander groep presies in die teenoorgestelde rigting werk - met ewe veel geesdrif. Die teenstrydigheid kan ook oor lang tydperke volgehou word. Die een ding sluit die ander nie uit nie, soos ons dit wil hê. Die “scattered self” bied geen probleem aan daardie kant van die onderhandelingstafel nie!

Hierdie anderse ingesteldheid teenoor die waarneembare werklikheid is ook bevorderlik vir die indirekte kommunikasie waarvoor Afrika so lief is.

Tradisionele beleefdheidsgebruike in Afrika lei dikwels tot ‘n indirekte vorm van praat. Negatiewe en onaanvaarbare dinge mag nie direk gesê word nie, maar moet op ‘n indirekte wyse, op ‘n beleefde en positiewe manier, gesê word.

Dit gebeur dan by herhaling dat ‘n persoon wat beleefd en positief optree, nie vertrou word nie. Daar word gesoek na die negatiewe bedoeling wat agter die positiewe front verberg word. Beleefdheid en ‘n positiewe benadering word dikwels gewantrou, en as ‘n poging tot manipulasie gesien.

Studente sou sê: “What I am hearing you say ...” en dan iets totaal anders interpreteer as dit wat gesê is - gewoonlik iets negatiefs. As daar in onderhandelinge een party is wat die betekenis in die taal soek terwyl die ander ‘n verborge betekenis agter die taal sien, dan wek dit misverstand. Dan moet daar eers vertroue en gemeenskaplike doelwitte kom voordat enige probleem opgelos kan word.

Die Afrika-benadering, wat die mens sien as speelbal van onsigbare magte, is vreemd aan die hoogontwikkelde Westerse begrip van die individu as heerser oor sy wêreld, wat as heerser verantwoordelik gehou word. Die Christen, daarenteen, is bewus van sy persoonlike verantwoordelikheid voor God, en van ‘n persoonlike sondigheid wat in alles verweef is.

Die onsigbare magte kan deur ander gemanipuleer word. Daarom is die tradisionele swart mens altyd op die uitkyk na ‘n negatiewe gesindheid wat ‘n medemens altemit teenoor hom in die mou voer en, selfs buite bewuste bedoelinge om, anderwêreldse magte teen hom in werking kan stel. Negatiewe gesindhede wat hyself het, verbloem hy op sy beurt, behalwe by spesifieke geleenthede waar alle moontlike verborge gevoelens uitgespreek word sodat die lug gesuiwer en die verhouding versterk word.

Die negatiewe gesindheid kan geregverdig wees, of die persoon is dalk nie eens bewus van sy woede of jaloesie nie, maar dit is nogtans die gevaarlikste en mees gevreesde saak omdat dit teenspoed vir ander veroorsaak as dit nie gesuiwer word nie. Die towenaar is enige mens - dalk jou beste vriend - wat met ‘n verborge wrok of jaloesie

teen jou rondloop. As daar êrens teenspoed is, moet die towenaar uitgewys en desnoods verbrand word. Bekering is dan nie meer moontlik nie.

Die uitgangspunt is soos Axel-Ivar Berglund dit in *Zulu thoughtpatterns and symbolism* stel: “There is always somebody (responsible)” (1976:318).

Tydens onderhandelinge is individue baie bang dat hulle deur die groep uitgewys sal word as iemand met ‘n verkeerde gesindheid. Mense het al gesê hulle is bang dat hulle doodgemaak sal word as hulle standpunt teen die groep sou inneem. Die soeke na geheime agendas oorheers die sigbare agenda, maak dit feitlik irrelevant.

Met daardie geweldige groepsdruk moet rekening gehou word. Die Westerse gemeenskap, nieteenstaande al sy klem op die individu, is natuurlik ook nie vry daarvan nie, maar in die Afrika-konteks is dit geweldig.

Ons studente het geen ruimte aan individue gebied om van die groep te verskil nie. Die kreet: “One for all and all for one, an injury to one is an injury to all,” het gelei tot groot druk op individue om te konformeer. Daar was doodsdreigemente, en baie gerugte daarvan, en dit het konformisme afgedwing.

Selfs op sinodale vlak het mense gesê hulle is bang om te verskil: “Die mense wat nie saamstem nie, sal deur die Comrades oortuig word.”

Ons pogings om in die kerk en by Stofberg oor oplossings te onderhandel op die grondslag van gemeenskaplike waardes en beskouings het oor ‘n tydperk van vyf jaar by herhaling misluk. Die verskil in denkpatrone wat hierbo genoem is, kon dikwels die misverstande verklaar.

Sonder om ‘n waardeoordeel oor die twee denkpatrone uit te spreek, kan ‘n mens sê dat een van die grootste slaggate in onderhandelinge sou wees om dié verskille te onderskat.

Dit is goed om te soek na gemeenskaplike gronde en waardes, maar daar moet in gedagte gehou word dat dit by onderhandeling terselfdertyd ‘n magstryd is. Dit is ‘n fout om geen mag te hê om gesamentlike besluite bindend te maak nie.

Die Vendas het ‘n woord, “u-kondelela”, wat beteken “ek hou aan selfs al wou ek al opgehou het”. Wie oor kultuurafgronde heen onderhandel, mag dit nooit uit die oog verloor nie. Ongeduldig word, moedeloos raak - moenie. Dit is dikwels ‘n kwessie van wie die langste kan volhou: hy is die een wat die sterkste is. Dit is die onderhandelaar se innerlike krag wat in die onderhandeling op die proef gestel word. In die proses leer mense mekaar ken en verstaan en vertrou, en kom daar tog oplossings, DV.

In Oktober 1990 was ek ‘n waarnemer toe die NG Sendingkerk en die NG Kerk in Afrika een wou word - ‘n poging wat baie amper op ‘n breekspul uitgeloop het, ondanks die groot erns oor kerkvereninging by albei partye.

‘n Veelvoud van elemente was in die spel en binne die onderskeie kerke self was daar ingrypende verskille; maar ek glo tog dat verskille, onder meer in kulturele denkpatrone, ook hier tot die spanning bygedra het.

“Jy dink nog op ‘n Westerse manier,” het dr. Nico Smith van die NGKA in ‘n stadium aan ds. Jan Mettler van die Sendingkerk gesê toe dié sy besware teen die swart kerk se prosedure uiteensit. Dit is ‘n aanduiding dat dr. Smith self gevoel het sy eie denke volg nie die gewone Westerse patroon nie.

Die kernpunt waarom dit gegaan het, was die Belhar-belydenis en die vraag of die NGKA se Algemene Sinode hy die samesprekings ‘n bepaling van sy eie kerkorde omver kan gooi - die bepaling dat die kerk alleen sy belydenis kan verander nadat elke streeksinode afsonderlik met ‘n tweederdemeerderheid ten gunste daarvan besluit het. ‘n Voorvereiste wat die NGSK vir vereniging gestel het, was naamlik dat die NGKA die Belhar-belydenis moes onderskryf – en daardie belydenis het nog nie voor die streeksinodes gedien nie.

Dis nie die plek om die troebel en stormagtige verloop van die samesprekinge te voet te volg nie. Feit is, nadat die NGKA laatnag die Woensdag deur sy eie leiers oorreed is hy kan wel sy kerkorde omvergooi, daar en dan die Belhar-belydenis aanvaar en summier met die NGSK verenig, toe kom daar die Donderdagoggend van die NGSK ‘n ongetekende brief om te sê: as die NGKA nie volgens sy kerkorde handel nie, dan kan enigeen wat teen kerkvereniging gekant is die sinodebesluit in die hof tot niet maak. Dit is dus ‘n “bedenklike basis” vir vereniging.

Die empiriese en rasionele probleem was eenvoudig en duidelik. Maar in Afrika word dinge nie altyd op empiriese en rasionele gronde verklaar nie. Daar word gesoek na onsigbare magte en mense agter die empiriese en rasionele.

Die NGKA het die saak self daardie Woensdag en Donderdag nooit eens ernstig bespreek nie, maar gesoek na dinge wat dalk agter die saak lê: die sendelinge wil ons verdeel; wie het die NGSK gaan vertel van ons besluit?; die NGSK is paternalisties, hulle wil vir ons besluit; die geweld in die land is veroorsaak deur ons kerklike verdeeldheid; en die blankes sit hieragter.

Die Algemene Sinode het besluit: dit is ons eie kerkorde (al het party gesê dit kom van die sendelinge af); omdat dit ons eiendom is, kan ons dit self verander. Soos in die geval van die kuratorium se ultimatum aan ons studente.

In Harare sê die NGKA se Assessor, ds. Marcus Maphoto, vir my: Al hierdie besluite wat ons op vergaderings neem, is nie realiteit nie. Dis soos die blanke amptenaar van landbou wat in sy kantoor sit en strepe trek op sy kaart. Hier moet ‘n draad kom, daar moet ‘n suipplek kom. Maar as hy daar in die veld kom, dan sien hy die realiteit. Dan maak hy wat die realiteit vir hom sê. So is dit ook in die kerk.

Die NGSK het, op Westerse wyse, gevoel dat ‘n mens gebind word deur jou besluite, jou konstitusie, jou woord. Natuurlik is daar in die Weste baie mense wat nie woord hou nie, wat nie staan by hulle besluite nie, wat die konstitusieverbreek, maar dit word dan algemeen geïnterpreteer as iets wat nie hoort nie. In die swart kerk is dit iets wat verdedig en regverdig word. Die grondliggende uitgangspunte oor wat reg en verkeerd is, verskil.

Hierdie prinsipiële skeiding tussen woorde en realiteite lei daartoe dat mense hulle nie gebind voel deur besluite nie, en dat hulle verskuilde motiewe soek agter elke spreker se woorde. Dit het die verhouding tussen die NGKA en die NGSK, en verhoudinge binne die NGKA, onder ernstige spanning geplaas.

Die bestudering en bespreking van verskille in denkpatrone kan dalk heelwat bydra om ons te help om dit te verstaan, en om maniere te kry om dit te hanteer. Ongelukkig het ons nog maar min aandag daaraan gegee en is daar nog baie wat, om een of ander rede, die bestaan van sulke verskille ontken.

Daar kom ook ‘n dag dat ‘n mens versteld staan voor wat vir jou geheel en al geen sin maak nie - nou nie meer net in swart mense se woorde nie, ook in hul optrede. Jy staan in die onbeskryflike chaos van daardie eetkamer wat die studente self tot in die grond verwees het toe hul ontbyt nie gereed was nie omdat die werkers, en dit in solidariteit met die studente, gestaak het. Jy is getuie, ‘n ander keer, van hoe hulle die boekwinkel by hul eie universiteit afbrand.

Sedert 1976 se onluste is dit die een ding wat blankes nie kan kleinkry nie: hoekom verwoes swart mense hul eie goed, hul biersale, hul skole?

‘n Enkelvoudige antwoord hierop is daar natuurlik nie. Een element is dat hulle voor die voet die dinge wil vernietig wat van “die stelsel” kom; ‘n ander element is wrokke wat lank onderling in die swart gemeenskap gesmeul het – kinders s’n, byvoorbeeld, teen biersale waar mans hul geld uitdrink terwyl daar tuis broodsgebrek is. Dan is die verwoesting soos die oordeel Gods wat die boosheid van Sodom en Gomorra met wortel en tak uitgedelg het. Brand, Babilon, brand! Maar daar bly ook ander donker bronne vir die vernietigingswellus wat aansluiting vind by oeroue tradisionele denkpatrone en diep in die onderbewuste van swart Afrika wortel.

In die kringloop van tradisionele swart denke (in teenstelling met die lineêre denke van die Weste) volg geboorte op dood soos die nuwe jong gras spruit uit die verskroeide aarde van die veldbrand; word dood en vernietiging dus eintlik ‘n voorvereiste vir nuwe lewe, en teenstrydighede versoen in ‘n grootse sirkelgang.

Dit is seker omdat dit aansluiting kon vind by hierdie ou, diep wete dat die Xhosa in die negentiende eeu gehoor kon gee aan Nongqawuse se katastrofale profesie: as julle al jul beeste en graan vernietig, sal julle van die blankes bevry word, sal ‘n dag van groot voorspoed aanbreek. Wat ook al die rasionele beweegredes, dit is dieselfde denkklimaat wat dit moontlik maak om internasionale sanksies te bepleit wat SuidA-frika se

ekonomie tot in die grond boor, met die verwagting dat ‘n heerlike nuwe toekoms uit die gevolglike armoede en werkloosheid sal opstaan.

Juis uit sy as verrys die vuurvoël weer.

6 Die ou gelowe

Dit is nie net, dit is lank nie net, die blanke in Afrika wat ‘n nuwe identiteit moet vind op die kruispunt van twee wêrelde nie. “Daar in die stad was daar ‘n keer moeilikheid,” sê ds. Lehasa Mokoena onlangs. “Toe ek daar kom, is daar baie jong mense. Hulle is woelig. Ek is daar, jy weet, simbool van die Christelike geloof. Ons is daar binne-in die struggle. Toe hoor ek, terwyl die mense rondmaal, ‘n groep staan en stry: ‘Ke Modimo’ (Dit is God wat dit gedoen het) en ‘Aowa, ke badimo!’ (Nee, dit is die geeste van die voorvaders!).” Ek sê: “Ek het al gewonder of hierdie vrae nie ook aan die grondslag lê van al die gedurige moeilikheid en ontevredenheid van ons studente nie.”

“Dit is baie, baie, baie moontlik!” roep Lehasa uit. “Ek is bly dat jy dit raaksien!”

In 1986 het die swart kerk beheer oor ons opleiding oorgeneem, en gou daarna het daar, skielik, ‘n hewige verset by ons studente losgebreek. Dit was soos gemmerbier wat in toe bottels gegis het totdat ‘n bottel bars, en die taai spul oor die mure en matte uitspat.

Talle van die verwyte en beskuldigings was so onduidelik, selfs onbenullig, dat ons gewonder het wat daaragter sit. Waarom het daar so kwaai drukking opgebou in die bottel?

Geleidelik het ons bewus geword van die rol van die tradisionele Afrika-godsdiens in die verset. (Maar intussen moes die gemors opgeruim word, en kort-kort het nog ‘n bottel gebars!)

Studente het in hul take geskryf: Waarom mag swart Christene net die Westerse dokter be soek? Waarom nie die tradisionele dokters nie? Elke vermoë om siekte gesond te maak, kom tog van God, of dit nou op ‘n natuurlike wyse gebeur of op ‘n bonatuurlike, magiese wyse. En waarom is die blankes teen die diens aan die voorvaders? Hulle dien dan self hulle voorvaders, soos bewys word deur hulle “numerous braais”.

Een student sê dat daar leraars is wat die tradisionele dokter “Nicodemously” in die geheim snags besoek het. Maar deesdae gaan hulle openlik.

Mense begin vra: Waarom moet ons dit wegsteek? Dit is ons eie godsdiens. Waarom moet ons daarvoor skaam wees? Ons het ‘n fout gemaak om die blankes se godsdiens oor te neem. Dit is deur blankes uitgedink vir hulle eie behoeftes. Maar dit is nie die regte ding vir ons nie.

Bevryding word dan ‘n bevryding van die Westerse godsdiens. Prominente kerkleiers wat op ons kuratorium is, praat in dié rigting. Dr. Elia Tema sê by ‘n konferensie: “Die geskiedenis van die Eksodus is ‘n growwe belediging vir ons mense in Afrika, want Farao was ‘n man van Afrika. Ons verwerp die lofsang wat gesing is toe Farao en sy manne in die see verdrink het. Om die waarheid te sê, die hele gedeelte tussen Abraham en Christus is nie vir ons aanvaarbaar nie.”

Dr. Thakatso Mofokeng (in 1991 verkies tot aktuarius van die Algemene Sinode van die NGKA) skryf dat Christus ‘n mens met homself versoen. Dit beteken dat Hy die mens van Afrika weer met sy eie kultuur en met sy eie tradisionele godsdiens versoen. Dit het ingrypende implikasies, want tradisioneel is die mense van Afrika deur die grond aan hul voorvaders verbind, want die vaders lê in die grond begrawe. Sonder hierdie verbintenis met die afgestorwenes is die mense van Afrika sonder wortels, sonder identiteit, sonder koers. Maar Christus gee aan hulle alles terug wat die blankes met geweld wederregtelik afgevat het. Daarom het geen blanke eiendomsreg op grond in Afrika nie.

In 1990 begin die absolute groepsdruk onder ons teologiese studente verswak, wat sedert 1986 alle verskil van mening doodgedruk het. Nuwe studente word nie, soos voorheen, in die ou groep ingetrek nie. In 1991 is dit duidelik dat die meerderheid die protes laat vaar en ‘n ontspanne verhouding met die dosente verkies, en om deur studie eerder as betogings ‘n slaagpunt te behaal. Die Bybelstudies word weer goed bygewoon. Verskeie studente, wat in vroeër jare hoogs ontstoke hier weg is, kom met ‘n nuwe gees terug.

Daar is egter ‘n paar wat die stryd voortsit. Hulle maak formeel beswaar teen die teologie wat aangebied word. Halle wil “objektiewe, wetenskaplike studie van religie” hê, en nie ‘n “apologie vir die Christelike geloof ten koste van ander religieë” nie. Hulle verwerp die “traditional Dutch Reformed doctrinal thought pattern” en betoog met ‘n plakkaat: “This is Faculty of Satanology, not Theology!” Hulle praat van “this course’s embarrassing (sic) attacks on African culture, religion and tradition”.

Die betrokke dosent sê hy probeer net die bekende feite behandel, maar sekere studente wil altyd ‘n diskussie afdwing en die tradisionele Afrika-godsdiens verdedig. Hy wens hulle wou net objektief en wetenskaplik wees, en ophou om dispute te wil uitlok!

Dit is ‘n patroon wat hom in die konflik herhaal: die betrokke partye het presies teenoorgestelde interpretasies van die oorsake daarvan. Maar in 1991 kom ons baie naby aan dit wat ons van 1986 al hoe sterker vermoed het. Die drukking wat opgebou, wat die bottels laat bars het, kom uit die spanning tussen die Christelike geloof en die tradisionele Afrika-godsdiens. Dit was nie die etes of die huurgelde of die eksamenuitslae wat die kern van die onrus was nie. Uiteindelik gaan dit in hierdie konflik oor die fundamentele vrae van ons bestaan: Wie is God? Wat is die mens? Watter identiteit moet wit en swart hier in Afrika navolg?

Die protesteerders het ons almal ‘n diens bewys deur – uiteindelik – die grondliggende konflik op die tafel te sit.

Onlangs nog gesels ‘n hele paar jong gegradueerde swart leraars met my, en die gesprek onderstreep opnuut vir my die geweldige uitdaging waarmee hulle, en miljoene soos hulle, al meer gekonfronteer word. “Jy weet,” sê een, “ek het altyd gedink die aanbidding van die voorvaders en die vrees vir toordery is nie meer belangrik nie. Dit was nie eens iets waaroor ek as student gedink het nie. Vandag sien ek hoe belangrik dit is en dat ons daaraan aandag moet gee.”

Maar is dit dan nog belangrik? vra ek.

“Ja!” antwoord hy. “Ek het in ‘n pastorie grootgeword. My pa was ‘n leraar. Toe hy ‘n Christen word, het hy gebreek met die ou gelowe. In ons huis het ons nie eens daaraan gedink nie. Die mense het geweet hy neem nie deel aan swart gebruike nie. Hy het die blanke kultuur verteenwoordig. Hy was voorsitter van die skoolraad, hy het soos ‘n blanke geleef. Maar toe ek self leraar word in die gemeente, kry ek vir die eerste keer werklik probleme. Van die ouderlinge in die gemeente het my teengestaan. Ek het swaar gekry. Toe kom die gedagte op by my: waarom gebeur die dinge met my? Het die voorvaders iets daarmee te doen? Is dit towerkrag? Ek kan dit self nie verstaan nie, maar die dinge het vir my ‘n probleem geword. En dit is vir baie leraars ‘n probleem. Die mense sê: Ons leraar moet nie half wit en half swart wees aie. Hy moet een van ons wees, heeltemal swart.” Ek vra waarom die ouderlinge probeer het om die lewe vir hom moeilik te maak. Omdat hulle in verset was teen die evangelieboodskap? Hy antwoord: “Dit is die vraag. Dit lyk so. Die stryd tussen die evangelie en die ou gelowe is sterk in die harte van mense. Ek voel dit in my eie hart.”

Ek vertel van ‘n byeenkoms wat ons teologiese studente onlangs gereël het. ‘n Dosent in die sosiologie is genooi om te praat. Hy het gepraat oor die “netelige kwessie”: wat is die rol van die Christelike kerk in die swart bevrydingstryd?

Orals in die wêreld, sê hy, was die godsdiens die belangrikste dryfveer in die stryd om nasionale bevryding. Gandhi was ‘n Hindoe. In Japan, Noord-Afrika, Indonesië, orals het mense krag vir die stryd geput uit die godsdiens van hulle vaders. Maar swart mense sit met die probleem: “Ons godsdiens is die godsdiens van ons onderdrukker!” Die blankes, sê hy, het alles vertrap wat vir ons heilig was, en hul eie godsdiens in die plek daarvan geplaas. Kan daardie godsdiens nou die bron van motivering vir ons wees? Jomo Kenyatta met sy Engelse vrou en sy Christelike godsdiens het begin om die stryd teen die Engelse kolonialiste aan te knoop. Maar dit wou nie vlot nie. Toe het hy van die vreemde dinge ontslae geraak. Hy het teruggekom, “to face Mount Kenya, the home of the ancestors”. Van daar af het sy bevrydingstryd vlam gevat.

“We want to build something truly African,” het die spreker gesê. Ons studente het met baie groot erns en aandag na die spreker geluister. (Daarna het die studente na ‘n James Bond-prent gekyk, en die spreker is huis toe in sy Merc.)

“Ja,” vertel ‘n ander. “Die dinge is ‘n groot probleem vir ons studente. As hulle universiteit toe kom, moet hulle daar by die huis eers na die sangoma toe gaan vir medisyne om hulle te beskerm, daar in die vreemde. As een van hulle siek word, moet hy eers huis toe gaan om medisyne te kry vir beskerming. As hy ‘n graad behaal, is hy bang dat ander jaloers sal wees en hom toor. Dan moet hy weer beskerming kry. As hy beroep word, moet by beskerming kry teen gemeentelede wat hom vyandig mag wees. Eendag as hy moderator word, moet hy sterk medisyne kry, want dan is hy baie hoog en baie mense wil hom van sy stoel laat afval. Hy leef in vrees vir towery, en hy soek beskerming daarteen by die toordokter, in die nag, as niemand hom sien nie. “Onlangs het ‘n sangoma daar by ons tot bekering gekom,” vertel hy verder. “Na haar bekering sê sy vir my: ‘Jy was die eerste leraar in ‘n lang tyd wat nie na my toe gekom het nie.’”

Dit herinner my aan iets wat ek self ervaar het in een van my eie gemeentes. Daar was ‘n ou afgetrede swart leraar in die gemeente. Hy wou graag help in die uitgestrekte gemeente met sy meer as twintig buiteposte, waar ek toe die enigste leraar was. Ek wou ook natuurlik graag hulp hê, maar die kerkraad het botweg geweier.

By een kerkraadsvergadering het die ding weer ter sprake gekom. Een evangelis was in die hospitaal na ‘n beroerteaanval. Die skriba, ‘n skoolhoof, het rumatiek in sy arm gehad en gevra dat ‘n ouderling, ‘n dosent in Bybelkunde aan ‘n onderwyserskollege, die notule hou. Die kerkraad het die ou leraar se aanbod om te help weer afgewys. Ek het nie veel gepraat nie, maar na die tyd vir die skoolhoof en die dosentouderling gesê ek is tog jammer dat ons sonder die ou leraar se hulp sal moet klaarkom.

“Laat ek jou sê wat is die probleem,” sê die skoolhoof. “Die gemeente wil niks met die ou leraar te doene hê nie, want hulle sê by is ‘n towenaar. Hy het een van die vorige sendelinge eendag baie kwaad gemaak. Nie lank daarna nie is die sendeling dood aan ‘n hartaanval. Nou glo die mense die ou leraar het hom getoor. Hulle is bang vir hom.”

Terwyl hy praat, het die ouderling, ons dosent in Bybelkunde, lekker gelag. “Ja,” sê hy. “Toe ek hoor die evangelis het beroerte, toe sê ek: daar’s hy. En toe die skriba vandag sê hy het ‘n pyn in sy arm, toe dink ek: daar’s hy weer. Nee, dominee, kom ons los hierdie man liewer alleen. Hy is gevaarlik vir ons en vir jou.”

‘n Goeie vriend van my het as jong blanke leraar saam met ‘n ouer swart leraar in ‘n gemeente begin. Die swart leraar was ‘n gevestigde en gerespekteerde predikant in die kerk. Die twee het ‘n goeie verstandhouding ontwikkel en daar het sterk groei in die gemeente gekom.

‘n Mens wonder waar dinge begin verkeerd loop het. Die swart leraar het ‘n neef gehad wat ‘n skoolhoof was, en by is in ‘n rituele moord doodgemaak. Dit is moontlik dat die gebeurtenis die ou leraar dermate ontstel het dat hy sy koers kwytgeraak het. Dit kan wees dat hy reeds voor die tyd deur al die dinge bedreig gevoel het. Hy het vertel van ligte wat hy in die huis sien beweeg en dinge wat hom in die nag wakker maak. Sy werk het begin agteruitgaan, en hy het begin rusie maak met almal in die gemeente. Die

kerkraad moes lang dae en laat nagte vergaderings hou om al die klagtes teen hom te ondersoek. In die proses het dit geblyk dat hy sy vrou as toordokter laat oplei het en dat sy in die pastorie praktiseer. Dit lyk of sy vrese die oorhand gekry het oor hom.

Die ou blanke sendelinge het aandag gegee aan die probleme wat hulle verstaan het, en daarop die antwoorde gegee wat hulle geken het. Hulle het gemeen dat Westerse skole, moderne medisyne en die prediking van die Word eenvoudig die ou godsdienste tot niet sou maak.

Ons dink vandag nog steeds baie aan die probleme wat saamhang met die Westerse kultuur: die verstedeliking, werkloosheid, politieke probleme, sosiale verhoudings. Op hierdie terrein is die kerk betreklik aktief. Maar daar is ook ‘n magdom probleme wat hul oorsprong het in die tradisionele wêreldbeskouing van Afrika. As die kerk nie hieraan ook aandag gee nie, word mense, ook die leraars self, daaraan blootgestel sonder enige verweer daarteen. En dit kan wees dat daardie kompleks van probleme baie nader aan die hart van ons onversoende politieke, ekonomiese en sosiale verhoudinge lê as wat ons gedink het.

Dit sou ‘n fout wees om aan te neem dat hierdie ou, agterlike dinge met die koms van “‘n nuwe Suid-Afrika” soos mis voor die son sal verdwyn. Inteendeel. Dit is selfoorskatting van die blankes om te dink dat Afrika se eie kultuur sommer sal verdwyn as die Weste s’n op die toneel verskyn.

My blinde vriend Maluta van Venda kuier by ons op Turfloop. Hy sê mense praat deesdae baie van zombies. ‘n Zombie is ‘n dooie mens wat weer lewend gemaak is. Hy het geen wil van sy eie nie, maar voer die bevele uit van sy baas en verrig take vir hom. Sy tong is uitgesny sodat hy nie kan praat nie.

Kan mense die zombie sien?

“Nee, hy word weggesteek. Hy werk in die nag. Mense sê dat hulle weet daar is ‘n zombie as iemand begin ryk word. Of jy stap by sy huis verby, vroeg in die more, en dan sien jy sy tuin is omgespit en natgegooi terwyl dit die vorige dag nie so was nie. Dan weet jy daar is ‘n zombie wat daardie werk in die nag gedoen het.”

En dan?

“Dan steek hulle sy huis aan die brand. Maar as daar regtig ‘n zombie binne-in die huis is, dan kan die huis nie brand nie. As die huis brand, is dit jammer vir die eienaar. Hy het wel sy huis verloor, maar hy word nie meer verdink dat hy ‘n towenaar is nie. Dit is waarom baie mense bang is om ryk te word, en mooi huise of tuine te hê. Die mense sal sê: hoe het hy dit reggekry? Hy het seker ‘n zombie wat vir hom werk” Is daar vrouens wat zombies is?

“Ja,” sê Maluta.

Kan hulle kinders kry?

Hy lag. “Ja, want hulle is mense. Hulle kry kinders van die towenaar. Dit is wat die mense sê. Ek weet nie of dit waar is nie. Ek het nog nooit ‘n zombie gesien nie.”

“Ja,” sê ek. “Dit is ‘n nuwe ding. Toe ek daar was, het ons nooit daarvan gehoor nie.”

“Nee,” sê Maluta. “Dit is nie ‘n nuwe ding nie. Dit was nog altyd daar. Maar vandat De Klerk die veranderinge aangebring het, vandat Mandela vrygelaat is, voel die mense vry om daaroor te praat. Hulle voel dat hulle eie dinge nou aanvaarbaar geword het. Hulle mag nou hulleself wees. Voorheen het hulle net nie daaroor gepraat nie.” Ná die “onafhanklikheid” van Venda het dieselfde gebeur wat rituele moord betref. Skielik het almal daaroor gepraat. Ou gebruike het ook herleef. Toe ‘n ou gerespekteerde lekewerker en ouderling in ons gemeente sterf, het sy familie hom die Vrydagnag begrawe. Die Saterdag toe ons opdaag vir die begrafnis was alles verby. Mense het gefluister dat so ‘n hoë lid van die kapteinsfamilie nie alleen begrawe word nie - ‘n jong meisie moet hom vergesel.

Soos Maluta kan ek ook net van hoorsê praat. Of die dinge “waar” is of nie, is nie hier die dispuut nie. Feit is, vir miljoene swart mense is dit ‘n werklikheid - skrikwekkend en vreesaanjaend.

Dit is ‘n aspek van Afrika wat hom nie sommer net onder die mat laat vee nie. Dit gee gestalte, in watter vreemde vorm ook al vir ons, aan donker roeringe van die psige waarmee die Weste self nie aldag raad het nie.

7 Album

ANDER MANIERE

Kort nadat ons in Venda gekom het, was daar ‘n ligte beroering onder van die blanke amptenare. Daar was glo ‘n vingerete waarheen Vendas en blankes uitgenooi was, met ligte eetgoed en ‘n paar bottels wyn op die tafels onder die groot koeltebome. Die swart gaste het nie rondgestaan en proe-proe gesels nie, maar die tafels “gesweep”. Die blankes was geskok oor die swak tafelmaniere.

Carol en ek het geredeneer blanke amptenare in Venda behoort uit ervaring te leer watter onthaal slaag en watter nie. Moes hulle nie al teen dié tyd geweet het dat so ‘n vingerete nie werk nie? Ons was vasbeslote om maniere te vind om met ons gemeente om te gaan waarbinne ons en hulle albei tuis kon voel.

Ons kerkraad het elke twee of drie maande vergader, van tienuur in die oggend tot so vier- of vyfuur in die middag. Daar is tee gedrink en middagete geëet. Carol was hiervoor

verantwoordelik. Middagete het altyd bestaan uit vars wit “buns”, wat ek vroeg die oggend by die bakkery moes gaan koop.

Ons het gou besluit dat ons darem ‘n beter ete moes voorsit. Ons eerste poging was ‘n vingerete. Carol het gevulde eiers gemaak, en worsies met stokkies, en soutigheidjies, en beskuitjies met smere daarop – alles ewe keurig gerangskik. Ek het die skinkbord rondgeneem. Die eerste ouderling het ‘n kwart van die hele ete op ‘n hoop afgeskuif op sy bord. Carol het gou bakkery toe gejaag om “buns” te gaan koop. Ons het agtergekom dat die ete by alle geleenthede in Venda dieselfde is: pap, vleis, sous, kool, miskien aartappels of patats, en beet- of wortelslaai. Tot my groot spyt is die lewer en die pens beskou as die lekkerste deel van die bees - en dus bedoel vir die eregaste, wat die dominee insluit. Die pens was dikwels nog grasgroen, die lewer het ‘n gryserige kleur gehad, en die sous was vetterig.

Om nie smaaklik en baie te eet nie, was swak maniere. Dit is waarom die gaste by die vinger-ete, en ons ouderlinge, met soveel geesdrif geëet het. Hulle wou wys dat hulle die gasvryheid waardeer en aanvaar, en dat hulle nie meen daar is gif in die kos nie. Ek het my bes gedoen om te voldoen aan die Venda-vereistes vir goeie maniere. Die pap was vir my lekker, maar die lewer het in my keel vasgesit. Mense het seker partykeer gedink dat my maniere, my gebrek aan geesdrif aan tafel, maar aan swak opvoeding te wyte was.

Dié opvoeding moet vroeg al begin. Mopaniewurms is lekker vleis, en baie gewild in Venda. Klein Corrie se maatjie, Shumani, het blou moord geskree toe Corrie eendag haar “lekkers” in die asblik wou gooi.

Ons het, ná die episode met die gevulde eiers en worsies, besef dat ons pap en vleis moes voorsit. Maar dit moes uit ons sak kom, en ons het pas begin verdien. Ons het op die gedagte gekom dat ons dalk iets vir die gemeenskap sou doen as ons hulle kon bekend stel aan goedkoper proteïene. Ons het dus die vleis vervang deur ‘n sojaproduk wat soos vleis smaak, en wat ‘n mens by die groot maat goedkoop kan kry.

Die kerkraad het lekker geëet daaraan, maar toe hulle hoor dat dit eintlik boontjies was, was hulle nie geïmponeer nie. ‘n Klompie vergaderings het deurgegaan met pap en soja, maar na ‘n paar negatiewe opmerkings het ons besluit dat ons dan maar pap en regte vleis moes voorsit.

Die probleme rondom etes wou egter net nie heeltemal gaan lê nie. Toe een van ons kinders saam met ‘n ouderling se kind gedoop is, het ons besluit om die kerkraad en al die mense wat gedoop het ná kerk te nooi vir ete. Ons het vroeg die oggend al die groot driepootpotte op die vuur gesit met pap en vleis en sous. Net voor die kerk uitkom (die afkondigings is altyd laaste, want mense kom steeds aan terwyl die diens aan die gang is), het Carol gou huis toe gegaan om te kyk of alles reg is. Kort daarna het sy groot geskrik toe sy die hele gemeente sien aankom. Die ouderling wat die afkondigings gedoen het, het almal uitgenooi vir ete. Carol het haar kaste ingevaar en alle blikkiesvleis

en -groente, en bevrore kos, net so in die sous gegooi. Ons het gelukkig heelwat voorraad gehad, want ons was tagtig kilometer van die dorp.

Carol het kalm gebly, maar vir die ouderling wat almal genooi het, gevra of die kerkraad agter in die ry sal staan, want hulle het besluit om almal te nooi en daar is nou nie genoeg kos nie. Die ouderling het gesê dit is hulle gewoonte dat daar genoeg kos moet wees vir al die gaste, en vir almal wat in die straat verbyloop, en vir al die bure. Hy het gesê dat baie mense nie op Sondae kos maak nie, maar in die woonbuurt rondstap tot hulle sien daar is 'n troue of 'n begrafnis. Dan gaan eet hulle daar. Party stuur hulle kinders met skottels om by so 'n fees te gaan kos kry. Daarom het die kerkraad besluit om almal te nooi. En hulle verwag dat daar genoeg moet wees, en dat daar kos moet oorbly. So word die gemeenskapslewe gebou.

Ons het gesê dit is nie ons gewoonte nie. Ons gewoonte is dat die gasvryheid van mense met versigtigheid aanvaar word, want jy gebruik iets wat iemand anders se eiendom is.

Hy het gesê nee, vir hulle is die gemeenskap belangriker as private eiendom. 'n Mens se besittings is tot beskikking van ander.

Met ons kerkraadsetes wou dit maar nie heeltemal vlot nie. Die een eet nie sout nie, en daar is sout in die kos; 'n ander sê hy eet nie hoender nie, kan ons nie beesvleis gee nie; 'n ander eet nie bees nie; iemand vra waarom ons altyd pap kry en nie rys nie. Ons het besluit ons sal nooit almal tevrede stel nie, en dat die etes in elk geval duur is. Ná ses jaar het ons weer geëindig by die spyskaart wat daar was toe ons daar gekom het: tee in die oggend, en tee en "buns" vir middagete. Snaaks genoeg, was almal skynbaar tevrede.

Ons was daaraan gewoond dat al die kos by kampe en byeenkomste op die tafel gesit word, en dat elkeen dan vir homself inskep. Elkeen besluit self hoeveel hy vat. As daar min kos is, vat mense minder. Kinders word van kleins af so geleer.

Een naweek het ons 'n groep jong mense uit Pretoria by ons gehad in Venda. Ons het ons eie gemeentejeug genooi om die aand saam te eet, sodat die groepe mekaar kon leer ken. Ons het die kos op die tafel gesit, en almal het in 'n ry gestaan en vir hulself ingeskep. Party van ons jong mense het twee en drie stukke vleis gevat, selfs die laaste drie stukke, sodat daar ander was wat niks gekry het nie.

Ons het dit meermale ervaar. Op Turfloop het ons een aand 'n groep studente genooi vir braaivleis. Een student het heeltemal vrymoedig 'n plastiekbak saamgebring en dit voor ons geëet het, vol vleis gepak. Hy het gesê dat hy padkos vir hom en sy vriende wou hê, hulle sou die volgende dag êrens heen gaan. Ons gaste moes maar tevrede wees met wat oorgebly het, maar party het gevra of daar nie nog vleis is nie. Ons het nie probeer verduidelik nie, want almal het gesien wat gebeur het. Maar dit het gelyk of hulle, soos

ons ouderling, verwag het daar moet genoeg wees vir die genooide gaste, en hulle vriende, en die bure, en om huis toe te vat.

By begrnfnisse en troues het mense meestal borde kos ingeskep gekry. So bepaal die gemeenskap wat elkeen kan kry, en nie die individu nie. Ons het gou besef dat dit deel van die oplossing is: as daar ‘n groep mense vir ete kom, dan skep Carol voor die tyd vir almal uit. So kan sy seker maak dat almal darem genoeg kry. Die wat nog wou hê, kon dan self ‘n tweede keer in skep.

By konferensies en kampe het die koskwessie ons nog steeds gepla. Daar is volgens die gewoonte heeltemal te veel kos gemaak. En dan is daar groot borde kos uitgeskep. Mense kon nie hulle borde leeg eet nie, en het groot stukke pap en groente in die asblik gaan gooi. In ‘n land van armoede en ondervoede kinders het die mors van kos ons gegrief, maar ons was versigtig om oor ‘n sensitiewe saak te praat.

Carel en Dana Affourtit was vriende van ons. Carel was ‘n predikant van die Gereformeerde Kerk, en hulle was van Holland. Eendag het hulle ook gepraat oor die mors van kos. Dit het hulle ook eers gepla, maar, sê hulle, hulle verstaan dit nou. Die gewoonte is dat die pa eerste kos kry, en wat hy dan in sy bord los, gaan na die kinders. So het dit gewoonte geword dat dit goeie maniere is om baie kos in jou bord te los.

TWEE WEDUWEES

In Holland het ons by geleentheid by vriende gekuier, toe kom daar ‘n ou dame by hulle aan. Sy was ‘n weduwee, en het met haar motortjie die hele land platgery om te kuier. Haar klere was baie deftig, en haar hare netjies gekap. Haar vel was klaarblyklik gewoond aan nagrome en ander preparate. Voor ete het sy gewaarsku dat sy op ‘n dieet van alleen maer vleis is. Toe ons aan haar voorgestel is as “vriende uit Suid-Afrika”, het sy net afkeurend opgemerk: “O, dit is julle wat nie met die swarte mense wil integreer nie.” Daarna het sy ons geïgnoreer.

Ek kon nie help om haar te vergelyk met ‘n ander ou weduwee by wie ons kort vantevore in Venda huisbesoek gedoen het nie. Die vrou in Venda was swart, arm, haar vel en haar hande gehard van hout kap en skoffel. Sy was maer en haar liggaam seningrig. In ooreenstemming met hulle tradisie het sy voor ons mans gekniel en haar hand beskroomd na ons uitgesteek om te groet. Daarna het sy op die vloer gaan sit terwyl ons op stoele gesit het. Sy het vriendelik met ons gesels, maar eintlik net op ons vrae geantwoord. Sy was verkoue en haar neus het geloop. Sy het kort-kort gesnuif, maar later haar neus in haar hand uitgeblaas. Ek het gewonder waar sy haar hand gaan afvee: op die vloer of aan die kombers om haar lyf? Sy het net haar hande inmekaar gevryf, op gestaan en vir ons brood en tee gaan haal.

Tog dink ek dat die Hollandse tannie, met die stuk maer vleis op haar bord en haar sagte gesig, my eetlus nog meer bederf het.

“DIE MENSE SLAG HIER!”

Besoekers uit die stad het soms saam met ons deur Venda gery, na die hutte gekyk en gesê: “Dit is ‘n wonderlike rustige lewe.” Maar nadat ‘n mens huisbesoek gedoen en die daaglikse ervaring leer ken het” het ‘n skrikwekkende sy van die rustige bestaan sigbaar geword.

‘n Man het ons by ons huis in Venda besoek, maar sy vriend wou nie uit die motor klim nie. Die man het net gelag en gesê: “Hy sê hy is bang julle slag hier.” Ons het nog nie geweet wat hy bedoel nie.

Ons het saans begin huisbesoek doen, maar dit later gelos: ons het aan mense se deure geklop en dan hoor ons hulle daar binne, maar hulJe wil nie oopmaak nie. Een man het, nadat ons lank geklop en geroep het, naderhand die deur oopgemaak. Toe hy ons herken, was hy baie verlig en opgewonde. Hy het ons binnegenooi en om verskoning gevra dat hy nie dadelik oopgemaak het nie. “Die mense slag hier,” het hy gesê.

So het ek begin bewus raak van rituele moord.

Ná die “onafhanklikheid” van Venda in 1979 het die verbale oor rituele moord toegeneem. Daar was grusame stories, en dit was naderhand so erg dat geen langerige gesprek verbygegaan het sonder dat mense oor rituele moord begin praat het nie.

Daar is vertel dat ‘n minister by ‘n onthaal sy vrieskas oopgemaak het. Dit was vol koppe van mense. Elke gas het ‘n kop as geskenk gekry om huis toe te vat.

Ander het vertel dat ‘n minister se motor in ‘n padblokkade deursoek is. Die kattebak was vol koppe van mense.

‘n Adjunkminister is voor die hof gedaag as gevolg van rituele moord. Hy is skuldig bevind en tereggestel. In die hof het hy glo gesê: “Why pick on me? Everybody is doing it!”

Daar is vertel dat mense medisyne wou maak om onvrugbaarheid te genees. Daarvoor het hulle dele van ‘n ongebore kind nodig gehad. Hulle het ‘n swanger vrou “geslag”. Hulle het ook ‘n dragtige donkiemerrie geslag en die fetus uitgehaal. Die lyk van die vrou is toe in die plek van die fetus in die donkie toegewerk. Die grusame vonds is – so verseker mense my – gevind toe honde aan die donkie begin vreet het.

Daar is vertel dat die taxibestuurders al om die ander Vrydagaand bymekaarkom om te slag. ‘n Mens moet net sorg dat jy nie alleen in ‘n taxi agterbly nie – as al die ander uitklim, moet jy ook uitklim en verder stap, anders word jy dalk geslag.

Netso moet jy sorg dat jy nie alleen in een van die winkeltjies, wat oral in die gebied staan, ingaan nie. Die mening was dat daar maar min sakemense was wat nie slag om hul voorspoed te verseker nie.

Die meeste stories was seker nie waar nie, maar die feit dat die stories gedurig vir die waarheid vertel is, was genoeg om ‘n stemming van vrees en wantroue te skep.

Een saak wat wel in die hof gaan draai het, en waarvoor mense skuldig bevind is, was die moord op ‘n skoolhoof, die neef van ‘n predikant in ons kerk. “Hulle soek die breins van ‘n geleerde man,” het ‘n lidmaat vir my gesê. Daarom het hulle die skoolhoof geslag.

Mnr. M. was ook vroeër ‘n predikant van die NG Kerk in Afrika. Later het hy skoolhoof geword, en ouderling by ons. Hy het honneurs in Bybelkunde behaal. Hy is in die Venda-regering aangestel en het hoof van Intelligensie geword. Hy was ‘n vriendelike man, en ons het baie goed klaargekom. Hy was die leidende figuur op die kerkraad. Hy het ‘n winkel in die gebied gekoop, en sy vrou aangestel as bestuurder. Sy was ‘n baie getroue vrou in die kerk.

Nadat ons uit die gemeente weg is, het lidmate ons vertel dat ‘n hond aan die fondament van mnr. M. se winkel gegrawe het, en ‘n kind se kopbeen oopgekrap het. Mense het nie getwyfel daaroor dat hy ‘n rituele moord gepleeg het nie. Hulle was ook nie verbaas daaroor nie, want, glo hulle, “almal” doen dit. Later is hy deur die hof onskuldig bevind.

In 1989 het skoolkinders die hele Venda tot stilstand gebring met stakings en betogings, omdat hulle die regering wou dwing om die vlaag van rituele moorde vas te vat. Hulle het gesê daar is hoë amptenare wat die moorde pleeg, en wat deur die regering beskerm word.

DIE NAALDWERKKLAS

In Venda het ons - ‘n jong blanke paartjie in hierdie ou kultuur, met die geweldige sosiale ineenstorting wat rondom ons aan die gang was – iets probeer doen op die manier wat ons verstaan.

Carol begin ‘n naaldwerkklas. Ons kry tweedehandse naaimasjiene. Vrydagoggend kom vrouens te voet van die buiteposte aangestap. Blanke vrouens van Sibasa kom help. Dit werk goed. Na ‘n tyd begin ons ‘n tuisnywerheid. Ses vrouens werk voltyds, en een vrou verkoop. Elkeen kry geld vir haar klere wat verkoop word. Party maak ‘n goeie inkomste – selfs twee maal soveel as ‘n huishulp. Die organisasie verbeter: hulle hanteer al die geld self, en werk elkeen se inkomste self uit. Ons bestel nog materiaal oor die pos en as die papiertjie van die poskantoor kom, gaan gee ons dit vir hulle. Dan gaan betaal hulle by die poskantoor. Soms vra hulle vir my om dit te gaan haal. Hulle gee dan vir my die regte bedrag.

Ons voel baie in ons skik, want alles loop glad. Party werk swak en kry min, maar die wat goed werk, maak goed. Ons begryp net nie waarom die vrouens vir Carol vra hoeveel sy uit die projek maak nie. Sy verduidelik vir hulle: dit is nie my projek nie, dis julle projek. Julle doen alles. Julle hanteer al die geld. Ons het dit net vir julle moontlik gemaak.

In Desember kom vra die vrouens een-een vir my of hulle maar vroeg kan loop. Dis vakansie en die familie is tuis. Elke oggend verduidelik ek vriendelik: julle hoef nie vir my te vra nie. Dit is julle projek. Julle werk vir julleself. Hulle sê dis reg, maar kan hulle gaan? Ek sê ja, gaan gerus.

Begin Januarie reken hulle uit hoeveel elkeen moet kry, volgens die klere wat verkoop is. Dit is baie minder as gewoonlik. ‘n Paar van hulle kom klop aan my deur. Hulle is baie ontsteld. Wat kan hulle met hierdie geld koop? Daar is nie genoeg vir ‘n sak meel nie! Hoe dink ek moet hulle lewe met so min geld?

Ek probeer verduidelik, volgens die denkwyse wat ek verstaan. Ek wys op oorsaak en gevolg, op die waarneembare feite; op die sleutelrol van persoonlike verantwoordelikheid. Die vrouens begryp dit nie. Hulle redeneer in ‘n ander denkraamwerk: die feit dat ek nooit die klere of die geld fisiek gehanteer het nie, wil nie sê dat ek nie veroorsaak het dat dit so sleg gegaan het nie. Hulle is boos daar weg, en ek bly verbyster agter.

Die oplossing is duidelik: ek moes verantwoordelikheid aanvaar, gesag uitgeoefen en streng geweier het dat iemand ‘n dag afkry. Maar ons het nog steeds geglo: hulle moet dit op hulle manier doen. ‘n Paar maande later roep Carol almal bymekaar en vra of daar enige probleme is. Ja, sê die vrou wat gewoonlik die minste kry, ons moet die inkomste gelykop verdeel tussen ons almal. Carol sê sy dink nie dit sal werk nie, maar hulle kan self besluit hoe dit moet wees. Almal stem saam dat hulle gelykop deel - selfs die vrou wat sowat vyf maal meer kry as die swakste een.

Is dit nodig om te sê dat die hele projek kort daarna doodgeloop het?

BRIDGEMAN SE MATRIEK

Bridgeman (hy het met ‘n bruggeboorte in die wêreld gekom) was ‘n onderwyser, en ‘n diaken in ons gemeente. Hy was nog besig om sy matriek te kry. Elke jaar het hy vir so drie of vier -vakke ingeskryf, en dan so een of twee geslaag.

Een Maart maand vra ek bom of hy weer vir matriek ingeskryf het. Hy sê hy het vir drie vakke ingeskryf. Hoeveel vakke kort hy nog? Net een. Waarom skryf hy vir drie in as hy net een kort?

Hy sê: “Ek het nou lank genoeg gesukkel. Vanjaar moet ek voltooi. As ek drie vat, is die kans beter dat ek een kry.”

Dit is dieselfde rede waarom moeders baie kinders wil hê: hoe meer kinders daar is hoe beter is die kans dat daar onder hulle ‘n goeie een sal wees, een wat vorder op skool, wat ‘n werk met ‘n redelike inkomste bekom, wat nie jonk sterf nie, en wat verantwoordelik voel om vir sy moeder te sorg op haar oudag – as sy “lucky” is.

Vir Bridgeman is die matriekuitslae net so ewekansig. Jy kan “lucky” wees of jy kan, “unfortunately”, druip. Daarom neem hy drie vakke. Dan is sy kanse beter om met een van hulle gelukkig te wees. Hy kort mos net een.

Die einde van die jaar kom hy met groot oë daar aan. Hy het al drie vakke gedruip. Hy is verpletter. Hy het minder as 20 persent vir elke vak gekry. Ander jaar skryf hy maar weer in. Eendag sal hy gelukkig wees.

“UNFORTUNATELY”

Eweseer uitgelewer aan die geluk en die ongeluk was ‘n vyf en dertigjarige seisoenwerkster op ‘n groenteplaas naby Turfloop, ‘n weduwee. Haar man het een oggend gaan werk, maar op pad “unfortunately passed through some beers”. Hy het siek geword en is kort daarna dood. Die vrou se broer het haar toe gehelp, “but unfortunately God also called him”. Sy het toe werk gekry by die Lebowa-regering, “but unfortunately she had a car accident” en sy is afgedank. As sy so oor haar lewe terugdink, voel sy sy is “the most unfortunate woman in the world”. Maar nou is sy lidmaat van die Sionistekerk, en as sy hulle voorskrifte volg, sal dit miskien beter gaan: “God will give me lucky for everything.” So nie, ook goed. Dan is sy uitverkies vir ‘n “unfortunate” lewe, daaraan kan sy nie ontkom nie.

DIE YSKAS

Ek kan moeilik vergeet van die swart leraar wat met trots sy yskas vir mygewys het, dit oopgemaak, en toe verleë na my gekyk het – daar was net ‘n bottel water in. Elke maand koop hy daarvoor paraffien, maar verwyt sy oë my, wat baat dit hom? Die koue koeldrank in die winkel, die yskaste in blanke huise, het so vol belofte gelyk. Maar niks daarvan het tereg gekom toe die yskas eie besit geword het nie.

“OP MY EIE GROND”

Peter het by ons in die tuin gewerk. Hy was amper twintig, en het standerd een gehad. Hy het wel nog ambisie gehad. Daar was ‘n messelaarskursus wat hy geloop het, maar by kon nie werk kry nie. Toe het hy probeer om ‘n polisieman te word. Toe het hy gesê by wil terug skool toe, want hy wil eintlik ‘n dokter word. Nou die dag kom soek hy weer werk. Hy sê: “Security is my line.”

Carol sê vir hom: “Hier is ‘n stuk grond langs ons werf. Ons sal gereedskap gee, en saad, en water, dan kan julle daar groente plant en verkoop.”

Peter, sy werklose pa en sy broer het die grond omgespit en groente geplant. Soms het ons maar hand bygesit en natgegooi of geoes en verkoop, want hulle was nie baie gereeld daar nie. Maar hulle het darem ‘n bietjie inkomste gekry.

Die groentetuin was op ‘n groot stuk grond waarop daar ook twee woonstelle staan. Die woonstelle se tuin grens aan die groentetuin. Al die jare het niemand iets met die grond gedoen nie, en ons het met die kantoor ‘n reëling getref oor die gebruik van die water en die grond. Die projek was al in sy derde jaar, toe trek ‘n dosent aan die Opleidingskool vir Kerklike Werksters in die woonstel in. Kort daarna is ons vir ‘n paar dae weg, en toe ons terugkom, hoor ons dat sy vir Peter en sy pa gesê het hulle mag nie meer daar werk nie, dit is haar grond. Sy het die bewerkte tuin met die groente daarop vir iemand anders gegee.

Peter en sy pa het gesê hulle stel nie belang daarin om meer met die projek aan te gaan nie.

Die nuwe “boer” het ‘n keer of wat kom werk, en toe belangstelling verloor. Waar ons groenteprojek so ‘n paar jaar lank ‘n sukkelbestaan gevoer het, is nou weer veldgras. Die doringbome slaan weer op. Dit is weer soos dit al die jare was.

Intussen het die dosent haar vir ‘n M.-graad in maatskaplike werk aan Tukkies ingeskryf.

‘n Paar jaar later word mnr. Nelson Mandela vrygelaat. Die dosent sê vir ons sekretaresse dat die swart mense nou weer hulle land gaan terugvat. Sy sê: “Ons sal onderhandel, en die ooreenkomste onderteken, en dan sal ons dit weer ignoreer. So sal ons ons land terugvat.”

“En wat gaan julle met die land maak?” vra ons sekretaresse. “Julle het al die eeue die land gehad, en julle het niks daarmee gemaak nie. Julle sal doodgaan van die honger. Julle sal weer onder die bome gaan sit.”

“Dis reg,” sê die dosent. “Dit maak nie saak nie. Ek gee nie om as ek onder ‘n boom sit en doodgaan van die honger nie. Solank ek net weet: ek gaan dood op my eie grond.”

BRANDENDE BANDE

Ek is dankbaar dat ek nooit die nagmerrie en die verskrikking van ‘n halssnoermoord ervaar het nie. Ons het wel eenkeer die stemming daarvan op ‘n afstand, in die lug, gevoel.

Dit was in 1986, in die herfs, tydens die Pinksterbidure. Die teologiese studente het kwaai in verset gekom, en selfs ‘n keer getoyi-toyi en vryheidsliedere gesing: “Ons sal met ons gewere na Pretoria gaan, ons sal hulle gaan doodskiet.” Ds. Sam Buti het sy kop ongelowig geskud. “Hoor jy wat sing hulle?” sê hy vir my. “Dit is ons eie studente daardie.”

Mense het vroeër die dag vertel dat hulle orals langs die pad vure gesien het. Die ouer mense, meestal vrouens, het al die buitebande in die dorpies bymekaargemaak, op hope gegooi en aan die brand gesteek. Sonder buitebande kan daar geen “necklace” wees nie. Ons het op ons stoep gestaan en gesien hoe die vure brand tussen die huisies op die oorkantse bult.

Die aand was ons mans doenig met die studente. Die vrouens het, soos gewoonlik, bymekaargekom vir ‘n kort Pinksterbiduur – waar gedink word aan die Heilige Gees wat met tonge van vuur op mense neergedaal het.

Na die biduur en die vergadering met die studente stap ons huis toe. Dit was sterk skemer, die wind het gaan lê. Die swart rook van die buitebande het oor ons huise en die teologiese skool gesak, en die lig van die straatlampe was dof. Ons kon die rubberrook ruik, en het iets begryp van die vrees van duisende vrouens, wie se mans in die stede is, wat hulself probeer verweer teen die gruwel van ‘n vuurdood.

DIE SKEPTIKUS

Eendag tydens huisbesoek vertel die lidmate dat een van ons voorste vrouens haar deur die Sioniste laat doop het. Nou vertel sy orals dat sy gered is. Sy sê: Op die oordeelsdag sal die NG Kerk se mense verbrand. Net hulle koppe sal nie brand nie, want net hulle koppe is gedoop. Maar sy is gered. Sy is heeltemal gedoop in die rivier. Sy sal nie brand nie.

Een van ons lidmate vertel die storie vir my. Sy sê sy glo dit nie. Haar buurvrou was ‘n Sionis. Haar buurvrou is deur die Sioniste gedoop, drie maal heeltemal onder die water in die rivier. Maar toe haar buurvrou se huis aan die brand raak, het haar buurvrou verbrand in die huis: kop, hande, voete, alles. Hierdie storie dat ‘n mens nie brand as jy gedoop is nie, is nie waar nie.

“ISN’T THIS WONDERFUL?”

Wilhelm van Deventer van Tzilidzini vertel hy het ‘n Sionis se begrafnis bygewoon. Die mense het rondom die hutte onder die bome gesit op stoele, op klippe, op die grond. ‘n Uur en ‘n half lank het hy in doodse stilte tussen die mense gesit. Niemand het ‘n woord gesê nie. Toe buig ‘n man oor na hom toe en fluister: “Isn’t this wonderful?”

Dr. Ockie Erasmus, gesoute sendeling, het gesê: “Dit is eers as jy mense se stiltes verstaan dat jy hulle taal begin begryp.”

Kommunikasie vind nie net deur woorde plaas nie.

TROEF

‘n Blanke winkeleienaar naby Louis Trichardt is ‘n politieke vuurvreter. Eendag kom ‘n taxibestuurder die winkel binne en koop ‘n klompie dinge. Hy sit ‘n bietjie uitdagend ‘n groot sak kopermuntstukke op die toonbank neer.

Die winkeleienaar vee in doodse stilte die sente en tweesente plat, en begin toe tydsaam om dit in hopies van vyf muntstukke te pak. Die taxi bestuurder begin haastig raak, vra aggressief: “Kan jy nie vinniger tel nie?”

Vriendelik antwoord die winkelier: “Nee, ek kan net tot by vyf tel. Op skool het ons net by vyf getrek, toe brand ons die skool af.”

Toe lag albei.

ASPIRASIE EN BERUSTING

Êrens het die boodskap deurgekom na die swart jeug toe dat ‘n negatiewe selfbeeld tot swak resultate lei. ‘n Mens moet groot drome droom. Ons gemeente se matrieks kom vra my om getuigskrifte. Hulle wil gaan studeer. Hulle mik hoog. Een wil aansoek doen by Anglo American om ‘n beurs om ingenieurswese aan Wits te studeer. Ek vra hom wat sy punte vir wiskunde was. Hy sê sewe en dertig persent. Ek vra hom wat hy gaan doen as hy dalk nie die beurs kry nie. Hy sê nee, hy hoop hy sal dit kry.

Ek dink: Wat gaan gebeur as al die hoë ideale nie verwesenlik word nie?

Skynbaar was ek verniet bekommerd. Uiteindelik het hy ‘n diploma in biblioteekwese op Turfloop geloop, en dit het gelyk of hy baie in sy skik daarmee was.

Een van die meisies in ons gemeente kry ‘n beurs om aan Wits te gaan studeer. Ons was baie bly daaroor. In daardie stadium was daar maar min swart studente by Wits. Maar agt maande later, toe die universiteit begin, is sy swanger of, soos die mense sê: “She has taken a fall.” ‘n Jaar nadat sy gehoor het sy het ‘n beurs, word haar baba gebore.

Dit breek my hart, tydens huisbesoek, om te dink dat hierdie ongehude moeder in die armoedige hut ‘n student aan Wits kon gewees het. Maar sy is vrolik, sy lyk tevrede. Sy speel met haar baba, en lag en gesels met ons.

Sy voel waarskynlik dat daar eksterne magte is wat haar lewe bepaal, dink ek. Sy berus blymoedig in haar lot.

DIE PRYS VAN SUKSES

Naby ons is ‘n winkel afgebrand. Waarom? vra ek ‘n student, en hy verduidelik vir my.

Hy sê: Die mense vra hulle af hoe die suksesvolle winkelier dit reggekry het. Hulle sê ander mense het winkels begin, maar hulle het bankrot gespeel. Hoekom het hierdie een geslaag? Het hy die polisie omgekoop? Het hy vir die stadsraad geld gegee? As hulle hom nie van korrupsie verdink nie, dan gaan daar gerugte rond van toordery: hy’t ‘n rituele moord gepleeg, hy’t ‘n zombie wat vir hom werk, hy’s ‘n towenaar.

Nou leef hy lekker, sê die mense, en ons kry swaar. Hy moet ook ‘n bietjie voel, sê hulle. Dan brand hulle sy winkel af, of sy huis, of hulle steek hom aan die brand.

Ds. Jan Selamolela laat hang sy kop. “Dit is so jammer ... ons mense ... so jammer, so jámmer, so jámmer ... ,” sê hy.

SALUUT, OU MOEDER!

Omdat Vho-Gladys nie self kinders kon hê nie, het haar man haar gelos. Later het hy sy kinders, wat hy by ‘n ander vrou gehad het, na haar toe gestuur dat sy hulle moes oppas. Sy was nou hulle moeder, maar hulle het haar misbrnik.

Die kerk het vir haar ‘n tuiste gebied. Sy kon nie lees nie, maar het altyd haar Bybel oop gehad – reg, of onderstebo. Sy het altyd gelag, sy was altyd bly om ‘n mens te sien.

Weggegooi deur haar man, misbruik deur haar stiefkinders, brandarm, deur feitlik niemand geag nie, het sy net eenvoudig aangebou om haarself te wees – geen verwyte nie, geen gekla of gekerm nie, geen futiele opstand of ontvlugting in drank of verkeerde vriende nie, net aanvaarding met blymoedigheid van die lewe soos hy is.

Een aand was sy te voet op pad huis toe van ‘n biduur af. ‘n Dronk man het beheer oor sy motor verloor. Sy is op slag dood.

‘n VRIENDIN

Op Nthume in Venda het ons ‘n paar kilometer van die blanke woonbuurt gewoon, en dikwels was Carol alleen daar met die vrouens wat op die terrein gewerk of later daar naaldwerk gedoen het.

Die ou vrouens was baie vas in hulle wêreld. Party van hulle sou blanke besoekers in Venda groet, en dan verbaas en verontwaardig reageer: “Kan hulle nie Venda praat nie?”

Die vrouens het Carol leer Venda praat. Hulle het hul probleme met haar gedeel. Hulle het grappies ook gehad. Frans, wat in die tuin gewerk het, was ‘n bietjie vertraag. Hy het soms in die ruigte verdwyn en daar geslaap. As jy hom roep, maak by ‘n wye draai deur die bosse en verskyn na ‘n lang tyd reg agter jou, die ene onskuld. Eendag het Carol hom bekruip, op hande en knieë, en hom aan die slaap betrap: “Fransie! Wat maak jy?” Die vrouens het hulle dae daarna nog gekraak vir sy verleentheid.

Vho-Gladys (Anneke, twee jaar oud, het van Vho-Blêksie gepraat) het by ons in die huis gewerk. Sy het gedurig in ons kaste gekrap en ons het altyd gesê as ons die aand gaan slaap, dan voel dit of sy om die deur loer. ‘n Jaar of twee nadat ons van Nthume weg is, het ons ‘n keer by haar huis vir haar gaan kuier. Sy het aangehardloop gekom en Carol omhels en hulle het op mekaar se skouers gehuil Eenkeer het sy vir ons op Turfloop kom kuier. Sy het self nie kinders gehad nie, maar sy het veral die kleine Adriaan omhels en gesoen. Sonder uitsondering het hy ‘n loopmaag gehad ná ‘n kuier by haar. Toe ons hoor dat ‘n dronk man haar langs die pad doodgery het, het Carol hartseer gehuil, en ‘n biduur by haar huis bygewoon.

In die tuislande wat ver van die stad af is, is tot meer as tagtig persent van die volwassenes vrouens. Dáár is baie mense wat verstote en alleen is, mense op die verste periferie van die samelewing. Party van hulle vind ‘n tuiste in die kerk, en tot vandag toe praat Carol van Vho-Tshavhungwe se lag, van Vho-Denga se sagte geaardlieid, van Vho-Tshinakabo se volharding, van Vho-Sophie wat vir haar kom bid het toe sy siek was.

Toe Betsie gebore is, sê hulle: Haar hele gesiggie lag, ons no)em haar Takalani, Blydskap.

Daar was ‘n vriendskap, ‘n verhouding, wat na agt jaar nog steeds in stand gehou word. Dit is iets kosbaars, maar ‘n mens kan dit maklik miskyk.

DIE ANDER TIRANNIE

Aanvanklik was Solly- Saul - ‘n selfversekerde eerstejaar, selfs liggies arrogant. Hy sou sy BIC-pen tussen sy tande rondrol terwyl hy met ‘n glimlag ‘n bietjie uit die hoogte met jou, sy dosent, praat.

Op vergaderings het hy dadelik ‘n sterk stem van protes en verset laat hoor. Dit was anders toe ons eerstejaars was. Ons het groot respek gehad vir ‘n senior student, om van ‘n professor nie eens te praat nie. Ons moes in vergaderings op die vloer sit, ons

mog nie eens opkyk nie. Selfs ‘n tweedejaar mog nie in ‘n vergadering sy mond oopmaak nie.

Maar die stres van die situasie was vir Solly te veel – die spanning van die stakings, die geweld op die kampus, die Grieks, die Hebreeus. Hy het begin kla van slaaploosheid, maagpyne, hartkloppings en al meer kwale. Hy wou gedurig aandag en geld vir dokters hê.

Ons studenteraad het kom vra dat ons hom dringend Pretoria toe vat. Hy moet by die beste spesialiste kom.

Maar die dokters op Pietersburg het hom goed ondersoek, waag ek dit. Hulle sê dan dit is nie so ernstig nie?

Daarvan hou die studenteraad nie. Hoeveel keer het dit nie al gebeur nie dat die dokters sê iemand is gesond en dan val hy voor die spreekkamer dood neer?

Ek sê dit mag so wees, maar ons gaan nie sewe honderd kilometer ry op grond van daardie argument nie. Kan hulle hom nie probeer gerusstel en kalmeer nie?

Hulle sê hulle sal self probeer om hom in Pretoria te kry. “We must show that we care,” sê een.

Daarna kom praat hulle gereeld namens Solly. Waarom intimideer ons hom? Waarom jaag ons hom weg? Wat het ons teen hom?

Ons ondersoek die beskuldigings, maar al die dosente is al bewus daarvan dat hulle Solly versigtig moet benader. Almal sorg dat hulle vriendelik groet en ‘n woordjie wissel. Een dosent vra: “Are you still around?” (Ons het gedink Solly is hospitaal toe en die dosent wou belangstelling wys.) Vir Solly was dit intimidasie: die dosent wil hom nie meer “around” hê nie, hy jaag hom weg.

Mettertyd word dit duidelik dat hierdie student wat nie die mas opkom nie, die swakste in ons klein gemeenskappie, ons almal gyselaar hou. Maar dit is ‘n ondenkbare sonde dat ‘n mens nie medelye het met die swakkes, die onderdruktes, die armes en die ellendiges van hierdie wêreld nie.

Ons studenteraad was net so magteloos. As hulle net een keer die indruk sou skep dat hulle nie omgee nie, dat hulle nie honderd persent by Solly staan in sy verdrukking nie, dan is hulle uit, dan het hulle geen legitimiteit meer nie.

Op ‘n goeie aand het die studente bymekaargekom en besluit: ons broer moet gehelp word, hy moet goeie sorg kry, hier gaan hy dood neerval. Gou het hulle geld gekollekteer en die volgende oggend, met baie simpatie en medelye, het hulle hom op die eerste taxi gesit. Huis toe.

SIT, BROER!

Ons gaan huisbesoek doen. Die Venda het ‘n gewoonte om ‘n geëerde besoeker, wat leraars en blankes insluit, goed te ontvang. Meermale gebeur dit dat die besoeker in ‘n kamer ingenooi, die deur toegemaak en hy dan daar alleen gelaat word. Die tradisionele grasdakke is lekker koel. Dit is die plat sinkdakke wat in daardie bloedige son die kamer in ‘n bakoond omskep.

Die besoeker hoor ‘n kind word gestuur om brood of koeldrank te gaan koop. Soms hoor hy hoe word vuur gemaak vir tee. Iemand kom in en kom haal die beste koppies onder uit ‘n vertoonkas, en verdwyn weer. ‘n Mens kan soms ure onder so ‘n sinkdak deurbring terwyl niks buite roer nie.

‘n Sielkundige sê vir my dit is aggressie teen die blanke. Die swart mense kan hul aggressie nie openlik en direk teen jou as blanke wys nie. Daarom doen hulle dit op hierdie manier. Hulle ontvang jou vriendelik, hulle is gasvry. Maar hulle weet die een ding wat jy as blanke nie kan verdra nie, is om passief en magteloos te sit terwyl die tyd verbygaan.

TWENTYSOMETHINGS

In Venda het ons vriend e gemaak met ‘n groep, om trent ons ouderdom, wat byna almal op universiteit was en, soos ons, in die trou- en eerstebabastadium was – die twentysomethings. Hulle het BECO gestig: Bold Evangelical Christian Organization. Hulle wou die hele lewe kersten, vreesloos. Hulle het in die politiek ‘n profetiese stem laat hoor, sonder apologie. Hulle het gereeld ruweke met groot evangelisasietente die gebied ingevaar om te preek. Selfs hul huweliksfeeste is maande vooruit beplan, sodat hulle vir die mense kon wys die Christene kan die lewe sonder drank méér geniet as die kwaaiste drinkers.

Hulle het nie net die tradisionele Venda-gebruike probeer kersten nie, maar ook ‘n moderne Westerse gewoonte soos die ramparty voor die troue. Tshifhiwa Muofhe, wat later in aanhouding dood is, het vir Faure Louw en vir my genooi na sy ramparty. Dit was aan huis van ene dr. Ramasuvha, toe nog die enigste swart dokter in Venda. Daar is vleis gebraai, koeldrank gedrink en tot laat gepraat oor die huwelik, die probleme wat ‘n mens kan verwag, en hoe om te maak. Later hoor ons sekere gaste is spesiaal genooi om hulle te help met hul huweliksprobleme.

Dit was ‘n lang en ‘n duur bruilof. ‘n Orkes is spesiaal van Johannesburg gebring. Ses pare het die bruidspaar die kerk in begelei, almal in eenderse duur uitrustings. Die groot getal gaste is na die hotel, waar hulle goed onthaal is. Die fees het tot laat die aand geduur. Dit is die Sondag in die kerk en ná kerk voortgesit, en die Maandag het die vriende weer bymekaargekom vir piekniek en vir gesels.

So ‘n fees is haarfyn beplan om vir jonk en oud te sê: ons is Christene, ons is gelukkig. Wil jy nie sommer nou jou hart vir die Here gee nie? En dan word daar sommer, in die troue, ‘n “altar call” gemaak, en ‘n klomp bekeerlinge gaan vorentoe.

ONDERWEG

‘n Boer naby Levubu vertel van ‘n werker op sy plaas. As jong seun in die noorde van Mosambiek het hy besluit dat hy op die myne in Johannesburg wil gaan werk. Sy reis het twintig jaar geduur.

Eers het hy in die suide van Mosambiek by die plaaslike Vendas ‘n woonplek gekry. Daar is heelwat verkeer oor die Limpopo met die Vendas in Suid-Afrika. Hy het soms saamgekom oor die rivier, totdat die mense duskant die rivier hom geken het. Hy het ook Afrikaans leer praat. Toe kom bly hy duskant die rivier. Ná twaalf jaar het hy dokumente gekry en toe by die boere begin werk soek.

H y werk nou al ses jaar by die boer op Levubu. Hier is hy getroud en hy het kinders hier. Nou die dag sê hy die tyd is nou reg dat by Johannesburg toe kan gaan. Al sy dokumente is reg. Sy vrou sal op die plaas werk, en sy en die kinders sal by sy skoonouers bly. Dit het tyd geword om die laaste deel van sy reis aan te pak.

‘n KWESSIE VAN WÁARDES

Dit boei my: die eindeloos verskillende en dikwels onverwagte maniere waarop blankes op die verstrengelde werklikhede van Afrika reageer. Op ‘n keer is ek by toe ‘n groepie regsgeleerdes argumenteer.

Die ouer advokaat is uitgesproke regs. Hy sê hy kan selfs begryp dat die AWB die wapen opneem om dit wat die blankes oor eeue in die land tot stand gebring het, te beskerm. Hy sê dit sonder haat teen die swart man. Hy was jare lank magistraat êrens in Lebowa, waar hy dikwels die enigste blanke was. Hy praat uit jare se ervaring. Hy het dit nog altyd geniet om met swart mense te werk. Oor die jare het hy egter al hoe meer waardering gekry vir ons Westerse waardes. Dit was op grond van hierdie waardes dat die blankes deur die eeue ‘n groot beskawing opgebou het. Hiervoor kan ‘n mens veg. Waarom moet jy toelaat dat ander, wat niks wesenliks daartoe bygedra het nie, dit sommer van jou wegneem? En dit dan vernietig?

Die jong advokaat probeer om die ouer advokaat van stryk te bring. Hy vra skerp vrae. Hy put genot daaruit om spottende opmerkings te maak. Hy sê: “Watter Westerse waardes? Ons Westerse samelewing is ook maar korrup van bo tot onder. Ons moet liewer besef ons is deel van Afrika, en ons moet ook ons waardes en regstelsel by Afrika aanpas.”

Die ouer advokaat vra: “Wat weet jy van Afrika? Watter waardes van Afrika wil jy in ons regstelsel inbring?”

Die jong advokaat kan nie hierop antwoord nie. Hy het geen ervaring van Afrika nie. “Ons is deel van Afrika” is ‘n wapen waarmee hy die ouer man wil bykom, maar hy gebruik die woorde terwyl dit vir hom geen inhoud het nie. Hy kan nie sê wat hy daarmee bedoel nie. Hy wil ook nie, want sy doel is om die ouer man by te kom, nie om deel van Afrika te word nie. Hy verander dus die onderwerp.

Die ouer man kom weer terug na die vraag hoe Afrika-waardes in die regstelsel moet funksioneer. Hy sê: “Ons maak ‘n fout om dinge wat ons weet wat verkeerd is, ‘n plek in ons reg stelsel te gee. Sekere dinge is reg, en ons weet dit. Ons moet die dinge toepas en dit vir die swart menseleer, sodat hulle ook êrens kan kom. Maar nou volg ons dinge na wat geen waarde het nie.”

“Waarvan praat jy?” vra die jong advokaat.

“Wel,” sê die ouer advokaat, “ek het nou al heelparty sake verdedig waar die jong Comrades iemand vermoor het. Politieke moorde. Maar dis nie hulle storie in die hof nie. Hulle sê die slagoffer was ‘n towenaar, wat deur toordery veroorsaak het dat die weerlig sekere mense doodslaan. Dis natuurlik ‘n ou geloof onder die swart mense: dat towenaars die weerlig kan manipuleer om ander dood te slaan. Daarom, is die beskuldigdes se verweer, is die slagoffer om die lewe gebring.”

Die blanke regspraak erken die geloof in toordery in die swart gemeenskap, en nou word dit aanvaar as geldige versagtende omstandigbede in ‘n moordsaak.

“Wat is daarmee verkeerd?” vra die jonger man. “Binne die Westerse denke is dit ongeldig, maar as dit binne die tradisionele raamwerk geldig is, moet die hof dit nie erken nie?”

“Nee,” sê die ouer advokaat. “Wil jy my vertel dat ‘n gegradueerde onderwyser iemand vermoor omdat hy bang is hy sal hom toor met weerlig? Hulle lei ons aan die neus.”

‘n Derde kollega vertel dat een van die “weerligtowenaars” eendag getuienis in die hof moes aflê. Die swart magistraat vra hom of hy weerlig kan laat slaan waar hy wil. Hy sê ja seker, moet by die weerlig sommer nou hier in die hof laat slaan? Die mense skrik, die magistraat ook, en hy smeek hom om dit tog nie te doen nie.

Nog ‘n regsgeleerde kom by. Hy glo weer baie van die moorde kom wel ten diepste uit hierdie vrees dat die weerlig deur ‘n persoon gemanipuleer kan word. Maar ‘n moord op so een word ingeklee as ‘n politieke moord omdat die beskuldigdes dan regshulp kry van instansies soos die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke. Sulke instansies gee geld vir politieke verhore, selfs in moordsake, as deel van hul stryd teen apartheid.

Die ouer advokaat gee toe dat dit die geval kan wees. Hy het al baie sake verdedig waar die SARK hom betaal het, maar waar die vrees vir weerlig as versagtende omstandigheid gebruik is. “Ag wat,” gee hy die stryd gewonne, “solank die SARK betaal, maak ek lekker geld.” Op hierdie punt stem almal saam.

SAK, BROER!

Die meubelwinkels verkoop moderne stoele met ‘n raamwerk van ronde yster, sowat anderhalwe sentimeter dik, en ‘n sitplek van plankies. Dikwels het ek mense tuis besoek, dan word die nuwe stoel uit die rondawel gehaal vir my om op te sit. Die vrou sit op die grond en as die man daar is, sit hy op die lae muurtjie of op ‘n lae plankstoeltjie. Dan sit

ek hoog tusen die mense, maar nie vir lank nie. Die skerp ysterpote sak weg in die misgesmeerde lapa, en kort voor lank sit ek net so laag soos hulle.

DEEL II
Betragting

8 Twee Nederlanders

Dis soms goed om ‘n treetjie terug te staan van jou woelige werklikheid en ‘n objektiewe beeld van buite daarop te probeer kry. Tien jaar gelede, toe ons problematiek my al by die keel beet gehad het, het ek in Nederland kers opgesteek by twee geleerdes wat ‘n jare lange belangstelling gehad het vir swart mense.

Dr. F. de Graaff en prof. J.H. van den Berg het my by twee heel verskillende stasies afgelaai.

Prof. Van den Berg is ‘n fassinerende geleerde. Hy het die veranderinge in die grondliggende denkpatrone van die Westerse kultuur beskryf soos niemand anders nie. En veral het hy aangetoon hoedat verandering in die denke en die wêreldbeeld gelei het tot die ontwikkeling van die wetenskap en die tegnologie.

Dit was vir die kerk ‘n moontlikheid om te ondersoek. Watter veranderinge is nodig in die diepste denkpatrone van die swart mense om ontwikkeling moontlik te maak en uit te breek uit die bose kringloop van bevolkingsontploffing, hongersnood, ellende en geweld? Watter rol kan die kerk met sy boodskap speel op hierdie diepste vlak? Hoe moet die Evangelie gebring word sodat die nodige veranderinge kan plaasvind? Wat moet verander, wat nie?

Prof. Van den Berg het Suid-Afrika herhaaldelik besoek en ook swart gehore toegespreek. Hy was verbaas oor hulle reaksies, want hulle het heeltemal anders gereageer as blanke gehore. Hy het in die jare sewentig ses maande lank op Turfloop kom klas gee.

Ek het gehoop hy sou my kon help, want sy hele studie is ‘n studie van verandering, en dit op die diepste vlakke van die menslike gees. Dit is die soort verandering waarin die kerk ook belang stel, en ek wou hom dus opsoek tydens ons besoek aan Nederland.

Ek het my maande voor die tyd voorberei, al sy boeke weer gelees en opgesom, vrae neergeskryf. Ek het vir hom geskryf om te sê dat ek graag met hom wil kom praat oor die rol wat die kerk kan speel in swart ontwikkeling. Swart mense self sê dikwels dat swartarmoede die gevolg is van onderdrukking deur die blankes: kolonialisme, apartheid, kapitalisme, ens. Blankes, weer, is nogal geneig om die swart armoede toe te skryf aan biologiese of genetiese oorsake: die mense het nie die aangebore vermoëns wat nodig is vir ontwikkeling op Westerse model nie.

Ek stel egter meer belang in sy benadering, het ek: geskryf. Watter veranderinge is nodig in die diepste en grondliggende denkpatrone in die swart gemeenskap? Watter rol kan die kerk daarin speel? Dit is duidelik dat hy die Westerse ontwikkeling baie krities beskou. Hy is ook krities oor die Afrika-kultuur. In Suid-Afrika is die twee bymekaargegooi. Wat meen hy moet die kerk doen?

Hy het my vriendelik en gasvry ontvang, maar dadelik gesê hy het min geesdrif vir my onderwerp. Hy is jammer, maar hy kan nie anders nie as om te sê dat ek my tyd mors. Hy het dikwels by my ouers op Turfloop gekuier. Dit is alles 'n vermorsing van tyd en geld. Goeie akademici mors hulle lewe daar. My pa het sy lewe gemors om aan die swart mense geleerdheid te probeer gee. Waarom wil ek ook my lewe mors?

Ek was bietjie onverhoeds gevang. Ek het gesê die ontmoeting tussen die twee groot geesteswêrelde, van die Weste en van Afrika, is vol probleme en spanning, maar dit is nie tyd mors om daarmee besig te wees nie. Dit is 'n intens menslike gebeurtenis.

Hy het sy kop geknik en toegegee dit is wel 'n onderwerp wat die aandag werd is. Maar dan moet ons nie probeer om die swart gemeenskap te verwesters nie. Dit is tog duidelik dat dit nie slaag nie. Daardie swart universiteit is geen universiteit nie. Dit is 'n sentrum vir politieke agitators. Dit is 'n plek waar baie bier gedrink word. Dit is 'n plek waar 'n vertoning van modernisasie gegee word, maar die vertoning mis inhoud, substansie. Dit is 'n simbool van swart vooruitgang, maar dis 'n leë simbool. In ieder geval, dit is nie 'n plek waar studente, selfs al is dit 'n klein minderheid, gefassineer raak met die wetenskap nie. Jy soek tevergeefs daar na die tekens van 'n ware universiteit: studente wat hulself vergeet in die najaging van kennis van hul vak. Jy kan dit self gaan waarneem: daar is 'n doelloosheid. Daar is 'n gebrek aan belangstelling. Die plek moet liewer sluit, sê die professor.

Ek wou nie kopgee nie. Dit kan wel wees dat die swart gemeenskap nie dieselfde belangstelling in die wetenskap het as die blankes nie. Die wetenskap het in die Weste oor eeue ontwikkel. Dit is dus verstaanbaar dat die swart stndente, wat uit heeltemal 'n ander kultuur en tradisie kom, nie dadelik die gewenste belangstelling sal hê nie. Dit kan ek begryp. Maar dit beteken darem nie dat ons sommer die universiteit moet sluit nie. Ons moet eerder die verskille probeer begryp, en kyk hoe ons dit die hoof kan bied.

Prof. Van den Berg het volgehou dat dit tyd mors is. Dit sal oor drie honderd jaar nog dieselfde wees. Oor een duisend jaar sal dit nog dieselfde wees. Daar is geen enkele rede om te dink dat dit sal verander nie. In Afrika se verlede is daar geen teken dat die swart mense ooit 'n begeerte gehad het om op Westerse patroon te ontwikkel nie. Hulle het nie die wiel of die skryfkuns ontdek nie. Maar wat nog belangriker is: hulle het oor die eeue veelvuldige kere voeling gekry met volke wat hierdie dinge wel besit het. Hulle het dit dikwels gesien by ander, maar hulle het dit nie oorgeneem nie. Het dit dan enige sin om die Westerse kultuur in hierdie laat stadium van sy ontwikkeling aan hulle te probeer opdwing?

Ek het gesê dat ek sy probleem begryp. Ek het kort vantevore huisbesoek gedoen by ‘n man in Venda. Ons het teen sy hut se muur gesit. Voor ons het ‘n slee gelê. Ek het gevra of hy dit nog gebruik, en hy het gesê ja, dit is sy “vragmotor” , en hy wil nog eendag vir die slee wiele aansit. Toe het dit vir my gevoel of daar ‘n afgrond tussen ons oopgaan. Dit is ‘n duiselingwekkende gedagte. Hier praat ek met iemand wat begin dink aan die wiel! En sy kinders kan kernfisika op universiteit leer! Is dit werklik moontlik? Maar ek wil niks op hom afdwing nie. Ek wil weet: hoe help ek hom as hy self begin belang stel om die Westerse kultuur oor te neem en te gebruik?

Dié benadering was vir prof. Van den Berg aanvaar baar. Hy het gesê ons moet ‘n individu wat belang stel, probeer help. Ons moet die begaafde individu nie uitsluit nie. Maar dit het geen sin om die massa, die gemeenskap, te probeer ontwikkel nie.

Ek het daarop gewys dat ons nie veel van ‘n keuse het nie. Dit is die gemeenskap, die massa, wat daarvoor verantwoordelik is dat die bevolking in so ‘n ontstellende tempo groei. Waar gaan almal kos kry as daar nie nuwe, wetenskaplike metodes gebruik word nie? Dit is eenvoudig noodsaaklik.

Die professor het bekommerd gelyk. Ja, die bevolkingsontploffing is ‘n dreigende katastrofe. Van die tweede helfte van die neëntiende eeu het die blanke begin om die voordele van die eeue van inspanning en ontwikkeling na die res van die mensdom uit te dra. Die mense het dit gretig aanvaar. Orals ter wêreld ry die motor. Orals ter wêreld speel die transistor. Orals staan daar hospitale en werk dokters volgens blank-Westerse patroon. Een van die gevolge is dat die sterftesyfer daal, en die bevolking groei. Elke jaar kom daar sewentig miljoen mense in die wêreld by. Dit is ‘n blinde, sinnelose vermenigvuldiging van mense.

Ek vra: Maar wat kan ons anders doen as om die dreigende katastrofe die hoof te probeer bied? Moet ons nie beplan en voorberei nie? Moet ons mense nie probeer help om hulle lewenstyl te verander nie?

Hy sê ‘n mens kan slegs help as die mense self wil verander, as hulle belang stel. Talle Oosterse lande begryp die krisis wat aan die opbou is, en hulle neem die Westerse wetenskap en tegniek oor. Japan het ontwikkel sonder ontwikkelingshulp. Maar hulle het ‘n ryk kulturele erfenis gehad. ‘n Japannese kind moet vyf duisend tekens ken voordat by die Japannese skrif kan lees. Hulle het ‘n merkwaardige kuns en argitektuur gehad. Daar was reeds die basiese inhoude wat dit vir hulle moontlik gemaak het om die Westerse kultuur te bemeester.

Maar die swart volke het nie so ‘n ryk kulturele erfgoed nie. Die kulturele armoede van Afrika is duidelik sigbaar vir enige besoeker.

Daar is tradisies, danse, liedere – maar dit bied nie genoeg om ‘n hoogs ontwikkelde kultuur op te bou nie. Daarom is die blanke in Afrika in ‘n uiters benarde posisie. Hy kan die armoede om hom nie verlig nie.

“Die Weste verwyt julle, en tog gaan dit met die swartes in Amerika en hier in Holland oor die algemeen nie beter as in Suid-Afrika nie. Julle moet dus nie die fout maak om na die Weste te luister nie. Ons kan julle niks leer nie. Julle ken julle eie omstandighede. Moet julle nie laat mislei deur ons nie. Al wat julle kan doen, is om apart te bly sodat julle nie deur die swart massa verswelg word nie. Afrika is besig om in ‘n moeras weg te sink. Dit is julle plig om nie saam te sink nie.”

Ek het daarop gewys dat ons apartheid probeer implementeer het, maar dat dit nie gewerk het nie. Ons enigste praktiese en morele oplossing lê daarin dat ons ons lotsverbondenheid met die swart gemeenskap erken. Daarom stel ek belang in die vraag: hoe kan ons die swart gemeenskap help om hulle lewensgehalte te verbeter? Hoe kan ons die probleme te bowe kom wat hy genoem het, eerder as om ons daaraan te probeer onttrek?

Hy sê hy het met dieselfde vraag na Suid-Afrika gekom. Hy het belanggestel in die swart denkwyse. Eendag het hy saam met ‘n teologiese student die gebied ingery om die student se oom, ‘n toordokter, te gaan besoek. Hulle het die volgende gesprek gevoer.

“Hoekom is die veld hier so kaal? Was hier altyd so min bome?”

“Nee, vroeër was hier baie bome. Ons het hulle gekap vir brandhout.”

“Wat gaan julle doen as daar geen bome meer oor is nie?’~

“Nee, ek weet nie.”

“Waarom plant jull e nie nuwe bome nie, dan sal julle mos altyd genoeg hout hê?”

“Nee, ons stel nie belang nie.”

“Ek sien daar is meer bossies as mielies op die land. Weet julle dat die bossies swak oeste veroorsaak?”

“Ja, ons weet.”

“Waarom skoffel julle dan nie die bossies uit nie?”

“Partykeer skoffel die vrouens.”

“Maar hier is nie geskoffel nie. Wat is die probleem?”

“Nee, ons stel nie belang nie.”

So het die professor voortgegaan. Hy het vrae gevra oor die hoenders, oor die toestand van die draadheinings, oor die groentetuin, en elke keer het die student hom weer verseker: ons stel nie belang nie.

Ek het gedink hy sou gevra het waarom die student sê hulle stel nie belang nie. Hierdie gebrek aan belangstelling het ek meermale in Venda ervaar. Daar is goeie grond, baie

water, alle geleenthede, maar telkens stuit jy teen hierdie verlammende gebrek aan belangstelling.

Dit is presies waarom ek na hom toe gekom het, sê ek vir prof. Van den Berg. Ek wou by hom weet hoe verklaar ‘n mens dit, en hoe kan die kerk met die boodskap van verlossing hierdie passiwiteit deurbreek. Maar hy het tot ‘n slotsom gekom wat ek nooit eens oorweeg het nie. Dit het my winduit geslaan.

Hy sê: “Ek het besluit as hulle nie belang stel nie, dan stel ek ook nie belang nie.”

By die deur het hy my ‘n “goeie lewe” toegewens.

Dr. F. de Graaff is ‘n predikant van die Hervormde Kerk in Holland. Hy is ‘n mistikus en bewonderaar van Nietzsche. Hy het ‘n hele klomp boeke geskryf waarin hy soek na die verborge kragte, die eintlike dryfvere, van die geskiedenis. Vir hom is hierdie verborge kragte meer as gedagtes en idees. Dit word gode, magte, geeste, wat steeds dreig om die plek in te neem van die ware God, die God van lsrael, wat Hom in Jesus van Nasaret geopenbaar het.

Ek het hom opgebel by sy pastorie naby Zwolle. Hy het my vriendelik as “kollega” aangespreek.

Hy het my by die stasie kom oplaai. Op pad het hy die name genoem van ‘n paar Voortrekkers en ook swart leiers van hulle tyd. Terwyl ander kinders oor die Wilde Weste gelees het, het hy L. Penning se boeke oor die Boere verslind. Hy vertel laggend dat hy ‘n bietjie teleurgesteld was toe hy agterkom dat alle Afrikaners nie besonder lank, breed of sterk is nie.

Dit was veral die swart gemeenskap wat hom gefassineer het. Hy het geglo dat die Weste met sy tegnologie en sy beheptheid met geld en plesier, voeling verloor het met die ander wêreld, die geestelike wêreld, die goddelike wêreld. Die Weste se geestelike bronne het opgedroog. Hy wou weet of Afrika nie dalk vir die Weste kan leer om weer in noue aanraking met daardie wêreld te lewe nie.

“Ek het al so dikwels gewens dat ek julle land kon besoek. As ek motor bestuur, dan voel ek so dikwels dat ek ‘n robot geword het. Ek reageer outomaties op seine, net soos ‘n masjien. Jy weet, ons mense hier word al meer soos robotte, soos ‘n rekenaar. Mense reageer al meer op die prikkels van die media. Die advertensies prikkel hulle begeertes, en hulle reageer outomaties, slaafs, sonder om daaroor te dink of te besluit. Selfs die verhouding tussen man en vrou word ‘n tegniek, en die misterie daarvan, die eg menslike, die liefde en trou, is alles daarmee heen. Boerdery is ‘n bedryf. En so gaan dit voort. Dan sit ek in my kar en ek voel hoe die hele tegnologiese monster my in sy mag kry, hoe ek noodgedwonge reageer op die rooi lig en die groen lig: ek word ‘n masjien. Dan dink ek, as een van die swart toordokters my nou moes sien, dan sou hy net sy kop skud en sê: ‘Kollega, waarin het jy jou nou beland!’”

Ons het by sy huis met mooi bome en ‘n pragtige uitsig oor ‘n groot rivier aangekom. Ons het daaroor gepraat dat die Westerse kultuur met sy wetenskap en tegnologie nie die wêreld se probleme sal kan oplos nie, omdat hy te veel van sy eie probleme het – die grootskaalse besoedeling, die uitputting van bronne. Ek stem saam dat ons die Westerse kultuur nie kan aanbied as oplossing vir Afrika se probleme nie. Maar ek glo darem ook nie dat ons Afrika se kultuur kan aanbied vir die Weste se probleme nie! In Suid-Afrika moet ons soek na ‘n derde moontlikheid, want nie een kan die geestelike en kulturele grondslag vir die ander verskaf nie. Afgesien van die besware wat ons self teen die Westerse kultuur het, is daar in die swart gemeenskap sterk kritiek op die Westerse kultuur.

Ek het vertel van kerklike jeugbyeenkomste, waar die jong mense graag dwarsdeur die nag sing, met handegeklap en danse, en preek, en getuienisse gee. Die getuienisse het dikwels ‘n betreklik vaste patroon: die persoon was siek, en het die dokter by die hospitaal gaan besoek. Die dokter se medisyne wou nie werk nie. Daarna het die sieke begin bid, en is nou ontslae van die siekte en al sy simptome.

“Hulle gebruik dus die Westerse medisyne, maar hulle het ‘n diepe wantroue daarteenoor?”

“Ek meen dit is dikwels so. Die Westerse kultuur is dikwels ‘n bedreiging. ‘n Ouer predikant het eendag vir my gesê: God het die swart mense verlaat toe die wit mense hier gekom het. Die beeste word al maerder, die oeste word al swakker, die aarde het geen vrugbaarheid meer nie. Die mense het geen lewenskrag nie. ‘n Ou vrou het gesê dit is vandat daar ‘n teerpad is daar naby dat die reën weggebly het.”

Die oubaas was diep beïndruk. “Die mense het ‘n intuïtiewe aanvoeling dat die Westerse tegnologie ‘n bose mag is wat God uitban en wat die lewe bedreig. Dit is van die uiterste belang dat ons die aanvoeling aanleer. Ons het die vermoë verloor om die magte te onderskei. Ons is heeltemal in die greep van die tegnologie en sy trawante. Hulle het ons afgesluit van die goddelike wêreld. Maar daardie swart mense begryp dit nog. En hulle kan ons help om die aanvoeling, die kontak, te herwin.”

Ek was nie so seker van die rede vir primitiewe wantroue in die tegnologie nie. Die mense gebruik die tegnologie omdat dit sekere verwagtinge by hulle skep, maar daardie verwagtinge realiseer nie omdat hulle nie weet hoe om die tegnologie te gebruik nie. Dan verwyt hulle die tegnologie.

Dr. De Graaff het steeds die tegnologie blameer. “Dit is nou tipies van die tegniek: hy skep valse verwagtinge. Hy belowe die hemel vir jou. Hy gee jou alles wat jy wil hê, allerhande onbenullighede, en so kry hy jou in sy mag en vernietig jou. Jy eindig in die hel. Dit is soos Shakespeare in *Macbeth* gesê het:

> But ‘t is strange:
>
> And often times, to win us to our harm

The instruments of darkness tell us truths,

Win us with honest trifles, to betray's

In deepest consequence.

En dit lyk vir hom of die swartmense dit nog steeds beter aanvoel. Ons het al ons vertroue in die tegniek geplaas. Ons staan weerloos teen sy donker verraad. Maar die swart mense wantrou dit, al gebruik hulle dit. Daar is dus nog iets wat ons by hulle kan leer!

"Sê my, is daar nog toordokters? Het jy 'n goeie verhouding met hulle? Noem hulle jou kollega? Het julle goeie samewerking? Ek het gehoor dat hulle soveel voeling het met bonatuurlike magte dat hulle selfs die natuur op 'n wonderlike wyse kan beheer. Is dit nie so dat hulle soms hul geskille besleg deur op 'n oop stuk veld te staan en mekaar dan met weerlig te probeer tref nie?"

"In Lebowa is daar baie gerugte oor weerlig," sê ek. "Daar word gereeld mense verbrand omdat 'n toordokter hulle uitgewys het as mense wat veroorsaak het dat die weerlig iemand doodgeslaan het. Dit gebeur seker byna weekliks in die reënseisoen. Onlangs het 'n klomp kinders 'n vrou verbrand omdat hulle sê dat sy tien jaar gelede die oorsaak was dat die weerlig 'n kindjie doodgeslaan het. Daar is baie toordokters - meer as predikante, sê hulle. Maar ek het geen kontak met hulle nie. Ek dink nie dat hulle benadering versoenbaar is met ons s'n nie. Hulle veroorsaak geweldige vrees in die gemeenskap, want hulle werk met die veronderstelling dat een of ander persoon altyd die oorsaak is van enige teenspoed. As iemand teenspoed kry, is dit omdat iemand anders bose kragte teen hom in werking gestel het. Die een wat die teenspoed veroorsaak, moet dan gestraf word."

Dr. De Graaff was nie oortuig nie. "Vrees is nie so 'n slegte ding nie. Vrees is die eerste reaksie as 'n mens besef jy staan voor die goddelike wêreld. In die Ou Testament is mense altyd met 'n doodsvrees vervul as God aan hulle verskyn. Maar ons het die vrees uitgeban, want ons het geen begrip meer van die goddelike magte nie. Ek begryp dat daar in Afrika ook bose magte werksaam is, maar in die Weste is daar nog groter en nog boser magte aan die werk. Ons dink dit is alles onskuldige wetenskap, ons het geen begrip meer van die bose magte wat daarin werksaam is nie. Ons begryp dit nie meer nie, en daarom vrees ons nie meer nie. Ons het die vrees verloor. Maar hulle begryp dit nog. Dit is vir hulle realiteit."

Dr. De Graaff kom terug op die toordokters. "Is hulle nie die mense wat hul benadering self die beste kan verduidelik nie? Ons moet leer om met die mense te kommunikeer. Hulle het 'n baie meer subtiele, baie meer indirekte manier van kommunikasie. Ons kan tog nie met ons direkte, rasionele benadering reg aan hulle laat geskied nie. Jy moet jou oefen in subtiele kommunikasie, anders sal daar nooit goeie begrip wees nie."

“Dit is so dat hulle dikwels subtiel en indirek kommunikeer,” sê ek. “Maar ek voel nie dat dit reg is dat ons ook so begin kommunikeer nie. Die indirekte manier skep net wantroue. Onlangs het ons ná kerk die gemeente genooi vir tee. Toe die ouers begin huis toe gaan, het die kinders in die vrugtebome geklim. Hulle het takke gebreek en groen vrugte op die grond gegooi. Ek was kwaad en wou met hulle raas. Ek vra toe een van die diakens om die kinders huis toe te stuur. Hy het net geroep: ‘Kinders, julle kan weer môre terugkom.’ Al die kinders het dadelik geloop, sonder enige rusie of harde woorcle. Dit is indirekte kommunikasie. Die kinders weet goed dat hy nie bedoel dat hulle weer kan terugkom nie. Hulle begryp dat hy sê hulle moet huis toe gaan.”

Dr. De Graaff sê: “Dit is ‘n fyn metode om konflik te hanteer.”

“Ja, dit is algemeen. As ‘n man vir sy skoonseun sê dat by ‘n bok wil hê om te slag, sal die skoonseun nooit weier nie. Hy sal sê dat hy ‘n vet bok sal soek. Elke keer as sy skoonpa vra waar is die bok, dan sê hy dat hy nog nie een gekry het wat goed genoeg is nie. Dan weet die skoonpa hy sal nie een kry nie, maar daar was geen konfrontasie nie. Die verhouding is nooit afgesny nie. Die nadeel is dat hulle dan altyd ‘n ander betekenis soek agter alles wat ‘n mens sê. Niks is soos dit lyk nie. Niks is direk nie. Alles het ‘n ander, selfs teenoorgestelde, betekenis. Ek vind dit baie vermoeiend dat daar altyd gesoek word na verborge motiewe. Die gedurige agterdog is verlammend. Dit bemoeilik verhoudinge.”

Dr. De Graaff het volgehou ons kan baie by hulle leer, ons moet met hulle leer kommunikeer.

Vir my het dit ooreengestem met die standpunt van pres. Leopold Senghor van Senegal, die groot profeet van Négritude. Afrika, sê Senghor, sal die Weste weer leer om warm en voluit te lewe, om nie net koud oor die natuur te heers nie, maar om met die aarde ‘n mistieke verhouding aan te knoop.

Ek het daarna vir prof. Van den Berg gevra wat by dink van die gedagte dat Afrika die Weste kan help om weer aansluiting te vind by die ander wêreld, die goddelike wêreld. Hy was glad nie geïmponeer nie.

“Eendag was ek op be soek in Gazankulu,” het hy vertel. “‘n Kollega het gesê hy sal my na ‘n afgeleë gebied vat, na mense wat nog nooit ‘n blanke gesien het nie. Ons het lank daar gesit en kyk na wat die mense doen. Eintlik het ons gekyk na wat hulle nie doen nie. Tussen hulle hutte was daar ‘n ruwe paal geplant. Ek het gevra: Watse paal is dit? Hulle sê dit is waar hulle offers bring. Aan wie offer hulle? Aan die voorvadergeeste. Wat offer hulle? Pap, tabak, bier. Hoe offer hulle? Hulle sit dit voor die paal neer. Wat doen die voorvadergeeste dan? Hulle eet die pap en drink die bier. Hoe eet hulle? Nee, ons weet nie. Het julle geen voorstelling nie? Kou die geeste die pap met hulle tande? Hulle lag net en sê nee, hulle weet nie. Hulle het nog nie daaraan gedink nie.

“Dit is armoede. Die fisieke armoede wat jy buite sien, verberg nie die innerlike rykdom nie. Die innerlike is net so armoedig. Hulle kap ‘n paal in die bos, maar hulle bewerk hom nie. Hulle maak nie ‘n beeld nie. Hulle verrig geen kultuurarbeid nie. Hulle plant net daardie ruwe paal in die grond, en dan offer hulle. Maar hulle het geen voorstelling van wat gebeur nie. Daar is geen denke nie. Daar is geen dogma nie. Hulle kan geen verduideliking gee van wat hulle glo nie. Dit is armoede tot in die siel. Wat wil jy by hulle leer? Hoe kan hulle jou die weg wys na die goddelike wêreld?”

Op my tweede besoek aan dr. De Graaff het ek dié verhaal aan hom vertel. Hy was hewig ontsteld. Hoe kan prof. Van den Berg sulke growwe vrae vra? Toe hy vra of die geeste die pap met hulle tande kou, het die mense seker gedink hierdie blanke is heeltemal onnosel, hy sal nooit iets kan verstaan nie, dit is beter om maar net te lag en te sê: Ons weet nie, ons het nog nie daaroor gedink nie.

Vandag moet ek byna met deernis terugkyk op die jong Van Niekerkie, wat met soveel verwagting na die twee geleerde Nederlanders is.

9 George en Jung

Dit was ‘n ander Hollander, George van der Hooft, wat vir my een van die belangrikste luike oopgemaak het op die swart ervaringswêreld, en die sleutel aangedui het waarmee hy dit ontsluit het.

In 1977 was ek besig met die gedigte van tydgenootlike swart skrywers van Soweto en Alexandra. Die besef het begin groei: hier is meer as politieke protes, hier is ‘n rykdom aan simbole, ‘n hele ander wêreld, in hierdie gedigte. Êrens het ek iets van Jung gelees en daar was ‘n skynbare verband met simbole en verlangens wat ek by die swart skrywers teengekom het. Die sielkundedosente aan die Universiteit van Pretoria het gesê hulle kan my nie help nie.

My pa sê ek moet praat met George van der Hooft, ‘n psigiater by die Groothoek-hospitaal in Sekhukhuneland. Hy het van Holland gekom en was destyds al ‘n paar jaar daar.

George van der Hooft het wenkbroue by die sendinghospitaal laat lig omdat hy die inheemse genesers ernstig opgeneem en gereeld by die behandeling van sommige geestesiekes betrek het. Sy doktorsgraad het hy verwerf met ‘n transkulturele psigiatriese studie oor die Malopodans. Sy promotor was, interessant genoeg, prof. J.H. van den Berg.

Hy skryf: “Ure lank het dit gelyk asof daar niks gebeur nie, en ek het myself afgevra hoe dit moontlik was dat mense hulle vir so lank met niks kan besig hou ... By wat eers so nuut, romanties en opwindend gelyk het, kan ‘n gevoel van verveeldheid spoedig nie meer onderdruk word nie; ek het gou moeg geword vir die Malopodans, dit het my hoofpyn gegee” (1979:45).

Maar geleidelik raak hy meegevoer. Hy word ‘n leerling. Dit word donker en dan, skielik, is die nag verby. Wat het dan gebeur? Hy het meer as vyftig maal teruggegaan en die ritueel toe beskryf en geïnterpreteer.

Die Malopodans kan dae en nagte lank duur, totdat die persoon vir wie die geeste siek gemaak het stokstyf agteroorslaan. Die persoon is “dood”: sy is nou in die wêreld van die voorvaders. In Venda sê die mense sy praat Tshikalanga, want die Bakalanga is hul Voorvaders. Ná die ritueel is die persoon weer gesond. Die eenheid, die verhouding met die wêreld van die geeste, is herstel.

So is ek toe, op my pa se advies, na George van der Hooft op Groothoek.

Ons sit op die stoep. George rook sy pyp. Hy sê hy het die gedigte waarvan ek praat nog nooit gesien nie, hy weet absoluut niks daarvan nie. Ek wys hom ‘n paar. Hy word meegevoer. Presies dieselfde simbole en verlangens vind hy by sy pasiënte!

“Dit is die onderbewussyn wat baie sterk na vore kom – die verlange na die aarde, die eenheid met die moeder, die dood en die geboorte wat in die sirkel opgeneem word, die mistieke oerbelewenis van die heelheid van alles wat bestaan.

“Die protes hier in hierdie gedigte is veel meer as politieke protes!” sê hy opgewonde. “Dit is ‘n protes teen die hele Westerse kultuur, wat alles koud en rasioneel analiseer en uitmekaar haal. Die Westerse benadering is ‘n vergryp teen die oerbelewenis van eenheid.”

Skielik verstaan ek wat die swart skrywers herhaaldelik sê: dat hulle na hul Afrika-identiteit soek, dat hulle probleme het met die Westerse wêreld. Ek begin begryp daar is iets soos ‘n Afrika-beskouing of -belewing van die werklikheid, en dit word nie sommer ingeruil omdat ons Westerlinge ons sieninge kom aanbied nie.

Vir my was dit destyds ‘n totaal nuwe insig. Dit gaan nie net, het ek nou ingesien, om die afskaffing van apartheid, om die vestiging van ‘n regverdiger bestel nie. Dit gaan om iets veel meer omvattends en moeiliks – die vind van ‘n verhouding tussen twee geesteswêrelde. Ek besef ons moet Afrika ernstig opneem en respekteer as ‘n wêreld in eie reg, en nie maar net ooreenkomstig ons Westerse maatstawe beoordeel of minag nie.

“Mense kom nou agter dat Afrika in baie opsigte ooreenstem met Jung se denke,” sê George.

“Maar hoe anders? Jung het tog uit Afrika geput! Hulle is net besig om Jung en Freud se teorieë óór te dink.’n Mens kan Freud en Jung se teorieë kontroleer en kyk of hulle Afrika reg verstaan het. Waar hulle het, kan hulle jou help om Afrika beter te verstaan. Afrika het op sy beurt hulle gehelp om die Weste beter te verstaan.

“Al daardie dinge wat die Weste diep in sy onderbewussyn weggestoot het, wat die psigoanalitic uit die onderbewussyn van die Westerlinge grawe, is hier in Afrika lewend, polsend, naby die oppervlak.”

Ek is verbaas. “Dat die grondleggers van die moderne sielkunde soveel uit Afrika geput het!”

“Dit is ‘n feit, hoor,” sê George.

Jare later het ek Jung se eie bevestiging hiervan teengekom. In ‘n vraaggesprek by die Baselse Psigologieklub ‘n paar jaar voor sy dood is hy gevra hoe by uitgekom het by sy globale siening van die mens, van die totaliteit.

Hy het verskeie invloede aangedui wat op hom ingewerk het, en toe gesê: “En moenie my reise vergeet nie, veral na Indië en Afrika! Daar ontmoet jy mense van ‘n ander epog. Deur waarneming ontdek jy verbande en skynbaar toevallige ooreenkomste tussen wat jy daar vind en die geesteservaringe van jou eie beskawing. Jy probeer uitkom by die gemeenskaplike bron, want so ‘n gemeenskaplikheid moet daar sekerlik wees.” Daar die bron het Jung die kollektiewe onderbewussyn genoem, en dit was waarskynlik die belangrikste hoeksteen van sy denke.

Jung en sir Laurens van der Post het gepraat van dinge “forgotten in their primitive selves” (1978:53), wat Afrika weer in hulle kon wakker roep. Albei het groot waarde geheg aan die uitspraak van sir Thomas Browne: “We carry with us the wonders we seek without us: there is all Africa and her prodigies in us” (1978:53).

Dit is verbasend dat ‘n Afrikaanse skrywer soos Etienne Leroux, wat soveel waarde geheg het aan Jung, skynbaar al meer uit Oosterse en ou Griekse mitologieë geput het eerder as om dié van Afrika, wat so na aan hom was, te ontgin. Probeer die Afrikaner hom dalk beskerm teen, onttrek aan, die suigkrag van Afrika? Aan die geweldige magte buite die beheer van die rede wat “die wildernis hierbinne” kan ontketen?

In dié verband is daar ‘n insiggewende staaltjie wat sir Laurens vertel, van die keer in Uganda toe Jung saam met ‘n groep Afrikakrygers begin dans het. Hy het meegedoen aan die dolle ritme en die oerbesetenheid, maar skielik het hy bang geword. Hy het die dans probeer stopsit en eers tabak uitgedeel, later met sy sweep onder die dansers ingevlieg. Hy het aangevoel dat ‘n mens jou heeltemal oorgee aan die magte binne en buite jouself, en beheer oor jouself verloor. By jeugbyeenkomste van ons kerk sien ons dikwels iets van dieselfde aard. Die jong mense pak die saal vol, hulle sing die Christelike liedjies, hulle dans, hulle slaan ritmies op die handkussinkies. Die polsing en die herhaling van dieselfde kort, treffende wysie het ‘n hipnotiese effek. Tagtig, honderd,

honderd en vyftig maal dreun dit in die saal, t0t in die nag, met die skaduwees van die lantems en die dansende figure. Later wil hulle nie ophou sing nie. Soms gaan dit dwarsdeur die nag aan en, as die naweek is, deur nog ‘n nag. Party jong mense kan die woorde nie reg uitspreek nie of weet nie wat hulle beteken nie. In talle gemeentes word sulke byeenkomste verbied. In die roes raak die emosies buite beheer en kan dronkenskap en seksuele losbandigheid botvier.

Dit is in skerpe teenstelling met die absolute stilte of stemmige sang wat gewyde oomblikke in die blanke kerk kenmerk. Dat die wit kerk nou ‘n bietjie vryer word, ‘n bietjie meer blydskap en vreugde wys, is goed. Maar ‘n streep kan getrek word van die moderne charismatiese oplewing na Afrika: nes, blykbaar, die polsende ruk-en-rol-musiek, het dit in Amerika onder invloed van die Negers ontstaan.

Nee goed, sê George, in Calvinistiese Holland moet ‘n mens dalk sê: Kom ‘n bietjie los! Maar in Afrika moet die rasionele, die beheer oor oermagte in die mens, sekerlik behou word, reken hy. Hy sê hy kan begryp dat die Afrikaner soveel klem lê op beheer, ook op selfbeheer. Afrika is ‘n baie sterk mag.

Talle geleerdes – ook Jung en Van der Post – verklaar rassisme en onderdrukking teen hierdie agtergrond: die blanke herken iets van homself in die ander, iets waarvoor hy bang is in homself – soos Jung in Uganda was. As hy ander slegsê en onderdruk, beveg hy eintlik iets in homself. Dit sou beter gewees het as hy erken het dat dit eie is aan hom, as hy dit op sy eie manier leer hanteer het, eerder as om dit na die kelders van die onderbewussyn te verban.

Ná sewe jaar op Groothoek is George en Janneke van der Hooft met hul vier kinders terug na Nederland. Sy werk op die raakpunt van Afrika en die Weste is ‘n kosbare nalatenskap.

“Wat is die geheim van jou goeie verhouding met die Malopodokters?” vra ek hom op ‘n keer.

Sonder om te huiwer, antwoord hy: “Belangstelling.”

Miskien is dit ons Afrikaners se grootste sonde, groter selfs as apartheid, dat ons – die linkses net soveel as die regses – nie werklik belang stel in Afrika nie. Hoeveel van ons het al van so iets soos die Malopodans – of Venda se Slangdans – gehóór? Wie van dié wat gehoor het, het gaan kyk? Wie van dié wat gaan kyk het, het lank genoeg gesit om deur die verveeldheid te kom, om die rolle te laat omkeer sodat die leermeester ‘n leerling word? Wie het dan meegevoer geraak in die proses om skielik verbaas te sien: die son kom al op, wat het gebeur dat die nag so gou verby is? En wie het, soos George van der Hooft, meer as vyftig maal teruggegaan om die volle ritueel mee te maak?

So ‘n vermoë om uit jouself te tree, om in die ander op te gaan, hou die sleutel tot sinvolle ontmoeting.

10 Ons tuiskoms in Afrika?

In 1936 skryf N.P. van Wyk Louw dat die Afrikaanse literatuur nog “hele nuwe ryke van die menslike belewing” sal moet annekseer. Een leemte wat by aangetoon het, was dat die verhouding met Afrika nog nie deurdink was nie.

> Die Bantoe en Kleurling is deur ons nog skaars raakgesien; ons het hulle so effens as vyande beskrywe, toe later weer simpatiekhumoristies vanuit die burgerlike standpunt gesien; maar hulle moet nog in ons literatuur verskyn as mense, in boeke wat nie met eenvoudig-liberale “oplossinkies” kom nie, maar met die ganse las van die noodlot van ons nasie (1986a:10).

In 1936 het hy verwag dat die Afrikaanse literatuur, as gevolg van die verstedeliking van die Afrikaner, “minder van die Europese (sal) begin verskil” (1986:7). Dit is blykbaar wat gebeur het. Die Afrikaner begin meer Europees, en later Amerikaans, word. In 1963 merk Van Wyk Louw op dat die Sestigers begin “knabbel” het aan die probleme van die saamwoon van baie nasies en rasse in ons land, maar:

> ... die volle erns word miskien nog nie eers begin beskryf nie ... Wat rasseprobleme betref, is daar bitter weinig onafhanklike denke by ons Afrikaanse én ons Engelse skrywers of skryfsters: dis alles die ou, die óórbekende ingevoerde ideologieë uit Europa, Amerika en – derivatief – uit Afro-Asië (1986b:516).

Die Afrikaner oriënteer hom al meer op oorsee, op die Weste. Apartheid kan geïnterpreteer word as ‘n poging om die Europese lewenswyse in Afrika, maar apart van Afrika, in stand te hou. Apartheid was ‘n bevestiging daarvan dat die Afrikaner Europees wou wees, en nie deel van Afrika nie - al het sommige nog van ‘n roeping in Afrika gepraat.

Die anti-apartheidsbeweging, wat by die Sestigers reeds hoorbaar geword het, is meestal nie ‘n stap nader na Afrika nie, maar net nog ‘n stap nader na Europa en Amerika. Baie Afrikaners het van pro- na anti-apartheid verander, nie tydens ‘n besoek aan ‘n Afrikaland nie, maar tydens ‘n besoek of ‘n studietyd in Europa of Amerika. Daar het hulle die meer verligte Westerse denke oor apartheid en oor menseverhoudinge hulle eie gemaak.

Dit is ‘n groot rede tot kommer: hoe verder mense van Afrika af is hoe meer links – maklike, selfgenoegsame links – is hulle dikwels; hoe nader sulke mense dan aan Afrika kom hoe meer regs word hulle. Dieselfde gebeur met baie Europeërs wat in Afrika kom woon. Wat Van Wyk Louw in 1936 en 1963 gesê het, geld steeds tot ‘n ontstellende

mate: ons het die swart mense “nog skaars raakgesien”, want ons projekteer ons eie wense en begeertes op hulle; ons dink aan hulle “so effens as vyande”, maar die “effens” word al meer ‘n “understatement”; die “eenvoudig-liberale oplossinkies” en “die ou, die óórbekende ingevoerde ideologieë” het vir baie mense geloofsake geword. Ons heil lê nie in die blote bestudering en napraat van Europese en Amerikaanse denke nie, en tog bestaan die oorgrote massa van akademiese aktiwiteit in ons land daaruit: selfs onder swart akademici, selfs in ‘n vak soos sendingwetenskap, word studie grootliks gesien as studie van wat oorsee gedink word.

Daar is mense, wit en swart, predikante (veral in die swart kerk), boere, amptenare, sakemense, arbeiders, wat in die daaglikse praktyk worstel met die verhoudingsprobleem tussen swart en wit. Dit is mense wat in die maalstroom van gebeure opgeneem word en ondanks alles positief wil bly, sonder om in een enkele opsig die realiteite weg te praat. Hulle glo dat die oplossings gevind moet word deur die probleme deur te werk en te kyk waar ons uitkom.

Hierdie mense se stemme word op die oomblik skaars gehoor. Hulle denke is te verward omdat hulle nog te naby die woelige praktyk is. Hulle oplossings is te vaag en te onseker. Hulle interpretasie van die probleem is te gekompliseerd, dit maak alles so veeleisend. Dit is soveel makliker om met duidelike riglyne te werk. ‘n Eenvoudige probleemstelling en ‘n duidelike oplossing het beter markwaarde as ‘n worsteling met die verwarrende praktyk.

Aan die einde van die jare tagtig het daar ‘n klompie boeke oor ons verhouding met Afrika verskyn. Kan ons sê dat hierdie boeke al verby N.P. van Wyk Louw se opmerkings van 1936 en 1963 gevorder het? Is dit nog steeds eenvoudig-liberale oplossinkies, is dit ou bekende oorsese denke, of is daar al ‘n eie, eerlike worsteling met ons eie ervaring?

In 1989 publiseer die Sentrum vir Kontekstuele Hermeneutiek aan die Universiteit van Stellenbosch ‘n boekie onder die titel *Into Africa: Afrikaners in Africa reflect on “coming home”*.

Die titel skep verwagtinge by die leser. Prof. Willie Breytenbach versterk die verwagtinge as hy die Sentrum in sy voorwoord gelukwens met sy inisiatief, sy “new thinking”. In hulle inleiding skryf die redakteurs - Johann Kinghom, Bernard Lategan en Stiaan van der Merwe - van “a major breakthrough in our own understanding of the possibilities, the hopes, but also of the dangers that lie ahead”. Hulle het vrede gemaak met “Afrika”, dit is ‘n tuiskoms in Afrika, “and therefore a joyful experience”.

Die boekie dra swaar aan die bekende slagspreuk van die Maties: “Waar Stellenbosch vandag is, is Suid-Afrika môre.” Maar hulle wil dit te maklik bereik. Net een of twee bydraes het verder gevorder as die “eenvoudig-liberale oplossinkies” waaroor Van Wyk Louw in 1936 al gekla het. Die ineenstorting van die menslike lewe in Afrika – die sosiale strukture, die ekonomie, die ekologie – verdwyn agter die goeie gesindhede van blankes

wat kort besoeke daar afgelê het. (Een bydrae, 'n "study in national reconciliation", is byvoorbeeld geskryf ná 'n besoek van slegs ses dae – ses dae! – aan Zimbabwe.)

Die besoeke het te maklik verloop - vlieg in, meestal, gesels met 'n klompie mense, en vlieg weer uit. Die ontvangs was "sometimes embarrassingly hospitable" vir dié wat apartheid verwerp en Afrika se kant kies. So maklik is dit. Groot uitsprake vloei dan te maklik uit die pen. As die voormalige pres. Kenneth Kaunda sê dat Afrika die Afrikaners as mede-Afrikane sal aanvaar op voorwaarde dat "they learn to behave like Africans", dan word dit nie as 'n probleem beskou nie. "Of course, the main obstacle (is) apartheid" is die enigste kommentaar; die probleem van die verhouding tussen die twee geesteswêrelde word nie aan die orde gestel nie. Dit beteken Afrika word nie ernstig opgeneem nie, word skaars raakgesien.

Hoe ver moet 'n mens van Afrika af wees om ná 'n vriendelike ontvangs te kan sê: "Colour is obviously no issue. Everyone who identifies with the spirit of the continent has a place in Africa" – sonder enige blyke van 'n besef van wat "identifies with the spirit of the continent" alles kan inhou?

Sulke sterk positiewe gevoelens wat inhoudelik so leeg is, kan net gevaarlik wees, want dit is nie deurleefde gevoelens nie. Dit is dus nie betroubaar nie. Niemand weet hoe lank dit in die praktyk gaan hou nie. En dit help mense wat lank reeds met die prakiese probleme worstel absoluut niks nie. As Suid-Afrika more gaan wees waar hierdie Stellenbossers nou eers is, is ons in 'n wanhopige situasie. Sommige van die mense wat bygedra het tot hier die boekie, ken en respekteer ek. Die boekie is hulle egter nie waardig nie – in alle nederigheid, eerlikwaar. Die saak is te groot en te belangrik om so gehanteer te word.

'n Beroepsman in Noord-Transvaal het die boekie gelees; sy vrou bestee een maal per maand byna 'n hele oggend om haar beenhare te laat verwyder en haar skurwe hakskene en naels te versorg – om nie van al haar ander salonne te praat nie. Sy is 'n geleerde vrou, haar gesindheid is goed, sy en haar vriendinne sou baie vir ander kon doen. Sy praat die taal van *Into Africa* – maar sy bemoei haar geensins met die massiewe maatskaplike verval rondom haar nie.

In Januarie 1984 begin Elizabeth de Villiers skoolhou by 'n hoërskool in Soweto. In Desember 1985 bedank sy. In 1990 publiseer sy *Walking the tightrope: recollections of a schoolteacher in Soweto*. Sy het betrokke geraak, maar vind dit 'n hopelose saak. Die gedrag van wit en swart het gedegradeer tot absurditeit, en sy is vlymskerp in haar kritiek op almal. Sy vind darem aansluiting by sommige kinders. Haar boek bevat heelwat besonderhede oor die daaglikse gebeure in swart onderwys: haar ervarings van die eerste vyf dae beslaan byvoorbeeld sestig bladsye. As sodanig is dit 'n groot verbetering op *Into Africa*: hier is minstens 'n twee jaar lange konfrontasie met die harde praktyk. Haar snydende kritiek en haar gedurige interpretasies waarom mense doen wat hulle doen, gee ongelukkig nie veel insig in die situasie nie (dit sê wel iets oor haar eie denke).

‘n Eerlike soeke na ‘n positiewe verhouding met Afrika, en ‘n besef dat daar meer as die oënskynlike agter gebeure sit, maak Rian Malan se *My traitor’s heart* ‘n werklik waardevolle en aangrypende boek. Hy bestee soms weke en maande daaraan om een gebeurtenis beter te begryp. Hy vertel van sy gesprek met Creina Alcock: “I told her I was searching for a way to live in this strange country – for an alternative, if one existed” to the law of Dawid Malan ...” (1990:286).

Die een sin vat die hooftrekke van sy boek saam: hy is ‘n soeker, wat elke situasie tot sy uiterste sal beleef om te kyk wat hy daar vind; hy soek na ‘n verhouding as blanke, as Afrikaner, met Afrika. Hy is eerlik met homself, eerlik oor die Afrikaner, eerlik oor Afrika. Dit veroorsaak groot spanning in sy gemoed. Hy besef dat sy voorouers (Dawid Malan) met ‘n oop, menslike benadering in Afrika ingegaan het, maar in die ontmoeting met Afrika hard geword het. Hulle het meedoënloos geword, omdat Afrika wreed en geweldadig is. Hulle het die lig van die Westerse beskawing – die ideale van broederskap, gelykheid, vryheid, die humanisme van die Verligting – in hulself uitgedoof, omdat hulle ervaring vir hulle gesê het dat ‘n mens nie met hierdie beginsels in Afrika kan leef en oorleef nie.

Die wet van Dawid Malan was dat die swart man ondergehou moet word, dat hy nie vry en gelyk kan wees nie, want as hy die kans kry, sal hy die wit man se keel afsny.

Rian was ‘n misdaadverslaggewer. Sy boek bestaan uit verhale van hoe ons, ons mense in Suid-Afrika, mekaar doodmaak: wit en swart, en swart en swart. Die realiteite bevestig die wet van Dawid Malan. Aan die einde beskryf Rian hoedat Neil en Creina Alcock in ‘n swart gebied gaan woon het, sonder die wet van Dawid Malan. Teenoor geweld, verraad en korrupsie kom net liefde en vergiffenis te staan.

Die mense vir wie Neil Alcock alles gedoen het, is die mense wat hom voorlê en doodskiet. Sy weduwee, Creina, sit sy werk voort. Sy word verraai, beroof en aangerand deur die mense wat alles wat hulle het en is aan haar te danke het. ‘n Enkele keer het sy, soos Neil vóór haar, van mag gebruik probeer maak, maar sy het besluit dat dit die eintlike nederlaag sou wees: die vraag is nie wie wen, wie die sterkste is nie, maar of die liefde te midde van die haat behoue kan bly. Daarom het sy aanhou liefhê, aanhou vergewe. In groot ongerief, heeltemal weerloos en in lewensgevaar, gaan Creina voort met haar werk. Hoe lewe ‘n mens in Afrika? Haar antwoord is nie goedkoop nie:

> “I put the second death-threat letter aside ... and I was suddenly terribly afraid. I had this sense of utter blackness, worse than when Neil had died. I thought, Well, I can’t actually live in Msinga, because I haven’t got what it takes to live by Msinga rules ... I felt utterly betrayed by loving. All the things I had ever been told about love just weren’t true. I understood that love was a safety and a protection, and that if you loved you would be rewarded by someone loving you back, or at least not wanting to damage you. But it wasn’t true, any of it. I knew that if I stayed, this was how it was going to be: It would never get any better; it would stay the same, or get worse. I thought, if you’re really going to live in Africa,

> you have to be able to look at it and say, This is the way of love, down this road: Look at it hard. This is where it is going to lead you" (1990:343-344).

Rian Malan se eie gevolgtrekking is sterk geformuleer: "If you loved you were vulnerable, and if you were vulnerable you were weak and if you were weak in Africa, you got fucked, and fucked again, and again, until you could no longer stand it" (1990:343).

Dit was dan Creina se keuse: om met liefde, selfs wanneer dit geen wederliefde of beskerming oproep nie, daar te bly lewe. "The only thing you can do is love, because it is the only thing that leaves light inside you, instead of the total, obliterating darkness" (1990 :344). Dit is geen goedkoop uitspraak nie. Dit beteken dat sy enige oomblik op enige manier aangerand en doodgemaak kan word, en dat sy nie met mag of geweld sal reageer nie.

Die Christelike geloof, met die kruis wat so sentraal is, sou hierby kon aansluit. Maar die verhaal neem 'n ander wending. Sekerlik, Malan vind in die Alcocks se verhaal lewe ná die dood, hoop nadat die lydingspad enduit geloop is.

Maar dit is in Afrika, binne die raamwerk van die tradisionele Afrika-godsdiens: in die winter van 1988 het twee ou Zoeloes na die plek gegaan waar Neil Alcock vermoor is. Hulle het sy siel in 'n heilige stok ingenooi, en dit toe na sy huis toe geneem. Die volgende dag het 'n groot skare Zoeloes bymekaargekom om die rites uit te voer wat hom as voorvadergees by sy mense se huis verwelkom. Beeste is geslag en 'n groot fees is gevier. Rian Malan sluit sy lang soektog, oor hoe om in Afrika te lewe, só af: "In a continent where people worship their ancestors, Neil Alcock has become a god – the first white god in Africa, as far as anybody knows ... the first white man had come home to Africa to stay" (1990:349).

Het die Stellenbosse teoloë, wat so maklik gepraat het van "making peace with Africa and in that sense a homecoming and therefore a joyful experience", het hulle enigsins voorsiening gemaak vir so 'n tuiskoms op Afrika se voorwaardes? Het hulle Kenneth Kaunda hoegenaamd ernstig opgeneem toe hy gesê het dat Afrika die Afrikaner sal aanvaar op voorwaarde dat "they learn to behave like Africans"? Wat bedoel 'n teoloog as hy sê: "Everyone who identifies with the spirit of the continent has a place in Africa"?

'n Mens sou kon vra: het dit by die Alcocks 'n sintese geword tussen die Europeër en Afrika? Of is Europa bloot deur Afrika verswelg? Of het elkeen in die ontmoeting net homself gebly, sonder dat een van die twee in die proses regtigverander het? Dit is vrae wat moeilik is om te beantwoord. Wat uit 'n teologiese oogpunt wel van belang is, is die vraag of die "beste" beginsels van Europa (soos vryheid, gelykheid, broederskap) en Hegel se soeke na 'n sintese wel vir ons die oplossing sal bied.

Maar eers kyk ons na 'n vierde boek, Elsa Joubert se *Missionaris*, wat in 1988 verskyn het. Die wit leraar in die swart kerk van vandag kan hom sterk identifiseer met vele aspekte van die roman oor Aart Antonij van der Lingen, wat bykans twee honderd jaar gelede sendeling aan die Kaap was. Hy was 'n randfiguur, 'n mislukking. (Watter

sendeling onthou nie, soos Aart, “sy jong onvermoë, sy leë klasse, wat al leër word, totdat daar niemand oorbly nie” (1988:306). Hy beland midde-in die twiste wat op soveel verskillende fronte aan die gang was. Sy soeke na homself, na kontak met die ewemens, na sekerheid oor sy roeping, na die teenwoordigheid van God, is vandag nog ons soeke. Die konfrontasie met Afrika – ‘n totaal vreemde wêreld – is nie die sentrale tema van die boek nie, maar dit is tog ‘n baie wesenlike deel daarvan. Want, sê Elsa Joubert, dit is “Afrika wat beproef tot die limiet ... Afrika wat God uit die beperking van die liggaam moker ... Afrika was my loog” (1988:3).

Daar is verskeie soorte sendelinge in die boek, en dis vandag nog so. Van der Lingen is die weerlose een met ‘n misvormde rug, met gewrigspyne en buikloop, met ‘n sensitiewe en wondbare geaardheid. Die sieklike bleek Engelsman Anderson word in Afrika ‘n seningrige woestynbewoner, gehawend en verniel, sonder enige illusies, maar nie sonder geloof nie; hy en die boerseun Kramer trek saam met ‘n groep nomade, bearbei hulle met liefde, al is hulle “opperste skelms” (1988:167-170). Kircherer is die gladde verkoopsman-sendeling. Kok is die avonturier, wat gevare trotseer, “‘n kolos wat olifante kan plattrek ... wat bome afdruk en takke skeur ... wat die Woord van God die naghemel inbulder” (1988:220). Hy is nie sentimenteel en saggeaard nie, maar realisties. Hy steur hom blykbaar nie te veel aan die kolonie se wette nie: in die wildernis is hy die vrye en die sterke. Read en Van der Kemp, weer, het hulle radikaal met die Hottentotte vereenselwig, en word verdink van verhoudinge met die Hottentotvrouens. Manenberg is die sendeling wat niks meer doen nie, en net sy gevoel van verontregting en sy twis met die blanke kerk sit en vertroetel. Sekerlik: nie ‘n groep mense om trots op te wees nie, geen morele reuse nie. Of, vra Elsa Joubert, het die klein man Van der Lingen dalk tog ‘n paar reusetreë in Afrika gestap? (1988:2).

Van der Lingen hoor die frase “sacrificial love” by die Engelse sendeling Edwards, wat met die ou probleem worstel dat liefde offers vra, veral hier. “Lewe-afleggende liefde. Lewe-veilhebbende liefde. Is dit nie juis dit wat die Geloof van jou vra nie, dink Aart. Ook van hom? Is dit die limiet van sy koms na Afrika?” (1988:189).

Afrika beproef tot die limiet, tot die grense van die mens se vermoëns en sy geloof. Dan is dit die oomblik van waarheid. “Die oomblik van selfkennis, van oop wees voor God ... Ek het belowe om eerlik te wees” (1988:224). Van der Lingen vertel van sy twee grenservarings. ‘n Groepie sendelinge kom op duisende mense af wat vlug vir oorlog. Hulle is in ‘n ellendige toestand. Daar is ou mense, kinders, gewondes. Hulle is honger en dors. Agter hulle is ‘n lang ry mense wat uitgesak het en agtergelaat word om te sterf. Van der Lingen wou vir hulle water gaan gee (lewe-veilhebbende liefde), maar Kok is realisties en keer hom: “Ons moet hier wegkom. As hulle eers om ons is, sal hulle ons verslind soos miere wat ‘n insek plattrek ... Hulle is almal gedoem om te sterwe. Wil julle saam met hulle sterwe?”

Een sendeling sê: “Dit is wat onse Here sou doen.”

Kok bly realisties: “Meer sal omkom in die gespartel oor ons water as wat ons sal red ... Dit is Afrika. Daaraan kan geeneen van ons iets doen nie” (1988:224-225).

Die sendelinge draai om en ry weg.

Aart is verskeurd. Hy kan die twee dinge nie bymekaarbring nie: die verskriklike ellende, en die Christelike liefde wat bereid is om die pad van die kruis te loop. Die volgende dag wil hy terug om te gaan help. Kok keer hom weer: Wat sal van sy vrou word as hy dood is? Of sal hy skiet as die verhongerde mense op hom toesak? Wat kan hy in elk geval aan die duisende mense se ellende doen?

Twee dae later is Aart alleen toe hy op ‘n Hottentotkraal afkom. Die mense het pokke. Hy gaan nader om te help, hy voel “asof sy hele verblyf in Afrika hierop toegespits was” (1988:227). Dan kom by op ‘n jong meisie af, buite die kraal, wat oor die paadjie oopgespalk lê. Sy is nakend en vol etterende pokke. Weerskante van haar is brakke miershoop neergesit, en die miere krioel oor haar lyf: in haar mond, haar neusgate, haar ore. Haar oë is wit van vrees.

Van der Lingen se liefde word weer getoets:

> Dit is nie die Hottentotmeisie nie, weet hy, dit is sy Here, Jesus Christus, wat op die voetpaadjie, vuil en veretter en ontmens, daar voor hom lê. Dit is waarvoor hy na Afrika moes kom: Om die sterwende liggaam van die Here in sy arms te neem en te versorg. Maar hy doen dit nie. Sy vrees om die pokbesmette liggaam aan te raak , is te groot.
>
> Hy draai sy perd om, druk sy hakke in die lieste en begin vervaard jaag (1988:228).

Van der Lingen se mislukking in die geloof is vir hom onhoudbaar. Maar Kok is dankbaar dat hy sy hande tuis gehou het. Daardie meisie is as ‘n offer daar vasgebind. As Aart haar gehelp het, dan sou hulle, die sendelinge die skuld gekry het vir almal wat daarna aan pokke sterf. “En wanneer sou ons weer by hulle kon kom met ons Bybels, he?” (1988:229)

Maar dit troos Aart nie: “God het ‘n lewe-veilhebbende liefde van my gevra, en ek had dit nie” (1988:229).

Kok antwoord sag: “God vra nie net nie ... Hy vergeef ook” (1988:229).

Dit is die verskil: Creina Louw het ander vergewe, en aanhou liefhê. Aart van der Lingen het vergiffenis ontvang, en ook aanhou liefhê. Later het hy tog die Hottentotsoldate wat pokke gekry het, versorg en bedien. Creina Louw se swaar las is dat sy die liefde in haar eie hart moet lewend hou, anders bly daar net duisternis oor. Die sendeling weet – hy glo – dat daar liefde buite homself is, in God, en dat alles nie van homself afhang nie. Dit maak sy las lig, maar dit maak dit nie goedkoop of banaal nie. En dan is dit vir die sendeling moontlik om realisties te wees, om te vra wat reg is, om nie maar net blindelings te ly en te vergewe nie. Die sendeling kan probeer om liefde en reg in die harde praktyk te versoen. Die kruis is albei: dit voldoen aan die reg van God, vir ons, en

dit is die volle openbaring van die liefde van God. Dit gee die vergiffenis waarsonder ons nie kan lewe nie: nie voor God nie, en ook nie as wit en swart met mekaar nie.

Met liefde, reg, vergiffenis (gee en ontvang) en realisme kom ons in Afrika verder as wat ons kom met Europa se beste beginsels soos: vryheid, gelykheid en broederskap, en die lig van die verligting. En sekerlik: die missionaris se soektog na ‘n verhouding met Afnka is vandag nog ‘n soeke om die teenwoordigheid van God te begryp. Ná twee honderd jaar beproef Afrika sy mense nog steeds tot die limiet, en dwing dit mense tot die grense van hulleself, tot die oomblik van waarheid.

11 Die seuns van die sendelinge

Die kinders van sendelinge in die swart gemeenskap het merendeels op sendingstasies grootgeword, nie werklik deel van óf die wit óf die swart gemeenskap nie. Dit gee aan hierdie intens betrokke “outsiders” ‘n besondere plek in ons tyd en in ons land, waar die botsing tussen die geesteswêrelde nou op die spits gedryf word.

Die vreemde swart wêreld het in ‘n sin ook hulle wêreld geword. Hulle bejeën dit met begrip en met liefde. Hulle het nader as die meeste blankes kennis gemaak met die hartseer en die onreg van apartheid, maar in hulle verset daarteen is daar nie die krampagtige onvermoë van baie ander om ook in die swart gemeenskap negatiewe elemente te sien nie. Hulle is nie geblinddoek deur illusies nie.

As ons ná die veldbrand van apartheid wil soek na plantjies wat oorleef het en waarvan gesonde saad gekweek kan word, moet hulle nie misgekyk word nie.

In ‘n bundel opstelle onder die titel *Wit Afrikane? ‘n Gesprek met Nico Smith* (Taurus, 1990) is daar ‘n hele paar bydraes deur sulke seuns van sendelinge. Dit is opmerklik hoe sterk persoonlike belewing van die swart wêreld by hulle voorop staan, eerder as politieke of teologiese teorie.

Ek het saam met die seuns van sendelinge grootgeword op ou Stofberg by Vereeniging en op Turfloop, en ‘n hele paar vakansies deurgebring saam met Henry Murray op Morgenster, die hoofstasie van ons sending in die destydse Rhodesië. Ons was seker niks anders as ander kinders nie, behalwe dat ons dikwels in die veld was en dat party van ons baie met swart kinders gespeel het. Ons het baie Sondae in die swart kerk gesit. Ons het grootgeword met positiewe wit-swart verhoudinge” hoe verskillend ons pa’s se godsdienstige styl of politieke oortuiginge dikwels ook al was.

Tot in standerd een was Andries Odendaal en ek groot vriendjies op die ou Stofberg naby Vereeniging, waar ons pa’s kollegas was. ln 1960 het Stofberg verdeel; hulle isna Witsieshoek, en ons na Turfloop. Hy het reologie gestudeer op Stellenbosch en het

daarna onderwyser geword in Malawi, waar ek, ‘n Tukkie, in 1970 vir hom en Manie opgesoek het. Ek was verbaas hoe eenders ons gevoel en gedink het, want ons pa’s het dikwels van mening verskil.

Hy het gesê: “Dit kan nie anders nie, want ons het albei saam met die swart studente en hul kinders grootgeword.” Dit begin selfs voor ‘n mens nog verstand het. Ons Antoinette kon nog skaars praat, toe wil sy wa-wa kerk toe gaan. Sy sê die mense praat so wa-wa.

In sy stuk “Wit Afrikaan in ‘n tuisland” in *Wit Afrikane?* beskryf Andries die “potsierlike politieke pretensie” van QwaQwa as “selfregerende staat”. Maar hy sê ook: “Sedert 1960 is QwaQwa onafgebroke my tuiste.” Dit is tog, eerstens, ‘n plek met mense. En Andries het intens lief geword vir die plek en sy mense.

Hy gee nie voor dat hy ‘n “wit Afrikaan” is nie. Hy weet uit ervaring dat dit nie so maklik gebeur nie, maar hy hou aan om bloot ‘n medemens van die mense rondom hom te (wil) wees.

Hy skryf:

> Kan ‘n Boerseun ‘n gewone mede-mens vir die ander mense van QwaQwa wees? Kwalik. Die groteske absurditeit van wat QwaQwa is, maak dit byna onmoontlik. Die punt is: jy is of “baas”, of “oppressor”. Vir een deel van die bevolking, veral die ouer mense, is jy “baas”. ‘n Redelik tipiese reaksie wanneer ek iemand groet, is die volgende:
>
> “More, Baas.”
>
> “Asseblief, moenie vir my ‘Baas’ sê nie.”
>
> “Nee,. dis reg, Baas.”
>
> Die titel “baas” word nie noodwendig met wrewel gebruik nie. Die ervaring met die burokrasie van QwaQwa, met sommige amptenare wat hul oneffektiwiteit probeer bedek deur onbeskoftheid, het heelwat van die ouer garde laat terugverlang na die kospotte van die Vrystaat. As ‘n mens dan rondgeskop moet word, is dit seker makliker as dit nie deur jou eie mense is nie.
>
> Daar was die stowwerige dag in Augustus toe ek in die lang tou buite die landdroskantoor moes wag vir my beurt om by die man met die “tjap” uit te kom. (Terloops, dis maklik die pynlikste deel van die aflegging van wit uitverkorenheid – daardie ure in toue.) Die dag was daar ‘n man wat te naby aan God gekom het (volgens tradisionele geloof die oorsaak van geesteskrankheid). Die man het lustig gestaan en sing van die liefde van Jesus. Skielik gaan daar ‘n deur oop en uit ‘n kantoortjie storm drie dapper (swart) geregsdienaars. Hul neem die malle na binne en maak die deur toe. Na ‘n paar minute bars die deur oop en die man word letterlik uitgeskop, bebloed en tjoepstil. Die gereg het met die “public nuisance” afgereken. Die skare men se het uitdrukkingloos staan en kyk.

> Diepgrondiglik verontwaardig, neem ek toe die name van die "poliesmanne", en die malle aan die hand. Nou gaan ons na geregtigheid soek. Die kantoor van die eerste (swart) landdros sit vol amptenare. Ek vertel my storie, maar word begroet met die soort stilte wat net een ding sê: "Gaan bars!" Uiteindelik het een persoon my aangeraai om maar my klag by die polisiestasie te gaan lê. Toe ons daar uitstap, kom een ou tantetjie baie onopsigtelik na my en sê uit die hoek van haar mond: "Baas, gaan na die baas magistraat in kamer een." Kamer een se wit landdros het my ook maar skuins aangeloer, maar tog belowe dat hy werk sal maak van die saak (wat hy toe ook gedoen het). Daar is egter geen twyfel uit watter oord die ou vroutjie geregtigheid verwag het nie.
>
> Maar as jy nie "baas" met sy ambivalensie van wrewel en respek is nie, is jy "oppressor". Hier is geen ambivalensie nie. Jy is wit. Jy is sleg. Jy is die essensie van wat boos is. Afrika het nie die Marxistiese retoriek nodig om antisosiale optrede te verstaan as die essensie van boosheid nie.
>
> In Afrika is die towenaar (dit is nie die sogenaamde "toordokter" nie) nog altyd gesien as die essensie van boosheid, want die towenaar eet ander mense se lewenskrag op. Die towenaar is antisosiaal. Hy is daarop uit om homself te handhaaf ten koste van die samelewing. Vandag lei die versterking van hierdie tradisionele motief deur die populêre Marxistiese analises van die samelewing tot die vanselfsprekende verdoeming van al wat wit is. Witmense se optrede is antisosiaal, dit is selfsugtig, dit is daarop uit om eie belang te handhaaf ten koste van die res. Geen groter boosheid as dit is moontlik nie. Daar bestaan volgens die tradisionele geloof eintlik net een effektiewe manier om van 'n towenaar ontslae te raak. Om hom of haar net dood te maak, is nie genoeg nie, want sy gees bly boos. 'n Towenaar moet verbrand word. Dit is totale vernietiging.
>
> Dit is totaal verlammend om 'n "oppressor" te wees. Jy word vanweë jou witgeit verdoem en nie vanweë jou persoon nie. Jy word mekeloos gekategoriseer en daarmee ont-mens. Die ergste is dat jy nie eers te veel hieroor kan kerm nie, want wie het nou eintlik van ras so 'n kenteken gemaak? (1990:200-202)

Stiaan van der Merwe is in Zambië gebore en is nou weer 'n teologiese dosent daar. Sy eintlike belangstelling, so lyk dit, is nog om teen apartheid te veg. Tog het hy iets daarvan beleef, in sy eie gemoed, dat die "wit/swart digotomie" deurbreek is. In "Wit Afrikaan in 'n swart kerk" in *Wit Afrikane?* besef hy dat sy teologiese opleiding nie vrae beantwoord soos dié van 'n teologiese student in Zambië nie, wat wou weet: "What will happen to my brother when Christ comes again, because, when they opened his coffin at the funeral they found a hyena inside. Somehow he must have turned into a hyena" (1990:213). Stiaan begin worstel met die vraag hoe om kerk te wees, hoe om as witte te leef in 'n swart kerk, sonder die Westerse infrastruktuur sodat 'n teologiese seminarium

byvoorbeeld moet leer om te funksioneer sonder telefoon en selfs sonder papier en handboeke.

Murray Hofmeyr is nog ‘n seun van ‘n sendeling. Sy oupa was baie jare lank die rektor van Stofberg. Sy pa was dosent op Witsieshoek, en is nou sendingsekretaris van die NG Kerk in Pretoria. Murray is ook die skoonseun van ‘n sendeling, dr. Nico Smith. Hyself is ‘n hele klompie dinge. Hy is dosent in Bybelkunde in Venda. Hy is ‘n anti-apartheidsman. Hy is ‘n, vir gewone sterwelinge, onverstaanbare filosoof van die Duitse skool. En hy is besig met Afrika. “Sedert ek in Venda is, is ek in ‘n konstante toestand van skok,” skryf hy (hoewel nie so dat jy dit sal agterkom as jy hom ontmoet nie!) in “‘n Brief uit Venda” in *Wit Afrikane?* (1990:152-166).

Murray se skok is verstaanbaar. ‘n Groepie vroue het ‘n kopbeen ontdek in die veld. Met die kopbeen op ‘n stok word betoog. Die eis is dat die minister in wie se gebied die kopbeen gevind is, uitgelewer moet word om verbrand te word, want hy word verdink van mutimoorde. Die hoofminister dank die minister af, maar sy eie bedanking word nou geëis. In die betogings word ‘n meisie doodgeskiet. Die hele Venda staan stil. Die universiteitstudente hou vergadering met “zombies” en “the skull” op die agenda. Die familie van die meisie het probeer vasstel wie haar getoor het sodat die koeël juis vir haar getref het. Die familie van die polisieman wat geskiet het, probeer vasstel wie hom getoor het sodat hy die sneller moes trek.

Die skokke volg mekaar op. Een van Murray se studente beland in die tronk. Hy, saam met twee en twintig ander, het ‘n man wat van ‘n muti-moord verdink is dwarsdeur die nag geslaan sodat die man daarvan dood is. Iemand wat agterna Soweto toe gevlug het, het hulle almal gedwing om dit te doen. Hy het hulle gedreig, niemand weet waarmee nie, en hulle was baie bang vir hom. Toe slaan hulle die man dood. Maar hulle wou dit nie doen nie.

Ná ‘n motorongeluk is ‘n sekere man aangewys as die towenaar wat die ongeluk veroorsaak het. Terwyl die mense wat daar rondstaan vryheidsliedere sing, en sy drie vrouens en kinders gedwing word om te kyk, word sy een arm met ‘n byl afgekap. “Dan die ander arm. En later die een been, en nog later die ander been – met ‘n byl ... Een van die vroue moet toe die hut waarheen die Iiggaamsdele gedra is, aan die brand steek” (1990: 164).

Geen wonder dat Murray geskok is nie. Hy sluit af met die woorde van ‘n Venda-sanger, wat weer op sy beurt geskok is oor al die Westerse invloede en gebruike wat in Venda posvat: “Helelelelelelelele! Venda!” (1990:166).

Al ons sendelingseuns sal saamstem: as dit kom by die verhouding met die Afrika-wêreld, dan is Inus Daneel in ‘n klas van sy eie. Hy het grootgeword in die sending in die destydse Rhodesië. Hy het oor jare ‘n baie goeie verhouding opgebou met die leiers van die Onafhanklike Kerke, wat nie stam uit die sendingwerk van die Europees-georiënteerde kerke nie. Weke en maande het hy by hulle gewoon en gewerk.

Nou is hy professor in sendingwetenskap aan Unisa in Pretoria, maar hy bring nog lang tye deur by die swart kerke in Zimbabwe. Sy publikasies en navorsing is van hoogstaande gehalte.

Inus besef die geweldige politieke betekenis van die tradisionele religie. Tydens die bevrydingstryd in die destydse Rhodesië in 1972 het die senior stamgeeste deur die geestesmediums begin opdrag gee dat die mense by die stryd betrokke moet raak. Dit was ‘n draaipunt in die oorlog. “Die meerderheid van die bevolking het deur godsdiens, en nie ideologie nie, aan die kant van die guerillas gaan staan. Dit het die gang van die oorlog geswaai” (onderhoud met Ina van der Linde, *Vrye Weekblad*, 8 Februarie 1991:14).

Inus was voorheen ‘n grootwildjagter, maar werk nou voluit daaraan om ‘n ekologiese ramp in Zimbabwe te probeer keer. Hy besef dat dit nie gedoen kan word sonder die tradisionele religie nie.

Die konsep van “the lost land” het ‘n belangrike rol in die oorlog gespeel. Hierdie begrip word tans toegepas op die verwoesting van die ekologie, want dit is weer eens ‘n “lost land”. Die geestesmediums, die tradisionele hoofmanne en die “ex-combatants” wat in die bevrydingstryd geveg het, word nou gemobiliseer om miljoene bome te plant, wild te beskerm en bronne te bewaar. Regeringsamptenare sê hulle het nog nooit gesien dat die plattelandse bevolking op so ‘n skaal gemobiliseer word nie.

Een van die dryfvere is die geloof dat die tradisionele njuzu-geeste, wat deur die modernisasieproses – en die sending – stilgemaak en vernietig is, weer sal terugkom as die natuur herwin kan word.

Streng gereformeerde Afrikaner-boere, vertel Inus, gaan sit saam met die geestesmediums, wat vir hulle die heidendom verteenwoordig, om oor die ekologie te beskik.

‘n Mens wonder egter: hoe sal die geloof in Christus uiteindelik versoen kan word met die terugbring van die ou geeste? Is daar ‘n groter geheel waarbinne albei vertolk sal moet word om die gespletenheid op te hef waarvan die moderne Afrika-letterkunde vol is? Regel en Jung het geglo dat alles, selfs God en die bose, uiteindelik in so ‘n groter geheel versoen sal word. Maar is Regel en Jung dan groter as Christus?

Inus praat van “teruggaan na die tradisionele interpretasies”, maar dan “in die moderne konteks ... hervertolk”. Maar het Inus reg? Die tyd sal leer of die tradisionele nie dalk sterker is nie, sodat die moderne op die ou end in die tradisionele konteks hervertolk word. Selfs die Onafhanklike Kerke, met wie Inus Daneel so ‘n jare lange verbintenis het, is skepties daaroor dat hy die geestesmediums betrek. Tog werk hulle darem in ‘n eie organisasie saam om die natuur te bewaar.

Nêrens word Inus se intieme verhouding met hierdie kerke so treffend beskryf nie as in sy lang meditasiegedig, “Swart voete: dans van ontmoeting en bevryding”, wat in *Wit*

Afrikane? opgeneem is (1990:243-250). By hierdie gedig kan ons daardie vraagteken seker maar reguit trek na ‘n uitroepteken: Wit Afrikaan!

Hy beskryf ‘n middagdiens van die Sioniste-Sabbatskerk, sestien kilometer van die Morgenster-sendingstasie, waar hy as kind gespeel het. Hier, nou, is dit ánders.

> Ek het saam met die mense van heilig koord,
>
> gekleurd gewaad
>
> gepreek, gesing, gedans ... (1990:243)

Weg is die Westerse drag waarin hulle in ons Bybelklasse kom sit het ... Toe moes ék gee, hulle ontvang ...

> Maar nou is die rolle, Goddank, omgekeer.
>
> Kniel op die misvloer. Ontvang ... (1990:243)

Terwyl Inus kniel met biskop Horé se “beenderig droë vingers” op sy voorkop om hom te seën, kyk hy na die dun enkels, die voete, die toiingbroekspype. Hy het die ou man altyd as ‘n laspos met bedelvingers en bedelaarsvoete beskou. Maar hy het agtergekom dit is voete van diens, hande wat stukkend gewerk word vir ander.

Inus dink terug aan sy navorsing, toe hy met hierdie mense saamgeléef het - maar nooit hul hulp en steun nodig gehad het nie. Hy was ‘n sterk man onder hulle. Totdat die oorlog hóm ook seergemaak het. Sy suster is in die bene geskiet in ‘n lokval, en sit in ‘n rystoel. Sy vriende is “soos rondloopdiere langs die pad afgemaai”. Hy was self in die spervuur, en het snags in die bos sy gelaaide geweer byderhand gehad.

En hierdie profete het die vegters die hande opgelê en geseën.

Nou kniel hy, die Afrikaner, voor hierdie swart biskop. Want die swart mense het nog erger lyding geken, en geleer om in die verdriet vry te wees.

> God in die miswolk
>
> maak ons vry (1990:248).

Ons, die seuns van die sendelinge, het dit nog nie reggekry om al die teenstrydighede van die botsende wêrelde tot ‘n geheel in onsself te omvorm nie. lnus het waarskynlik die hardste probeer, maar miskien sal daar groter duidelikheid moet kom oor wat versoen kan word en wat nie. Miskien sal ons moet aanvaar dat ‘n sekere inherente spanning tussen die wêrelde nie opgehef kan word nie, en moet ons leer om dit kreatief te hanteer. Want as alles versoen kon word, sou die kruis van Christus, en ons kruis, kon verbygegaan het.

Miskien is hierdie vrae net vroeër aan ons opgedwing as aan die res van die blanke gemeenskap vanweë ons vroeëre ervaring van albei wêrelde. Maar op die lange duur sal die gemeenskap ewe min as ons daaraan kan ontkom.

In sy poging om sy belewenisse te integreer, vra Andries Odendaal hom af wat die Here Jesus sou gedoen het as Hy nou met sy dissipels na Qwaqwa sou kom. Wat sou Hy doen met al die siekes, al die bose geeste, al die werkloses, al die wanvoeding, die koue winters, die tieners wat nie weet wat om met hulle babas te maak nie, met al die drankwinkels, en "O jinne tog, wat sal Hy sê van die Skrifgeleerdes? Van wit Afrikaan wees, weet ek eintlik maar min. Van Skrifgeleerde wees, weet ek baie. Van dissipel van Jesus wees ... ?" (1990:204).

Dit is woorde wat in die hart bly naklink.

12 Nadere kennismaking

In 1978, toe Carol en ek in Venda gaan woon, het ons soveel geweet as wat ons in boeke en koerante kon lees. Geleidelik het ons 'n klein ietsie begin ervaar en, hopelik, verstaan van die lewe van die armste mense op die platteland.

Ons het die sigbare werklikheid eerste begin ken, en die onsigbare wêreld daaragter eers baie later, baie stadiger, baie moeiliker. Ons het egter gou besef dat die armes nie net 'n passiewe massa klei is wat groot magte na willekeur kan manipuleer nie. Dit is so dat die politiek, die ekonomie, die verstedeliking, die hospitale, die massamedia, die onderwys, die kerk, almal groot invloed het op die armes. Maar die armes self het groot mag: hulle neem besluite, hulle doen keuses, hulle reageer volgens hul eie sieninge, en dit kan ander se planne vir hulle heeltemal in die war stuur.

Dit het tot ons deurgedring dat niks in die land sal regkom tensy die armes se gevoelens, gewaarwordings, waardes, wense en beskouinge ten volle in berekening gebring word nie – daardie onsigbare wêreld agter dit wat ons sien, daardie moeilik peilbare in die mens wat sy sigbare keuses en sy reaksies bepaal.

Of iemand nou wil sake doen of 'n kerk wil plant of wil skoolhou of die ekologie wil red, hy sal daardie arm mens se persepsie van wat by doen en die arme se wense in sy beplanning moet akkommodeer. Uit pragmatiese sowel as menslike oorweginge.

Uit dié besef is die in verskeie opsigte unieke multidissiplinêre navorsingsprojek/instituut by ons gebore, wat hom daarop toespits om die ontmoeting tussen Afrika en die Weste in 'n ander rat te stoot.

Maar dit was eers jare later. Kort nadat ons daar gekom het, het ons agtergekom dat lank nie alle goed bedoelde beplanning vir vooruitgang werk nie. Deur net in 'n plek soos Venda te leef – deur jou kinders hospitaal toe te vat en in die lang toue by buitepasiënte

te staan; deur te sien wat groei in die lande van die besproeiingskema (of liewer: wat groei nie); deur by skole en in huise te kom – het dit spoedig geblyk. Dikwels is dit omdat mense nie volgens Westerse verwagtinge reageer nie. En baiekeer skep sulke maatreëls vir -vooruitgang net so vinnig nuwe probleme as wat hulle oues oplos.

'n Mens het die ironie daarvan ingesien dat juis die mediese dienste en die hospitale oral in plattelandse gebiede, waar baie siekes genees en baie lewens verleng word, die bevolkingsaanwas in die hand werk en die gaping tussen die beskikbare voedsel en die getal honger mense vererger. Die dapper landbouskema kon nie die ekstra voedsel produseer wat hierdeur noodsaaklik geword het nie.

Ons het gesien hoe 'n nywerheidsgebied ontwikkel - 'n goeie ding, maar absurd klein teenoor die aantal werkloses. Smiddae het ons hulle buite Sibasa teengekom: verlede jaar se matrikulante, wat duimgooi terug huis toe. Hulle het weer, tevergeefs, gaan werk soek. Dan maar stad toe, vyf honderd kilometer ver, soos tagtig persent (tagtig persent!) van Venda se mans.

Dit is een van die probleme wat die onderwys met hom saamgebring het. Die ekonomie kon nie aan die verwagtinge voldoen wat deur die onderwys by hierdie jong mense gewek is nie. Nou het die land talle werklose geskooldes. Dit is veel erger as werklose ongeskooldes. Daar is ander komplikasies wat nie voorsien is nie deur dié wat met soveel idealisme geleerdheid na Venda gebring het. Vroeër was dit die ou mense, die mense met lewenservaring, wat die wysheid en die gesag gehad het. Hulle is geëer en gerespekteer. Nou is dit die kinders wat weet, die oues en grysaards is die dommes, en die hele ou gesagsbestel is daarmee heen.

Sulke neweprodukte van vooruitgang is nie as deel van 'n groter werklikheid in die gemeenskap aangespreek nie.

Intussen ontplof die getalle van die kinders wat wil skool toe. Ons het by laerskole gekom, diep in die bos, waar byna honderd kinders op die grond sit en op die grond skryf, met een onderwyser. In 'n dorpie naby die Limpopo het die mense ingespring en 'n mooi skooltjie gebou. Ons het die onderwyser gaan groet. Op die swart bord het gegewens gestaan oor Artaxerxes, sy veldslae en oorwinnings. Ek het gewonder waar dit vandaan kom, en wat dit te doene het met die mopanies, die hitte, die stilte, met die kinders se harde gebarste voete en hul stukkende klere.

Ek het dieselfde gewonder oor my preke in die kerk. Wat sê die kerk vir mense wie se alledaagse lewe wentel om dinge soos 'n verskriklike tekort aan brandhout, 'n tekort wat al erger word namate die bevolking groei? Baie eeue lank het vrouens gaan hout haal in die bos. Maar die mense het te veel geword vir die beskikbare hout, en die vrouens moes al verder gaan soek. Later word die hout met bakkies aangery. 'n Groot gesin moet soms tot die helfte van 'n huishulp se maandloon vir brandhout betaal.

Ons net gesien hoe die kaal, ontboste dele al groter word om die woongebiede, hoe die een pragtige boom na die ander afgekap word. Dit was klaarblyklik dat daar ter wille van

die ekologie nuwe tegnologie ingebring moes word. Ons het begin eksperimenteer met kleistowe en sonstowe, met die “haybox”. Maar dit het min inslag gevind. Ons kon dit nie kleinkry nie. Waarom wou ‘n arm gesin nie ‘n stoof gebruik wat vir hulle geld spaar nie?

Ons het ewe onbegrypend staan en toekyk hoe mense spartel om die al skaarser gras te kry vir die rondawels se tradisioneel los gedekte grasdakke. Met die hoë reënval het die gras gou gevrot en moes dit gereeld vervang word. By Sibasa self moes vrouens gras koop (in 1980 reeds was die prys R5 per bondel) en dit oor groot afstande op die kop aandra of ten duurste met bakkies laat aanry. Een van ons lidmate, ‘n huishulp, het ‘n jaar se loon betaal vir een rondawel se dak. Die gras sou drie maal langer hou as dit stewiger gedek was. Dit het die mense geweet, maar tog nie gedoen nie. Die meeste huishoudings het benewens ‘n paar tradisionele rondawels een of twee vierkantige kamers met ‘n sinkdak gehad. Gesien die tekort aan dekgras, hoekom nie meer sinkdakke nie?

Naas praktiese en finansiële oorwegings, met watter voorbehoude moet moontlik ook rekening gehou word wanneer behuisingsnood aangespreek word?

Met huisbesoek het ek dikwels by gesinne gesit en iets probeer begryp van die lewens van hierdie mense. Deur net te kyk, kan ‘n mens reeds baie leer; die gesprekke kom eers later, met die jare, namate die vertroue groei wat daarvoor nodig is.

Ek het gesien hoe die “tradisionele” ma ‘n hand vol pap met haar duim in ‘n maand oue baba se keel afforseer. Ek het gehoor van babas wat so versmoor het. Ek het gesien hoe meer “moderne” ma’s die poeiermelk net op halfsterkte aanmaak, en dat die bottel sommer van die stowwige grond af opgetel en in die klein babatjie se mond gedruk word. Ek het gehoor van gastro-enteritis, en hoeveel kinders daarvan omkom.

Ek het gesien wat die nadraai is van die alomteenwoordige advertensieplakkate vir ‘n bepaalde seep. Die mense het hul lywe dik gesmeer met seep, en dan in die son gesit om droog te word. (Dit het ‘n sterk, soet reuk afgegee - vir my geen verbetering nie.) Op die patroon van ander advertensies het van Venda se vrouens spoggerig bra’s gedra, nie as onderklere nie, maar as boklere (Madonna, jy’s láát!) Dit het tot my deurgedring: tussen die moderne wêreld en die tradisionele wêreld lê nog ‘n hele ander wêreld, ‘n halfgebakte wêreld van verwarring en wanaanpassing op alle terreine van mense se daaglikse bestaan.

Die geval van ‘n evangelis se weduwee uit ‘n gebied naby die Teologiese Skool illustreer hoe min van mense se diepste probleme aangespreek word deur Westerse instellinge.

Die weduwee se seun was een van ons teologiese studente. Een vakansie het by verlof gevra om fotostate te maak van ‘n begrafnisprogram. Hy het vertel dat sy suster deur weerlig getref is, dat die mense sê daar was nog van die rook en hitte van die slag in haar lyf, en dis waarvan sy dood is.

Meer as twee jaar later het ek die res van die storie gehoor. Terwyl hy vir ‘n beroep wag, het een van ons finalejaarstudente, mnr. Isaac Rakgomo, veldwerk vir ons navorsingsprojek gedoen en toevallig by die weduwee uitgekom.

Mev. B., sê sy verslag, is ‘n weduwee van ‘n evangelis van die NG Kerk in Afrika. Voordat hy in 1986 oorlede is, het hy vir hulle naby Turfloop ‘n huis laat bou. Ná sy dood het sy met haar vier seuns en vier dogters daar ingetrek. Twee jaar later voel sy nog onseker hier, soos ‘n vreemdeling.

Haar lewe lank het sy saam met haar man gewerk om die Woord van God te verkondig. Sy het ook gehelp om die pot aan die kook te hou deur truie te brei en te verkoop. Nou woon sy in ‘n onbekende gebied, bedreig deur talle gevare.

Om te begin, is daar haar “taboe” – die tlhantlhagane, ‘n sekere voëltjie. Toe sy klein was, het hulle haar vertel haar oë sal nie weer gesond word as sy die voëltjie doodmaak of eet nie. Dis nie ‘n ernstige gevaar nie, sy weet hoe om dit te vermy.

Dan is daar haar finansiële posisie. Haar pensioen is nie groot nie, en sy het baie afhanklikes. Haar ideaal is om haar kinders goeie onderwys te laat kry. Sy self het net standerd vier, want toe sy jonk was, het meisies net skool toe gegaan sodat hulle darem kon lees en skryf, en met blankes kon praat.

Maar daar is ‘n dieper angs. Dit het alles begin toe sy pas in die nuwe huis ingetrek het. Haar dogter, wat swanger was, is deur die weerlig getref. Mev. E. het gesê dieselfde weerlig wat haar dogter getref het, het haar ook gejaag soos ‘n slang oor die grond, tot binne-in die huis. Van toe af brand haar voete, en die hitte beweeg stadig in haar bene op. Dit verteer haar.

Hulle het haar dogter hospitaal toe geneem. Die dokter het gesê sy makeer niks, sy is gesond. Die familie het egter gesê sy moet na die tradisionele dokter ook gaan, sodat hy die rook en die hitte van die weerlig uit haar lyf kan uithaal; dit is iets wat die blanke dokter nie begryp nie.

Die dogter het ingestem, maar sy was bang dat die behandeling haar ongebore kind skade sou aandoen, en sy het dit ‘n paar maande uitgestel tot ná die bevalling - maar toe was dit reeds te laat. Sy is dood van die hitte en rook van die weerlig wat oor die maande in haar liggaam gebly het. Dit is in hierdie stadium dat haar broer by ons fotostate kom maak het vir die begrafnis.

Die mense van die dorp het bymekaargekom nadat die weerlig mev. B. se dogter getref het. Hulle het ‘n ou vrou gevang en haar lewend verbrand, omdat hulle haar verantwoordelik gehou het vir die weerlig. Die polisie het toe ‘n paar mense gevang. Vier is tronkstraf opgelê vir tydperke van vyf tot agt jaar.

Nou lewe mev. B. in vrees vir sowel die familie van die vrou wat verbrand is as die families van die vier wat tronkstraf gekry het. Die mense kan haar en haar gesin verantwoordelik hou vir alles wat gebeur het. Haar gebed is net dat God haar kinders sal

help, dat hulle hul studies kan voltooi, en dat hulle elkeen ‘n gesin kan hê. Want, sê sy, hul vyande is reeds besig om hul messe te slyp om haar kinders se toekoms te vernietig.

Mnr. Rakgomo het haar gevra of die ou vrou werklik verantwoordelik was vir daardie weerlig. Sy het geantwoord: “Ek weet nie. Ek was nog ‘n vreemdeling hier, maar mense sê hulle weet dit was daardie ou vrou. Baie mense het hulle vee en eiendom deur haar verloor. Die feit van die saak is, sy is betrap.” (“Many people had lost cattle and property because of her. In actual fact, she was trapped.”)

‘n Kollega wat ‘n soortgelyke saak ondersoek het, het met die kinders gepraat wat gehelp het om ‘n ou vrou te verbrand. Hulle het ewe vrymoedig vir hom die plek gewys waar dit gebeur het. Hy het gevra waarom hulle dit gedoen het. Hulle het gesê sy was ‘n heks. Hoe weet hulle dit? Hulle weet dit, want toe hulle haar kom vang, het sy so vinnig gehardloop dat hulle haar amper nie in die bande kon kry nie. As ‘n vrou van sewentig so vinnig kan hardloop, dan moet sy ‘n heks wees. My kollega sê wat hom die meeste ontstel het, was dat dit “ons” kinders was, ons lidmate se kinders, kerkkinders, Sondagskoolkinders.

Mnr. Rakgomo het sy verslag afgesluit met die opmerking dat mev. B. ‘n ware Christen is. Sy het hom goed ontvang en al sy vrae vriendelik, soos ‘n Christen, beantwoord. Nóg sy nóg hy het die veronderstelling bevraagteken dat ‘n ou vrou betrap kan word dat sy mense, vee en eiendom met weerlig vernietig.

Dit is ‘n wydverspreide denkpatroon in Afrika waarmee ons vroeër al terdeë kennis gemaak het. As iets verkeerd gaan, dan is daar iemand wat daarvoor verantwoordelik is. Daar is magte wat werk, baie sterk magte, wat nie deur wetenskaplike ondersoek in die greep gekry word nie. Die wetenskap ondersoek slegs die sigbare, die empiries-kontroleerbare, en dis net ‘n klein deeltjie van hierdie werklikheid.

Nou verkondig die Christelike kerke in die gemeenskap bekering, berou, vergiffenis, herstel. Maar die sendingkerke het nog geen antwoord op probleme soos dié van mev. B. nie. Ons dink Westers, ons glo nie dat hierdie magte werklik bestaan nie. Dit is die Sionistiese kerke wat hierdie bonatuurlike wêreld ernstig opneem en mense antwoorde en beskerming bied. Dit is waarom dié kerke so fenomenaal groei.

Net so min as wat die Westers georiënteerde kerke hierdie dinge in hul greep kon kry, net so min het die Westerse onderwys dit reggekry. Die mense wat die towenaars verbrand, was in ons kerke en in ons skole. Hulle het nie daar oplossings en verklarings gekry nie, ons het hulle nie ernstig opgeneem nie. So kon die landboubeamptes, met hul rasionele verklaring vir beesvrektes, nie deurdring tot mense om hulle te oortuig dat die vrektes nie daardie ou vrou se skuld was nie. En die polisie en die howe wat die mense gevonnis het, het mev. B. se probleem eerder vererger as opgelos. Sy leef nou in vrees vir die families van dié wat gevonnis is.

Ons Nederduitse kerke, ons Romeins-Hollandseregstelsel, ons Europese onderwys, ons hele Westerse benadering tot die lewe het nog amper niks begryp van Afrika se geesteswêreld nie.

Geleidelik het die gedagte gegroei: hoe groot ook al die probleme wat apartheid gebring het, die groot uitdagings lê anderkant apartheid. As die kerk wil help, sal hy op die tussenveld moet intree om Westerse kundiges en die allerarmste huishoudings bymekaar uit te bring, sodat kundiges en armes saam ‘n lewenstyl kan ontwerp wat bekostigbaar is en wat nie die ekologie vernietig nie. ‘n Lewenstyl, veral, waarmee die armes self tuis en tevrede voel.

Betrek sou moes word argitekte, ingenieurs, mediese personeel, opvoedkundiges, voedingkundiges, sielkundiges, kommunikasie- en wat ook al van ander kundiges, swart en wit. Ja, natuurlik ook kundiges oor gesinsbeplanning.

So ‘n groep kundiges sou ‘n tweede, ewe belangrike opdrag hê: om die beskouinge en persepsies van die armes te leer interpreteer, en terug te vertaal vir die mense wat daarbo die groot prosesse beplan en bestuur. Hoe voel die armes oor daardie hospitale, daardie skole, daardie damme? Oor die seep, en die melkpoeier, en die klere? En, veral, hoekom voel hulle soos hulle voel? Moet die dinge nie anders aangebied word om aansluiting te vind by die mense nie?

Goeie terugvoer van die armes na hulle wat dinge vir of namens hulle doen, bestaan feitlik nêrens nie – nie in die kerk nie, nie by die ontwikkelingsprojekte nie, nie by die hospitale of die skole nie.

Ons Westerlinge moet eenvoudig ons bydrae aanpas en herontwerp om vir Afrika nuttig te wees. Om dit te kan doen, moet ons die mense se eie persepsies, belewing, interpretasies en gevoelens volledig ernstig opneem. Ons moet dit lees, nie as volkekundige vreemdhede nie, maar as openbaringe van behoeftes wat diep in die menslike psige setel.

Hier het ons vir ons ‘n rol gesien. In 1989 het ons ‘n beskeie begin gemaak.

Ons het ‘n navorsingsgroep, Households in Transition, gevorm om te kyk hoe die twee wêrelde, die moderne Westerse wêreld en dié van tradisionele Afrika, mekaar ontmoet in die lewe van ‘n klompie van die armste gesinne in Lebowa naby die Universiteit van die Noorde. Ons kyk na hul behuising (prof. Dieter Holm is Hoof, Departement Argitektuur aan Tukkies); na hul mediese versorging (dr. Jan Hugo en mev. Joyce Dali is by Medunsa, en dr. Tseke Masemola is ‘n plaaslike dokter); na hul energieverbruik (my broer Willem is by die Department Chemiese Ingenieurswese aan Tukkies). Ons is ook ‘n paar teoloë en predikante, soos Wilhelm van Deventer, Lehasa Mokoena en Johan Marais, wat kyk na hulle godsdiens, waardes en verhoudinge. ‘n Paar teologiese studente, Moses Banda, Paul Ntshumayelo en Josepli Taiwe, werk saam en help om die gesinne te besoek.

Met die navorsing het die onsigbare sy van al die probleme, ‘n hele nuwe wêreld, vir ons begin oopgaan. Die swart lede van die span het ons begin leer om die regte vrae te vra.

Ds. Lehasa Mokoena vra vir die mense: Voel die voorvaders tuis in hierdie moderne huise? En skielik begin ek vermoed waarom die mense in Venda soveel geld bestee aan hul grasdakke: “Mense kan die voorvaders nie in hierdie modeme huise aanbid nie, maar hulle het ‘n spesiale plek waar hulle aanbid,” sê een. ‘n Ander sê: “‘n Mens kan ‘n moderne huis bou, maar jy moet seker maak dat jy ‘n hut of ‘n kamer het, sonder sement, met ‘n grasdak, sodat iemand wat siek is, daar kan bly. Daar kan hy of sy maklik met die voorvaders praat.”

Ons gesels met ‘n ou evangelis van ons kerk, mnr. R. Mongwe, in sy sitkamer. Hy het ‘n kleinerige huis van sementstene, ‘n laerige sinkdak sonder plafon, met ‘n sementvloer. Die lae ringmuur buite en die lapa is gesmeer met beesmis. Dit lyk soos die meeste ander huise in die woonbuurt in Lebowa. Orals is mense besig om te bou. “Die mense woon nie lekker in hulle nuwe huise nie,” sê die oubaas. “Hulle bou dit net vir hulle kinders. Kyk daar oorkant die straat. Daardie groot nuwe huis behoort aan daardie ou man wat daar teen die muur sit. Maar hy woon nie in sy huis nie. Hy woon in ‘n grasdakhut agter sy huis. Die huis word net oor naweke gebruik. Dan kom hou sy kinders partytjie daarin. Hulle dans en drink die hele nag deur.”

“Waarom woon die mense nie lekker in die huise nie? Is die sinkdakke te warm?” Ons weet so ‘n sinkdakkamer sonder plafon is in die somer ‘n bakoond.

“Nee, dit is die sementvloere. Hulle ruik nie lekker nie. En hulle is hard en koud. ‘n Mens kan nie daarop lewe nie. Daarom sien jy elke keer as die beeste hier verbygejaag word, dan hardloop die mense om eerste te wees om die mis op te tel. Dan smeer hulle die stoep voor die huis. Daar lewe die mense die hele dag. Hulle lewe nie binne-in die huis nie, maar buite op die stoep, op die misvloer.”

“Kan ‘n mens nie ‘n tapyt of ‘n mat oor die vloer gooi nie?”

“Wat sal dit help? ‘n Mens moet naby die grond wees. Jy moet elke dag aan die grond vat. Die wit mense wat bo in die woonstelle woon, vat ‘n pot met grond, en plant iets daarin. Dan kan hulle elke dag ‘n bietjie grond sien, en daaraan vat. ‘n Mat verwyder jou nog verder van die grond af.”

“Is die grond vir die jong mense ook so belangrik?”

“Hulle sien die blankes bou hoë geboue. Hulle sien die blankes was altyd die grond van hulle hande en hulle lywe af. Dan wil die jong mense ook so wees. Hulle koop duur skoene, en hulle vryf altyd die skoene blink. Hulle wil wys dat hulle nie meer naby die aarde leef nie. Hulle wil in die nuwe huise partytjies hou, en in die hoë geboue woon en vliegtuie ry. Maar as hulle ouer word, dan kom daardie verlange na die aarde weer terug. Met die ouderdom kom die wysheid. Hulle leer al meer dat ‘n mens nie gelukkig kan wees as jy weg van die aarde probeer leef nie.”

Waarom is die aanlaking met die aarde in Afrika so belangrik? Die verlange na eenheid met die Moeder, die Aarde is een van die opvallendste kenmerke van die moderne Afrika-letterkunde. En begin besef ‘n ekologiebewuste Weste die diepe behoefte nie oplaas self nie?

Swart teoloë wys op die feit dat die voorvaders in die aarde begrawe lê, en dat ‘n mens dus deur die aarde intiem aan sy voorvaders verbind word. Daarsonder het ‘n mens geen wortels en geen identiteit nie.

Die beeskraal is die middelpunt van die tradisionele Noord-Sothowêreld, want dit is waar die voorvaders begrawe lê. Dit gee beesmis betekenis, en die bees is “die god met die nat neus”.

En waarin lê die weerstand teen stowe, selfs kleistowe en sonstowe, waarmee arm huishoudings soveel van die baie geld sou kon bespaar wat hulle aan brandhout bestee? Mense sal selfs ‘n duur stoof koop, die brandhout daarin bêre, en nog op die grond vuurmaak. Iets sal ons moet probeer peil van die rol wat die oop vuur, die lewende vlam, in die tradisionele kultuur speel.

So begin dit duidelik word: die huis en die lewenspatroon daar rondom het godsdienstige betekenis.

Die Christene is eensame mense, sê iemand in Zoeloeland vir Axel-Ivar Berglund. Hulle sit groot vensters in hul huise, en die lig jaag al die voorvadergeeste uit hul huise uit (1976:102).

As die predikant met sy Christelike boodskap en die argitek wat die huis ontwerp en die ingenieur wat met ‘n nuwe soort stoof kom, elkeen op sy eie werk, dan kan ons die arm gesin nie help nie. In die werklike lewe is dit die kombinasie van dissiplines wat belangrik is. Ons Westerlinge, spesialiste uit ons aard, het dinge uitmekaargemaak en die begrip vir hierdie geheel verloor.

By ‘n ringskonferensie sing die jong mense ‘n liedjie tagtig, honderd, honderd en vyftig maal oor, terwyl hulle ritmies dans en handeklap in ‘n saaltjie met lanterns:

> Ke koloi ya Elia
>
> Ge e duma, e a sepela

Wat beteken dit?

> Dit is die wa van Elia
>
> As by dreun, dan loop hy

Is dit non die ou wa van vuur van Elia, met die vurige perde? Of is dit die moderne vuurwa waarvan die jong mense sing? Dit is al twee, of liewer: die twee is een. Die tegnologie en die godsdiens het nie ‘n óf-óf-verhouding nie.

Die mag van die tegnologie is ook dieselfde mag wat die towenaar gebruik. Albei is natuurlik; of, as jy wil, albei is bonatuurlik. En daarom moet die ingenieur, as hy iets wil ontwerp wat die armste mense as nuttig sal ervaar, begryp hoe hulle sy ontwerpe interpreteer en ervaar. Dieselfde geld vir die mediese dokter. Ons het vir die studente gesê: vind bietjie uit watter siektes het hierdie arm gesinne. Ons was almal verbaas oor die resultaat. Daar was baie siektes wat geen mediese dokter kon herken nie. Mense het gekla van “sesipidi”. Dit is ‘n siekte wat baie verskyningsvorme het. ‘n Mens kan sere op jou liggaam kry. Of jy het ‘n ding soos ‘n tennisbal, wat in jou liggaam rondbeweeg. Dit kan op jou been uitkom. As jy dit behandel, beweeg dit weg, en kom dalk op jou gesig uit. ‘n Mens kan die siekte van jou ouers erf of deur toordery opdoen.

‘n Ander siekte is “sejeso”. Dit is ‘n mensgemaakte siekte. Jaloerse mense sit gif (“African herbs”) in jou kos, en as dit in jou maag kom, word dit lewendig. “It can be meat with roots, or any kind of a thing, such as beetles or reptiles.” Die goed loop rond in jou lyf; soms kom sit hulle hier in jou keel.

Ander het gekla van “maoto”, pyne in die voete. Dit word veroorsaak deur toormedisyne wat begrawe word op ‘n plek waar jy dikwels loop. Die hospitaal, terloops, speel ‘n baie klein rol in verhale oor siekte. Die plaaslike hospitaal het die naam gekry: “Re buile feela” (“Ons kom met leë hande terug”), want as ‘n vrou daar gaan geboorte skenk, sê hulle, sterf die baba. Daarom is hulle bang en kraam liewers tuis.

Jan Hugo het die mese onder soek, maar het fisiek, medies, niks verkeerd gekry nie. Hulle wou pille of medisyne hê, maar hy wou tot ‘n gemeenskaplike interpretasie van die siekte kom. Hulle sê: dis veroorsaak deur towery, deur my jaloerse man of my jaloerse bure. Hy sê: dit is julle slegte verhouding met jul man of jul bure wat die probleem is. Maak jou menseverhoudinge reg, dan sal daardie pyne verdwyn. Ons navorsing sal nog moet uitwys of die gewaande gemeenskaplike grond ‘n oplossing is, of gespanne verhoudinge die oorsaak is, of versoening die genesing van hierdie nie mediese pyne sal bring. As die mediese dokter, op die hoogste vlak van die mediese wetenskap, en een van hierdie armste vrouens in die tuisland wel kan saamstem oor die oorsaak en die oplossing van pyne, dan is dit ‘n bruggie soos ‘n spinnerak draadjie. Daardeur kan ‘n mens begin om die mediese kennis vir haar nuttig, operasioneel, verbruikersvriendelik te maak.

Die ou antwoord, dat so ‘n vrou geleer moet word dat haar vrese ongegrond is, het nie gewerk nie.

‘n Instinktiewe wantroue teen dinge wat die blankes voetstoots as vooruitgang in Afrika wil inbring, spreek uit ‘n ontmoeting met ‘n ander ou vrou in haar plakkershuis van sink en karton. Sy sê sy wil nie ‘n televisiestel hê nie, selfs al sou sy die geld of die elektrisiteit daarvoor gehad het: die “badimo” (voorvadergeeste) hou nie van TV nie. Dit is waarom daar deesdae so baie mense, sy self ook, is wat ly aan “maoto”, waarom so baie mense jonk sterf. Die feit dat ons swart mense hierdie wêreld vir die blankes gegee het, is ‘n probleem, sê sy. Ons geheime gewoontes word verwaarloos. Die onrus en gevegte in

die land is die openbaring van die stryd tussen God en die “badimo”. Die toordokters moet God en die “badimo” met mekaar versoen, dan sal daar vrede kom.

Die ou mens het haar plakkershuis onder ‘n groot skaduboom opgerig. Eendag toe mnr. Banda daar kom, is die boom afgekap. Sy sê sy het die boom se skadu geniet, maar die boom het die wind laat waai en sy was bang haar huis sou “wegvlieg”.

Maar daar is meer: daar is ‘n groot slang, Mmamogashoa, wat soms in daardie boom gebly het. Die slang vlieg hoog in die lug en trek van een plek na die ander. Sy was bang die slang sou haar huis wegblaas. Die slang se ware tuiste is ver, in ‘n see of ‘n meer. “Dit is die blankes wat die slang kwaad gemaak het deur sy kinders in slangparke te sit. As hy so deur die lug vlieg, dan lyk die sinkdakke soos water, en hy wil daarin gaan land. As hy kom om te land, veroorsaak hy ‘n vreeslike, gevaarlike wind. Dan blaas hy die dakke af.”

Op my rak is boeke oor die Oosterse mitologie, fantastiese verhale uit die voortyd. In ons huis het dit nog ‘n naklank in die sprokies oor drake en hekse waarna ons kinders luister, en soms in ons drome. Maar hier oorkant die grootpad in ‘n plakkers huisie lewe ‘n oervrees so sterk dat ‘n arm vrou haar enigste skaduwee afkap, dat sy die pyne van sewe slangbyte in haar bene ervaar.

Êrens het hierdie ou moeder ‘n besef dat die nuwerwetse dinge rampspoedig kan wees vir die leefwyse waaraan sy en haar voorsate gewoond was. Maar ai, daardie mooi boom wat sy afgekap het!

In die Ou Testament lees ons ook van die ontmoeting tussen die geloof in God en die geloof in die gode. Mense was ook doodsbang vir die groot slang Leviatan wat in die see woon. Maar die geloof in die God wat in liefde regeer, het die vrees uitgedryf. In die mooi natuurpsalm, Psalm 104, staan daar dat die Here die Leviatan gemaak het om mee te speel. Die wêreld is vir dié wat in die God van die Bybel glo nie meer so angsaanjaend nie. Dit is ‘n bevryding – nie net vir menseverhoudinge nie, maar ook vir die ekologie.

Dit is natuurlik so dat ons Westerlinge die wêreld vreeslik kom omkrap het. Ons sal onsself ernstig moet ondersoek: ons roekelose verbruik van natuurbronne; ons weelderige lewenswyse op ‘n arm, sterwende vasteland; ons najaag van geld en plesier, sonder dat ons eens belang stel in die massiewe ineenstorting van menslike lewe rondom ons, die menslike lyding waartoe ons self bygedra het. Selfs met die goeie wat ons probeer doen, en sekerlik ook gedoen het, soos ons onderwys, ons mediese dienste, selfs ons manier van sendingwerk, het ons nie altyd ‘n positiewe bydrae gelewer nie. Aan mense wat maar net aanhou lewe soos ons lewe, is daar geen behoefte in Afrika nie.

Baie dinge van ons beskawing wat ons as vanselfsprekend aanvaar, sal anders lyk as ons toelaat dat die lig van ‘n gans ander lewensiening daarop val.

Dit beteken nie ‘n terugkeer na ‘n voortegnologiese “natuur”-staat, na Afrika se tradisionele patrone met al die vrees en lyding wat daaraan verbonde is nie. Ons kan nie

alles wat ons Westerlinge op hierdie vasteland gedoen het, sommer ongedaan wil maak nie. Die horlosie kan nie teruggedraai word nie. Maar ons Westerlinge kan ook nie voortgaan om te dink dat ander sonder meer ons voorbeeld moet volg nie. Ons het te veel probleme van ons eie: stres, besoedeling, vreeslike wapens, die uitputting van natuurbronne. Die aarde kan dit nie dra dat alle mense so aangaan soos ons nie.

As wit en swart, arm en ryk begryp waar elkeen op eie werf moet verander, wat dit in onsself is wat ons moet afsterf – kruisig – dan bring ons ontmoeting aan die suidpunt van hierdie sterwende vasteland weer vir ons nuwe moontlikhede. Miskien selfs vir meer as ons, swart én wit.

Bronnelys

Berglund, Axel-Ivar. 1976. *Zulu thought-patterns and symbolism*. Cape Town: David Philip. Dié Sweedse sendeling se boek verdien meer aandag. Dit maak die ander wêreld wat so naby ons is, maar wat ons so swak ken, vir ons toeganklik.

Buti, S.P.E. 1982. Black experience and the struggle for liberation in the relationship between the Dutch Reformed Church and the black Dutch Reformed Church. M.Th. thesis, Princeton University, USA.

Butler, F.G. 1964. The Republic and the arts. *Lecture 7: The Republic in a changing world*. Johannesburg: Witwatersrand University Press. Lecture delivered 17 October 1962.

De Villiers, Elizabeth. 1990. *Walking the tightrope: recollections of a schoolteacher in Soweto*. Johannesburg: Jonathan Bali. In hoofstuk 10 word hierna verwys.

Hofmeyr, M., Kritzinger, K. & Saayman, W. (reds.) 1990. *Wit Afrikane?* ‘n Gesprek met Nico Smith. Bramley: Taurus.

Joubert, Elsa. 1988. *Missionaris*. Kaapstad: Tafelberg. ‘n Roman, ‘n verhaal van ‘n klein man se paar reusetreë in Afrika (sien hoofstuk 10).

Kinghorn, J., Lategan, B. & Van der Merwe, S. (eds.) 1989. Into *Africa: Afrikaners in Africa reflect on “coming home”*. University of Stellenbosch: Centre for Contextual Hermeneutics in Southern Africa.

Le Roux, A.B. 1927. Die Stofberg-Gedenkskool: Sy ideale en sy werk. Vereeniging: Stotberg-Gedenkskool.

Louw, N.P. van Wyk. 1986a. *Versamelde Prosa 1*. Kaapstad: Tafelberg.

Louw, N.P. van Wyk. 1986b. *Versamelde Prosa 2*. Kaapstad: Human & Rousseau.

Malan, Rian. 1990. *My traitor's heart*. London: The Bodley Head. Dit staan in die tradisie van reisbeskrywings as 'n soektog, en is meer "betrokke" as party ander. Dit word in hoofstuk 10 bespreek.

Mphahlele, Es'kia. 1972. *Voices in the whirlwind*. London: Macmillan.

McGuire, W. & Hull, R.E. (eds.) 1978. *C.G. Jung speaking: intervies and encounters*. London: Thames & Hudson.

Ruch, E.A. & Anyanwu, K.C. 1984. *African philosophy*. Rome: Catholic Book Agency.

Soyinka, Wole. 1976. *Myth, literature and the African world*. Cambridge University Press.

Van der Hooft, George. 1979. *De Malopodans*. Rotterdam: Rodopi. Hierdie merkwaardige rite van die Noord-Sotho word beskryf deur 'n Hollandse psigiater ná hy by die mense op die platteland betrokke geraak het. Die boek is ongelukkig uit druk; 'n Engelse vertaling sou nou veel waarde hê. Dit word in hoofstuk 9 bespreek.

Van der Post, Laurens. 1978. *Jung and the story of our times*. Harmondsworth, Middlesex: Penguin Books.

Van Niekerk, A.S. 1982. *Dominee, are you listening to the drums?* Cape Town: Tafelberg. My doktorale proefskrif het oor die stedelike swart digters van die jare sewentig gehandel. 'n Verwerkte uitgawe is deur Tafelberg gepubliseer. Dit is die stedelike swart skrywers wat my oë daarvoor oopgemaak het dat swart verset nie net teen die onreg is wat deur blankes gepleeg is nie, maar teen die Westerse wêreld self: daardie verskriklik aantreklike manier van lewe, wat so hardvogtig en veeleisend kan wees.

Van Peursen, C.A. 1970. *Cultuur in stroomversnelling: Strategie van de Cultuur*. Amsterdam: Elsevier. 'n Vertaling van dié boek het onlangs in Rooi China verskyn, en met goeie rede: vir elke land wat ingrypende veranderinge beleef, kan dit van groot hulp wees. Prof. dr. Van Peursen se ontleding van drie verskillende fases in die ontwikkeling van die hedendaagse kultuur is van groot waarde vir ons in Suid-Afrika, waar al drie fases met mekaar moet saambestaan. Sy idees, byvoorbeeld van 'n kultuurstrategie, van denkpatrone en reëlsisteme, van die snellermeganisme, van interaksie en die blinde kol, is almal van direkte praktiese betekenis vir elkeen wat 'n bietjie oorbluf rondsoek na 'n manier om sinvol op al die verwarring rondom ons te reageer.

Van Wyk, A. 1953. Stellings oor selfstandige kerke binne die NG Kerkverband. *Op die horison* (Desember):31-35.

Leeslys

I. AFRIKA: WETENSKAPLIKE BESKRYWINGS

Brandel-Syrier, Mia. 1971. *Reeftown elite : social mobility in a black African community on the Johannesberg (sic) Reef*. New York: Africana Publishing Corporation.

Brandel-Syrier, Mia. 1979. *Coming through: the searchfor a new cultural identity*. Johannesburg: McGraw-Hill. Dié Hollander, 'n sosioloog, het met die swart elite aan die Rand vriende gemaak. Sy is nugter en liefdevol. Ek lees gereeld die slotwoord van *Coming through* weer 'n slag deur: dit is besonder goed.

Bührmann, M.V. 1984. *Living in two worlds: communication between a white healer and her black counterparts*. Cape Town: Human & Rousseau. Sy het as wit geneser met die tradisionele swart genesers gekommunikeer; hulle dóén die dinge waaroor die Westerlinge, veral in die dieptesielkundige skool, práát. Darem 'n Afrikaanse psigiater op ons lysie!

Daneel, M.L. 1970. *The God of the Matopo hills: an essay on the Mwari Cult in Rhodesia*. Den Haag: Mouton.

Daneel, M.L. 1971. *Old and new in Southern Shona independent churches*, vol. I. Den Haag: Mouton.

Daneel, M.L. 1987. *Question for belonging*. Gweru: Mambo Press. Inus Daneel het baie om te sê, want hy ken die onafhanklike kerke in Afrika (sien ook die bespreking van sy projekte in hoofstuk 11).

Pauw, B.A. 1975. *Christianity and Xhosa tradition: belief and ritual among Xhosa-speaking Christians*. Cape Town: Oxford University Press. 'n Klassieke werk - dié Afrikaner se persoonlike betrokkenheid is 'n bietjie op die agtergrond, maar daarsonder sou sy insigte onmoontlik gewees het. Hy was immers nie net antropoloog nie, maar ook sendeling.

Tayfor, J. V. 1963. *The primal vision: Christian presence amid African religion*. London: SCM Piess. Taylor, 'n Engelse sendeling, het in Uganda en die destydse Noord-Rhodesië deur deelname en fyn waarneming merk waardigeinsigte verkry. Hy beskryf die "scattered self", die "binne" van die Westerse mens se gemoed (drome, gewete, skuld) wat in Afrika "buite" is, en die "unbroken circle". Dit is insigte wat 'n mens nog steeds help om baie dinge wat gebeur, te begryp.

Timberlake, Lloyd. 1985. *Africa in crisis*. London: Earthscan. Afrika word "objektief" beskryf: die klimaat, die mense, die getalle, die syfers, alles kan bymekaargemaak word. Saam spel dit 'n ekonomiese en ekologiese krisis.

2. AFRIKA: REIS- EN ANDER BESKRYWINGS

Boeke wat Afrika as 'n vreemde, eksotiese wêreld beskryf, verskyn reeds jare lank.

Cloete, Stuart. 1956. *The African giant: the story of a journey*. London: Collins. Die eerste druk het in 1956 verskyn; in Maart 1958 beleef dit sy vierde druk. Cloete sê: "I had not sought horrors. They had been thrust upon me" (1956:208). Byvoorbeeld: Êrens in Nigerië was (is?) daar die tradisie dat die opvolger van 'n kaptein sekere dele van die kaptein se liggaam moet eet. 'n Sekere persoon (A) het die oorlede kaptein opgevolg, en die voorgeskrewe rites uitgevoer. Daarna blyk dit dat 'n ander man (B) meer aanspraak op die troon het as hy. A vrees nou vir sy lewe, want, logies genoeg, kan B slegs die troon bestyg nadat hy die voorgeskrewe dele van A se liggaam geëet het. By geleentheid is blanke amptenare na 'n kaptein se begrafnis genooi. "They had come a little early, only to find the coffin unscrewed and the African guests engaged in eating the corpse. Very tactfully they withdrew" (1956:208).

Joubert, Elsa. 1978. *Die swerfjare van Poppie Nongena*. Kaapstad: Tafelberg. Dit is 'n reisverhaal van 'n ander aard, van 'n swart vrou se omswerwinge in 'n apartheidsland.

Lamb, David. 1982. *The Africans*. London: The Bodley Head. Lamb se waarnemings, wat ná vier jaar in Afrika geskryf is, is lewenswaardig en baie ontstellend. Sonder twyfel bevestig die boek sy aanspraak: "Africa is a continent of surprises; nothing is ever quite as it seems and nothing ever happens quite as it is supposed to."

Naipaul, Shiva. 1979. *North of south: an African journey*. London: Penguin Books.

Naipaul, Shiva. 1983. *A hot country*. London: Abacus, Sphere Books.

Naipaul, Shiva. 1985. *Black and white*. London: Abacus, Sphere Books.

Naipaul, V.S. 1980. *The return of Eva Perón*. Harmondsworth, Middlesex: Penguin Books.

Naipaul, V.S. 1985. *Finding the centre*. Harmondsworth, Middlesex: Penguin Books. Die Naipaul-broers (Shiva is onlangs oorlede) skryf in Engeland. Hulle familie kom oorspronklik van Indië en hulle het in Trinidad grootgeword. Min mense het so 'n diepe en pynlike wanhoop vir Afrika, wat op sulke intieme ervaring gegrond is. Die term "African nihilism" is van V.S. Naipaul. Hulle weiering om dit wat hulle gesien het, te probeer wegpraat, is van besondere waarde: uiteindelik is dit 'n groter barmhartigheid as om daardie probleme te ignoreer, sodat dit al groter en erger word. Shiva gee moontlik die sterkste formulering van wanhoop oor die toekoms van die swart mense, ook in die Amerikas. Dit is moeilik om meer sinies te raak as dit. Maar dit is omdat hy omgee - dit sou makliker gewees het om maar vryblywend positief te wees.

Van Niekerk, A.S. 1987. Afrika-nihilisme. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 27 (no. 1, Maart): 1-16. Dit is 'n poging om die wanhoop, soos beskryf deur die Naipaul-broers, teologies (en emosioneel) te verwerk.

3. SWART SKRYWERS

3.1 SWART STEDELIKE DIGTERS VAN DIE JARE SEWENTIG

dikobe wa mogale. 1984. *Baptism of fire*. Johannesburg: Ad. Donker. Laat vruggies van die gedigte van die jare sewentig.

Gwala, Mafika Pascal. 1977. *Jol'iinkomo*. Johannesburg: Ad. Donker.

Mtshali, Oswald. 1971. *Sounds of a cowhide drum*. Johannesburg: Renoster Books. Die agtste druk het in April 1972 verskyn.

Sepamla, Sipho Sydney. 1975. *Hurry up to it!* Johannesburg: Ad. Donker.

Sepamla, Sipho Sydney. 1976. *The blues is you in me*. Johannesburg: Ad. Donker.

Sepamla, Sipho Sydney. 1983. *Children of the earth*. Johannesburg: Ad. Donker.

Serote, Mongane Wally. 1972. *Yakhal' imkomo*. Johannesburg: Renoster Books.

Serote, Mongane Wally. 1974. *Tsetlo*. Johannesburg: Ad. Donker.

Serote, Mongane Wally. 1975. *No baby must weep*. Johannesburg: Ad. Donker.

Serote, Mongane Wally. 1978. *Behold Mama, flowers*. Johannesburg: Ad. Donker.

3.2 BESPREKINGS OOR DIE MODERNE AFRIKA: LETTERKUNDE

Die moderne Afrika-letterkunde bied 'n uitstekende geleentheid tot begrip van die Afrika-wêreld: die harde, dikwels kru taal; die desperate lyding en die wreedheid; die desintegrasie van menslike verhoudinge en waardigheid; die vermorsing van lewe; die protes teen die Westerse wêreld. Maar ook die direkte en lewende simboliek en argetipes; die humor en lewensblyheid; en 'n rykdom aan simboliek wat van Nigerië en Ghana tot Kenia, Natal en Alexandra dikwels dieselfde is.

Awoonor, Kofi. 1976. *The breast of the earth*. New York: Anchor Books.

Bengu, S.M.E. 1976. *Chasing gods not our own*. Pietermaritzburg: Shuter & Shooter.

Cartey, Wilfred. 1969. *Whispers from a continent: the literature of contemporary black Africa*. London: Heinemann.

Ngugi wa Thiong'o. 1972. *Homecoming: essays on African and Caribbean literature, culture and politics*. London: Heinemann.

4. SWART TEOLOGIE

In die laat jare tagtig is dit swart teologie wat vir 'n nuwe ontwikkeling gesorg het. Swart teologie was altyd 'n bevrydingsteologie, en was gemik teen die onreg wat die wit wêreld aan die swart gemeenskap gedoen het. Afrika-teologie, daarenteen, wou die "black experience", die Afrika-ervaring van die lewe, teologies verwerk - "whether the

white man is present or not". Maar nou word die twee saamgegooi: bevryding word nou bevryding van wit onreg én die wit kultuur, selfs van die wit godsdiens. (Mense sê selfs: Moses en Jesus het in Egipte, in Afrika, grootgeword. Hulle het hul godsdiens in Afrika geleer. Die Bybel kom uit Afrika, en die blankes het dit verdraai en vir ons kom preek. Christus gee die swart man se kultuur en sy godsdiens weer aan hom terug, saam met sy land.)

Dwane, Sigqibo. 1989. *Issues in the South African theological debate*. Braamfontein: Skotaville.

Journal of black theology in South Africa is 'n betreklik nuwe tydskrif met dr. Takatso A. Mofokeng as redakteur, en prof. Simon S. Maimela as mederedakteur. Albei is van Unisa.

Maimela, Simon S. 1987. *Proclaim freedom to my people*. Braamfontein: Skotaville.

Masala, Itumeleng J. & Tlhagale, Buti. 1986. *The unquestionable right to be free*. Braamfontein: Skotaville.

'n Strewe na 'n omvattende Afrika-identiteit en -teologie, wat die strominge in Suid-Afrika, Afrika self en swart Amerika met mekaar versoen, word in die volgende boeke sigbaar:

Hopkins, Dwight N. 1989. *Black theology: USA and South Africa*. Maryknoll: Orbis Books.

Maimela, Simon S. & Hopkins, Dwight Hopkins (eds). 1989. *We are one voice: black theology in the USA and South Africa*. Braamfontein: Skotaville.

Weatherby, W.J. 1989. *James Baldwin: artist onfire*. New York: Laurel, Dell Publishing. Die swart Amerikaner James Baldwin het die ervaring van swart mense in die VSA in talle boeke geïnterpreteer; in hierdie biografie word beskryf hoe Baldwin self toenemend sy geesdrif vir die burgerregtebeweging, en die droom dat swartes in die wit wêreld aanvaar sou word, verloor het; in die jare tagtig praat hy van die Westerse wêreld asof hy nie deel daarvan is nie, asof hy eintlik deel is van 'n internasionale swart identiteit (1989:393).

Young, Josiah U. 1986. Black and African theologies: siblings or distant cousins? Maryknoll: Orbis Books.

5. DIE WÊRELD VAN DIE ONDERBEWUSSYN

"Onder" die empiriese, rasionele wêreld is daar 'n hele wêreld van mites, simbole, argetipes- 'n wonderlike droomwêreld wat geweldige krag het. Dit is dinge wat nie met die sogenaamde linker brein begryp word nie, maar met die regterbrein: ons intuïsie,

ons aanvoeling, ons emosies. Vir ons in Afrika is dit van buitengewone belang. Gidse tot hierdie irrasionele doolhof is onder meer:

Eliade, Mircea. 1958. *Patterns in comparative religion*. London: Sheed and Ward.

Eliade, Mircea. 1975. *Myths, dreams and mysteries*. New York Harper & Row.

Jung, C.G. 1972. *The collected works*. London: Routledge & Kegan Paul.

Jung, C.G. 1972. *Four archetypes*. London: Routledge & Kegan Paul.

Jung, C.G. 1977. *Memories, dreams, reflections*. Glasgow: Collins, Fountain Books.

Van der Post, Laurens. 1978. *Jung and the story of our times*. Harmondsworth, Middlesex: Penguin Books.

6. TEOLOGIE

Daar is mense wat glo dat die Christelike geloof nie groter is as die kollektiewe onderbewussyn nie. “God” is dan net ‘n besonder kragtige simbool of argetipe in die kollektiewe menslike gees.

Met alle respek vir die menslike intellek, en vir die groot wêreld van die mites en die onderbewussyn, sal die gelowige steeds volhou: daar is ‘n wêreld wat nog onmeetbaar groter is, die wêreld van God. Dit is ‘n bietjie arrogant van die mens om te dink dat sy gees – selfs sy kollektiewe gees – groter as God is. As daar iets in die mens is wat wonderlik is – sy liggaam, sy verstand, sy verbeelding – dan is dit so omdat God dit so gemaak het. Dus moet ons die Bybel en die teologie ook lees - selfs teoloë se pogings om hulle wêreld te interpreteer.

Verskeie Nederlanders het al oor Europa as teologiese begrip geskryf.

Berkhof, H. 1958. *Christus de zin der geschiedenis*. Nijkerk, Callenbach.

Berkhof, H. 1973. *Christelijk geloof*: 530-533. Nijkerk: Callenbach.

Van Leeuwen, A. Th. 1964. *Christianity in world history*. London: Edinburgh House Press.

Van Niftrik G.C. 1966. *De vooruitgang der mensheid*. Nijkerk: Callenbach. Dit is altyd weer die lees werd.

Hierdie teoloë sien Europa grotendeels as ‘n vrug van die Christelike geloof. Daar is egter anderdenkers wat die moderne Weste eerder sien as die resultaat van Europa se verwerping van die Christelike geloof.

De Graaff, dr. F. 1970. *Als goden sterven*. Rotterdam: Lemniscaat.

De Graaft, dr. F. S. a. *Anno Domini 1000 Anno Domini 2000*. Kampen : Kok.

Dié boeke oor die Westerse kultuur is nie die gewone rasionele teologie nie: dit is baie intellektueel én baie intuïtief.

Goudzwaard, B. 1978. *Kapitalisme en vooruitgang*. Assen: Van Gorcum. Hy analiseer die rol van die nierasionele in die ontwikkeling van die hedendaagse Westerse maatskappy, en probeer weë soek uit vasgelope situasies. Ook vir hom is die Westerse kultuur ‘n afwyking van die Christelike geloof.

Krolznik, Udo. 1979. *Umweltkrise: Folge des Christentums?* Stuttgart: Kreuz Verlag. Dié boek en die een hieronder gee ‘n boeiende interpretasie van die ontwikkeling van die wetenskap en tegniek wég van die Christelike geloof.

Müller-Schwefe, Hans-Rudolf. 1971. *Technik und Glaube*. Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht.

Van den Berg, J.H. 1969. *Metabletica van de materie*. Nijkerk: Callenbach.

Van den Berg, J.H. 1977. *Gedane Zaken*. Nijkerk: Callenbagh. Dié twee boeke deur prof. Van den Berg, sowel as verskeie ander uit sy pen, is verpligte leesstof vir almal wat die Weste beter wil begryp. Hy kom ook tot die gevolgtrekking dat die moderne Weste vir God uitgeban het.